## HOOFSTUK 6

## 6 Dieperliggende agtergrondsfaktore

### 6.1 Sosio-kultureel

#### 6.1.1 „Change"

Die begrip „change" neem 'n belangrike plek in in die na-oorlogse samelewing, en in die denkwêreld van die aktivistiese student het dit ook geen geringe rol gespeel nie. As ons dus verder ondersoek wil instel na die dieperliggende faktore wat meegewerk het om die kli= maat van die revolusie voor te berei, moet aan hierdie aspek ook aandag gegee word. Dit geld die samelewing in sy breë verband. Dit geld die kultuur, die ekonomie, die politiek, die godsdiens en selfs die huislike lewe.

Die post-moderne jeug is gedurende hulle hele lewe, d.w.s. vanaf hulle geboorte tot vandag, in steeds toenemende mate gekonfronteer met hierdie faktor van verandering en dit moes onwillekeurig ruk aan die pilare van hulle persoonlikheid en veral aan eienskappe soos sta= biliteit en sekuriteit. Die vraag moes in menige gemoed ontstaan het of dit nog sinvol is om belangstelling te toon in die toekoms; alles gaan tog verander. Daar moet dus net vir die oomblik geleef word.

Michael Rossman, wat in 1964 te Berkeley reeds aktief aan die stu= denteproteste deelgeneem het, maak die volgende onthullende uitspraak: „Change is the name of our age and our culture. In creating man=

kind's first technological society, whose intellect and economy are committed to selfaccelerating technological change, we have blindly harnessed ourselves to powerful engines of transformation. For each new technology - the automobile/freeway, TV, the Bomb, LSD - has the most profound and widespread social consequences, and gener= ates new institutions and psychocultural climates. Whirl is indeed king; and we are rapidly entering the age when in (Kenneth) Keniston's words, 'little can be counted on to endure from generation to genera= tion ... all technologies, all institutions, all values, and even all types of personality are exposed to early obsolescence''.[1] In sy jongste werk „Youth and dissent" wat in Oktober 1971 verskyn het, publiseer Keniston 'n artikel onder die opskrif „The speed-up of change" wat reeds in 1961 geskryf is. Hoewel hy die artikel na by= na tien jaar beskou as fragmentaries en onvolledig sê hy tog daarvan: „But it points to what I consider one of the most important and psyco= logically disruptive characteristics of the modern world."[2]

Om die inhoud van die begrip en die omvang van die saak wat met „change" gekwalifiseer word, enigsins bevredigend te beskryf en binne die raamwerk van enkele bladsye te interpreteer, is 'n onbegonne taak. Daarom sal met enkele riglyne volstaan word.

1) Rossman, Michael. The two faces of youth. Saturday Review, August, 17, 1968. (Aangehaal deur Jondahl, H. Lynn, op. cit., p. 19.)

2) Keniston. Youth and dissent, p. 57.

Die eerste saak wat beklemtoning verdien, is dat die jeug van vandag opgegroei het in 'n vertegniseerde wêreld.

As W. Banning 'n voorlopige kort karakteristiek gee van die moder= ne maatskappy, noem hy dit 'n industrialistiese massamaatskappy in dinamiese ontwikkeling.[3] Hy ontleed dit later as 'n maatskappy waarin die arbeid beheers word deur die tegniek en die onderliggende wetenskappe: wiskunde, natuur- en skeikunde en biologie. Dit is die tydperk van atoomenergie. Karl Mannheim het reeds in 1935 op die tendens gewys dat die vooruitgang van die tegniese natuurbe= heersing die ontwikkeling van die morele kragte ver vooruit is en hy voorspel dan dat ons maatskappy ineen sal moet stort as die rasio= nele mens- en selfbeheersing nie meer met die tegniese ontwikkeling tred hou nie.[4] Met verbysterende snelheid het die proses van ver= tegnisering hom na die Tweede Wêreldoorlog oor die hele wêreld voortgesit. Selfs Asië en Afrika is aangegryp deur die ontplooiing van die tegniese beskawing. Soms was hierdie ontplooiing eksplosief van aard en dan het dit oral sosiale probleme geskep wat in inge=

3) Banning, W. Maatschappij, Kerk en Evangelie. Arnhem, 1957, p. 7; Over de ontmoeting van theologie en sociologie. Amsterdam, 1946, p. 5.

4) Mannheim, Karl. Mensch und Gesellschaft im Zeitalter des Umbaus. Leiden, 1935, pp. 15, 16.

wikkeldheid gelyk is aan die van die Westerse wêreld.[5)]

Onder tegnisisme verstaan ons die verabsolutering van die tegniek of om saam met Banning te spreek: die geloof in die mag van die teg= niek om siekte, armoede, onreg en sonde uit die wêreld te ban en die mensheid geluk te verseker.[6)]

Die uitwerking van die vertegnisering van die lewe was dat die mens wat daarvan prooi geword het, gereduseer is tot instrument. Dit het depersonalisering in die hand gewerk en 'n mensetipe laat ontstaan

5) Cf. insake die meganisering en vertegnisering van die moderne maatskappy: Wendland, Heinz-Dietrich. Die Kirche in der modernen Gesellschaft. Hamburg, 1955, p. 29; Oldham, J.H. Technics and civilization, The church and the disorder of society, An ecumenical study prepared under the auspices of the World Council of Churches. London, 1948, pp. 29 - 49; Jaspers, Karl. Vom Ursprung und Ziel der Geschichte. München, 1949, pp. 127 - 161; Ellul, Jacques. The technological society. New York, Vintage Books, Random House, 1964.

6) Op. cit., pp. 150, 151; Cf. ook Brinbaum, Norman. Säkulari= sation. Monatschrift für Pastoraltheologie, 1959, p. 83, wat na 'n breedvoerige ondersoek insake die proses van sekularisasie tot dié gevolgtrekking kom: „Die Fortschreitende technische Beherr= schung der materiellen und menschlichen Faktoren der Umwelt... scheinen die religiöse Empfänglichkeit der in dieser Gesellschaft Lebenden abgestumpft oder gar vernichtet zu haben. Das Mysterium wird von denen, die unter diesem System leben, abgelehnt ..."

wat veelseggend genoem word die „instrumentale" mens.[7] Wend=land wys daarop dat die instrumentale mens nie tot een klas beperk is nie: dié tipe tree veeleer na vore oor die hele breedte van die gemeenskap. Dit kan net so goed verteenwoordig word deur die lei=dende figure van die bedryfshiërargie as deur die „klein" volgsame arbeiders. Dit het nie sy ontstaan te wyte slegs aan die tegniese omwenteling van die laaste dekades nie, maar moet ook gesien word as die gevolg van sosiaal-politieke strominge wat eerder religieë ge=noem kan word, en waarin die mens as werktuig van die kollektiwis=me alleen nog 'n „Funktionär" is. Die duidelikste tree dit na vore in die Kommunisme.[8] Ook Alfred Weber beskryf hierdie „Verwand=lung in Funktionäre" as „das Stigma der Zeit".[9]

Altyd word dit deursigtiger dat die fenomenale voortgang in tegniese wêreldbeheersing nooit die verwagte utopie kan teweegbring nie. Veeleer het die ontnugterende teendeel sigbaar geword dat die teg=niese utilisering van die atoom en die verowering van die ruimte kan lei tot ontmensliking van die individu en vernietiging van die same=

7) Wendland, op. cit., p. 29: „Ein neuer Menschentyp, der des ‚instrumentalen' Menschen is entstanden. Es ist die revolu=tionäre Geschichte einer dynamische Gesellschaft, in der wir leben."

8) Wendland, op. cit., p. 174.

9) Weber, Alfred. Der dritte oder der vierte Mensch. Vom Sinn des gechichtlichen Daseins. München, 1953, p. 84, Cf. Wendland, Heinz-Dietrich, op. cit., p. 29.

lewing.[10]

Die studente was die eerste om hierdie ontwikkeling en die funeste gevolge wat dit meebring, raak te sien. Wat hulle daarby bemerk het was dat die universiteit, met sy navorsingsprogramme en tegnies-wetenskaplike projekte op die voorpunt van die ontwikkeling gestaan het. Trouens, die kritiese student het tot die oortuiging gekom dat die universiteit getroud is met die proses van produksie en konsump= sie vanweë sy onlosmaaklike betrokkenheid by die industriële monster. In hierdie huwelik word die kwalitatiewe verruil vir die kwantitatiewe, die norme vir feite, die eties-religieuse diepgang vir wetenskaplike kompetensie en intussen veroorsaak dit meer vervreemding, meer frustrasie, meer dehumanisering.

Wolin en Schaar gee 'n nugter diagnose van tegnisisme deur te ver= klaar: „Those who have interpreted the meaning, and methods, of scientific and technical knowledge have insisted that it cannot prescribe ends. They have also asserted that other forms of knowing whose business it is to traffic in 'values' lack the characteristics of genuine knowledge, e.g. empirical verification, quantifiability, even rationality ... The end result is the divorce between knowledge and values."[11]

Die tweede saak wat in die oog spring, is die tempo van sosiale ver= andering. Die prosesse van verandering wat vinniger, omvangryker

10) Wendland, op. cit., p. 23.

11) Wolin and Schaar, op. cit., p. 107.

en indringender as ooit tevore plaasvind, het ons tyd feitlik diskontinu met enige vorige periode gemaak. Enkele voorbeelde is hier afdoen= de. Die totale rekord van die lugvaart vanaf die Wright broers se eerste huiwerende poging tot die jetvaart van vandag, asook die fan= tastiese ruimtevlugte, is saamgepers in die leeftyd van een mens wat tans op aftreeleeftyd verkeer. Televisie is uitgevind in 1928 en is kommersieel beskikbaar gestel aan die einde van die Tweede Wêreld= oorlog. In minder as drie dekades het die mens atoomenergie vry= gestel, die aantrekkingskrag van die aarde deurbreek, die voortplan= tingsprobleem van die mens beheer, die komper vervaardig en wêreld= wyd beskikbaar gestel en die oorplanting van organe (selfs die hart) van een persoon op 'n ander bewerkstellig, asook die kunsnier en hart= wekker as meganiese substitute in die menslike liggaam geplaas. Op die veld van gemak en gerief het talle uitvindsels die weg gebaan vir 'n genotvolle en weelderige bestaan: lugverkoeling, radio en televisie, huishoudelike diensmeganismes en outomatiese masjiene, ens.

Edward Joseph Shoben wat hierdie ontwikkelinge beskryf, beklemtoon dat die ongelooflik snelle en radikale transformasie van die wêreld van vandag baie voordele inhou maar dit is ook in sommige opsigte vreesaanjaend. Hy noem die voorbeeld van die bevolkingsontploffing waarvan die syfers skokkend is. Hoofsaaklik as gevolg van die voor= uitgang op die gebied van die medisyne en die tegnologie van publieke gesondheid, is een kwart van alle mense van alle tye vandag lewend op aarde. Teen 1977 kan ons verwag dat 'n getal in die orde van 4 biljoen persone op die aarde se oppervlakte sal wees, wat 'n verdub= beling in veertig jaar verteenwoordig. In die Verenigde State van Amerika sal die huidige populasie van 200 miljoen waarskynlik groei

tot 250 miljoen teen 1980. Tot dusver skyn daar vir die vraagstuk van bevolkingsontploffing geen tegniese oplossing te wees nie. Nog die ontwikkeling van sintetiese voedsel, nog die ontginning van die oseaanbronne kan die mens blykbaar van ontsettende hongersnode vry= waar; die kolonisasie van ander planete as 'n metode om die oorbe= volking te verlig, is nog niks meer as 'n droom nie en die verplasing van mensemassas na onbevolkte areas van die aardbol stuit op voor-die-hand-liggende opposisie. In elk geval sou dit ook geen oplossing bied nie. Die berekening is immers dat teen die jaar 2000 daar net een vierkante jaart op die aarde se oppervlakte vir elke mens beskik= baar sal wees.

Die probleem van die bevolkingsontploffing binne die vinnig ontwikke= lende tegnologiese proses hang saam met 'n ander probleem wat soort= gelyke skokkende gevare inhou, nl. die besoedeling van lug, water en aarde. Daar is wetenskaplikes wat beweer dat sommige gebiede van die aarde onder druk, tot die punt van ineenstorting toe, verkeer en dat hierdie planeet 'n krisis nader wat sy geskiktheid as 'n plek vir be= woning deur mense vernietig. Die beskikbaarheid van die suurstof= voorraad van die aarde se oppervlakte word bedreig deur sulke fak= tore soos die toenemende volume van jetverkeer, die vrylating van industriële afval en die gasuitlating van motors en ander masjinerie in die atmosfeer. Sommige bevraagteken dit of die aarde blywend aan die behoefte van suurstof kan voorsien.[12)]

12) Shoben, Edward Joseph jr. The futureless generation: Value-conflicts in the campus community. (In Minneman, Charles E., ed. Students religion and the contemporary university. Michigan, Eastern Michigan University Press, 1970, pp. 6, 7.)

Vanselfsprekend het hierdie vraagstukke nie by die jeug verby gegaan nie en het die besef hulle uitgedaag dat dit hulle vraagstukke is, vraagstukke dus van die toekoms. Hulle kan immers die dupe wees van die ondeurdagte en in hulle oë dwase tegnologiese ontwikkeling.

As daar een saak is wat die aandag van die owerheid, die wetenskap=likes en selfs plaaslike administrasie vandag in Amerika geniet, dan is dit die saak van besoedeling. President Nixon het op 22 Januarie 1970 in sy „State of the Union"-boodskap die belangrikheid van hierdie saak beklemtoon, nie net in die algemeen nie, maar in be=sondere sin vir die jeuggenerasie. Na sy mening is die herstel van die natuur „the cause of particular concern to young Americans". Die President het verduidelik dat daar tot 'n nuwe konsensus van opi=nie ten opsigte van die herstel van wat beskadig is in die natuur ge=kom moet word, en dit sal ook met die logika van die tegnologiese samelewing moet korrespondeer.

Voordat ons op die effekte let wat die tegnologiese veranderings en vernuwings teweeg gebring het, is dit nodig om vas te stel hoedat dit met veranderinge in die non-tegnologiese areas in die samelewing gepaard gegaan het. Wat die Amerikaanse samelewing betref, kan die stelling van Kenneth Keniston aanvaar word dat dit tegnologiese vernuwing geredelik aanvaar. Daar word weinig gepoog om die ef=fekte daarvan op die breë terrein van die samelewing te beperk, trou=ens, daar is 'n komplekse aantal instellinge ontwikkel om die voort=gang en bespoediging te verseker. As gevolg van die onbewuste rol wat die tegnologie in die samelewing speel, het dit die houdinge en insigte van die deursnee Amerikaner ten opsigte van veranderinge in

enige area ingrypend beïnvloed. Hierdie byna ongekwalifiseerde aan=vaarding van tegnologiese verandering en vernuwing is volgens Kenis=ton iets ongewoon in die geskiedenis. Meeste kulture het drastiese veranderinge in die verlede teëgestaan en betreur omdat gevoel is dat die ou weë die beste is. Daar is ook 'n sekere element van wysheid agter hierdie houding en veronderstelling want dit is inderdaad waar dat tegnologiese verandering en sy onvermydelike sosiale en psi=gologiese newefaktore spanninge, konflikte en ongebalanseerdheid in samelewinge en tussen persone veroorsaak. Dit skyn asof Amerika die uitdaging van sulke konflikte aanvaar het deur sonder enige bewus=te reserwes die tegnologiese vernuwing te ontvang. „Whether in social institutions, in ideology, or even in individual character, change is more often than not considered self-justifying. Our word of highest praise stress transformation - dynamic, expanding, new, modern, recent, growing, current, youthful, and so on. And our words of condemnation equally deplore the static and unchanging - old-fasioned, outmoded, antiquated, obsolete, stagnating, stand-still. We desire change not only when we have clear evidence that the status quo is inadequate, but often regardless of whether what we have from the past still serves us. The assumption that the new will be better than the old goes very deep in our culture; and even when we explicit=ly reject such notions as that of progress, we often retain the implicit assumption that change per se is desirable."[13)]

13) Keniston, Youth and dissent, pp. 60 - 62.

Mens sou die geredelike aanvaarding van veranderinge ook kon ver= klaar uit die spontane aksent wat bepaalde psigologiese kwaliteite ont= vang. Dit is in die moderne jeug duidelik sigbaar en dit geld kwa= liteite soos buigsaamheid, openheid, aanpasbaarheid en persoonlike veranderbaarheid. Sodanige buigsaamheid is 'n manier om met die eise van die moderne ontwikkeling tred te hou. As dit 'n trek van die moderne jeug in die algemeen is, veel meer is dit die geval by die studenteaktivis. Hy pas hom letterlik by enige nuwe situasie aan en maak openheid een van die basiese karakteristieke van sy lewe.

Die intensivering van die tegnologiese veranderinge en die geredelike aanvaarding daarvan het 'n proses van verlaging van geestelike waar= des meegebring. Die tegnologiese ontwikkeling aksentueer immers sake soos pragmatisme, doeltreffendheid, produksie en konsumpsie. Die afwesigheid van geartikuleerde sosiale doelstellings en die vergod= deliking van die tegnologiese proses ten koste van sosiale belange moes dus onwillekeuring 'n dehumanisering van die samelewing veroorsaak. Die protes van die jeug teen hierdie dehumaniseringsproses is 'n deel van hulle stryd om identiteit en integriteit.[14)]

14) Block, Haan and Smith, op. cit., p. 225.
Richard Flacks beklemtoon hierdie gevoel by die jeug soos volg: „They sense the possibility that opportunities for autonomy and individuality may be drying up in advanced technological societies". Flacks, Richard. Student activism and protest. (In Sampson, Edward E. and Kern, Harold A., editors. Student activism and protest. San Francisco, Jossey-Bass Inc., 1970, p. 137.)

Shoben noem hierdie proses 'n patroon van depersonalisasie en hy meen dat dit die huidige krisis ten opsigte van persoonlike identiteit by die jeug ten grondslag lê en ten nouste daarmee verstrengeld is. Dit word selfs nog verhaas deur die ontwikkeling op die gebied van outomatisasie wat mag meebring dat werkloosheid 'n noodsaaklike lewenswyse vir 'n onvoorsienbare getal mense in die V.S.A. kan word, veral in die kategorieë van halfgeskoolde en geskoolde arbeid.[15)]

'n Verdere korrelerende faktor van vinnige sosiale verandering is die vanselfsprekende aksent wat op die hede in teëstelling met die verle=de en die toekoms gelê word. Met die versnelling van die pas van sosiale verandering word die verlede irrelevant ten opsigte van die hede; net so word die voorspelbaarheid en die relatiewe stabiliteit van die toekoms vir sover dit beplanning raak, vaag en onduidelik. Daar is geen tradisionele waardes wat gehandhaaf kan word, sonder dat die kontinuerende geldigheid daarvan eers getoets word nie. Tra=disie as sodanig speel geen noemenswaardige rol meer nie. Die mees in-die-oog-lopende - en die radikale jeug is gewoonlik die eer=ste eksponente daarvan - is dinge soos kleredrag, haarstyl, taal, musiek, ontspanning en selfs allerlei reëls en regulasies. En wat die toekoms betref, kan daar eintlik net, soos die „New Left" in der waarheid doen, op kort termyn beplan word. Langtermynbeplanning is feitlik onmoontlik.[16)] Dit gaan dus per slot van rekening om die kontingente, die hier en die nou.

15) Shoben, op. cit., p. 7.

16) Keniston, Kenneth. Young radicals, notes on committed youth. New York, Harcout, Brace and World Inc., 1968, p. 233.

Direk hiermee in verband staan die saak van die gaping tussen die generasies. As die verlede nie meer nie of in geringe mate mee= spreek, is dit vanselfsprekend dat die kommunikasie tussen die ouere en die jongere generasie uiters moeilik word. Dit is ook vandag in werklikheid die geval. Die opvattinge van ouers, hul lewens- en wêreldbeskouing sowel as hul daaglikse optrede is in baie gevalle vir die kinders nie meer relevant nie. In 'n tyd dus van vinnige veran= dering mag dit blyk dat die enigste kontinue waardes tussen ouers en kinders alleen die mees algemene en basiese is.

In die veranderende sosiale struktuur van die moderne samelewing speel die toenemende invloed van die massanuusmedia 'n groot rol. Hier gaan dit nie maar net om die feit van die wye publisiteit wat die protesteerders en die Hippies ten opsigte van hulle aktiwiteit kan uitlok nie, maar dit gaan om die skepping van 'n klimaat wat die hele samelewing beïnvloed. Daarby wek dit so 'n mate van konformiteit by die jeug op dat dit wat by onopsigtelike minderheid beperk kon ge= bly het, nou die deel van massas word. Dit is ook 'n feit dat die massamedia kommersieel toegespits is op die jeug as gevolg waarvan hulle selfbewussyn verhoog is en hulle meer bewus geword het van hulle potensialiteite.

Marshall McLuhan bring die vermeerdering van die invloed van massa= media direk in verband met studenteonluste. McLuhan glo dat elek= troniese media soos die radio en televisie mense nader aan mekaar bring in 'n meer egte gemeenskap („communal") en deelnemende sa= melewing as wat ooit bestaan het. Hy beweer verder dat die jeug van vandag wat met hierdie media groot geword het, gereed is vir

so 'n samelewing. Menige jeugrebellie kan dan beskou word as 'n poging om die ouer mense te laat sien dat die wêreld verander het en dat baie waardes van die verlede nou irrelevant is.[17)]

Tot dusver het ons bemerk dat die verskynsel van verandering gepaard gaan met talle faktore wat die gang en die invloed daarvan bepaal. Faktore waarop ons gelet het, is die verskynsel van tegnisisme as sodanig, die geredelike aanvaarding van die veranderinge wat die teg= nisisme meebring, die dehumaniseringsproses wat dit in die hand werk, die oorbeklemtoning van die kontingente, die relativering van die tradisionele en die metafisiese en die buitengewone rol van die moderne massanuusmedia.

Een aangeleentheid wat in die verbygaan genoem is en wat breër uit= gewerk moet word om ons die agtergrond van die opstandige student, sosio-kultureel besien, beter te laat verstaan, is die vraag of ons in ons tyd met 'n unieke jeuggenerasie te doen het, en, indien wel, wat die kenmerke daarvan is.

17) Halleck, S. L. Twelve hypotheses of student unrest. (In Smith, G. Kerry, ed. Stress and campus response.) San Francisco, Jossey-Bass Publ., 1968, p. 127.)
Theodore Roszak gee 'n verdoemende kritiek op die teorieë van McLuhan in 'n artikel getitel: The Summa Popologica of Marshall McLuhan. (In Hamalian, Leo and Karl, Frederick R., editors. The radical vision. New York, Thomas Y. Crowell Company, 1970, p. 602 v. v.)

### 6.1.2 Post-moderne generasie

#### 6.1.2.1 Inleiding

Kenneth Keniston het daarop gewys dat die jeug van vandag die eerste generasie is wat onder die leiding van moderne ouers opgroei; dit is daarom die eerste post-moderne generasie.[18)]

Die vraag kom op of die huidige jeug te onderskei is van vorige generasies van dieselfde ouderdom en indien wel, in watter opsigte daar gedifferensieer kan word. Sonder om op die hele vraagstuk van generasies in te gaan, is dit tog relevant vir ons onderwerp om enkele onderskeidinge te maak.

Wetenskaplikes kwalifiseer gewoonlik 'n generasie as 'n bepaalde groep mense van ongeveer dieselfde ouderdom wie se lewensbestaan deur dieselfde ervaringe, dieselfde bepalende invloede en dieselfde historiese probleme gekenmerk word. Lewis S. Feuer gee 'n nog nadere kwalifikasie van 'n generasie as 'n sosio-politieke fenomeen as hy naas dieselfde historiese ervaringe ook noem dieselfde verwagtinge en teleurstellinge, selfs gemeenskaplike ontnugteringe ten

18) Keniston, Kenneth. Youth and dissent, p. 288.

opsigte van ouere groepe van mense.[19)]

Die post-moderne jeugdige voel homself primêr eerder ingeskakel by sy eie generasie as by een of ander organisasie. Hy identifiseer homself met sy tydgenote as 'n groep, met sy portuurkategorie dus, eerder as met ouer mense, met leiersfigure of selfs met helde uit

19) Feuer, op. cit., p. 25. Cf. Horowitz and Friedland, op. cit., pp. 123, 124.

„If historical process consists of an interplay between constant factors, such as innate biological impulses, and more dynamic ones such as technological developments, then a generation must be a part of this historical process, transcending its biological origin. A generation possesses characteristics peculiar to it=self, derived from more than age alone. Were there no social interaction, there would be no social structure and no continuity of history in which to locate a class or generation. The sociological problem thus begins where the biological issue leaves off.

The unity of a generation is linked to a consciousness of belong=ing to one generic group. Generations are not concrete groups as are communities - where unity is dependent on physical proximity and on the members' concrete knowledge of one another - or associations deliberately founded for specific purposes. Generation is a social category that structurally resembles class. Both these phenomena are linked to social location, which is defined by a common position individuals hold in the economic and political structure of society. The common position of a generation is based on a rythm in social existence that endows those with roughly the same times of birth with a shared location in the social process. Generation and class unity derive essentially from this shared position in the social system. In turn, that system defines generational as well as class alliances."

die verlede of die hede. Dit neem selfs die vorm aan van kollek= tiewe konformisme waaragter geen organisasie sit nie, maar die spon= taniëteit van intuïsie, die aanwesigheid van 'n groepsbewussyn en die gemeenskaplike gemotiveerdheid tot die momentele daad. Die totale afwesigheid van tradisionele patrone is opvallend by die post-moderne jeug. Keniston verklaar in dié verband: „Identification with a generational movement, rather than a crossgenerational organization or a nongenerational ideology, distinguishes postmodern youth from its parents and from the "previous" generation. General conscious= ness also entails a feeling of psychological disconnection from previous generations, their life situations, and their ideologies. Among young radicals there is a strong feeling that the older ideologies are ex= hausted or irrelevant."[20)]

Die huidige jeuggenerasie se post-moderne lewenstyl is uit bepaalde opvoedkundige benaderinge gebore, uit 'n lewensbestaan waarin oor= vloed geen rariteit is nie, en in 'n wêreld waarin sosiale verandering en geweld aan die orde van die dag is.

As gevolg van verskillende omstandighede, en veral verbeterde kom= munikasiemiddels skyn dit asof die post-moderne jeug vroeër die tyd= perk van adolessensie bereik, 'n periode wat veral gekenmerk word deurdat die jongmens die werklikheid in die oë begin kyk. Hierby moet in ag geneem word dat die adolessensieperiode vir baie in

20) Keniston, op. cit., p. 290.

die post-moderne generasie drasties verleng is, 'n feit wat hoofsaak=lik gestimuleer is deur die bywoning van hoër onderwysinrigtings. Dit kom daarop neer dat die periode van verlengde adolessensie of onvolledige volwassenheid, soos dit soms genoem word, verleng word van 5 jaar, soos wat dit vroeër was, tot 10 en selfs 15 jaar.

Hierdie algemene stelling is veral van toepassing op studentejeug wat soms vir baie jare met studie besig is, moontlik gemaak deur die ondersteuning van welvarende ouers en vrygewige beursdonateurs.

Daar is navorsers wat die faktor van verlengde adolessensie as die grootste gemene deler ten opsigte van studenteonrus oor die hele wêreld gaan beskou het. Hulle het die vraag begin vra wat die dieperliggende rede is van studenteaktivisme as wêreldverskynsel gedurende presies dieselfde tydvak van die twintigste eeu. In die V.S.A. het veral die oorlog in Viëtnam en die rassevraagstuk as brandstof gedien om die vlamme te laat opslaan maar in ander lande het dit om totaal ander strydpunte gegaan. Daar moet dus 'n die=per gemeenskaplike oorsaak vir die wêreldwye onrus onder studente gesoek word. Bruno Bettelheim het in sy artikel „Obsolete youth" geargumenteer dat die jeug van die „affluent" samelewing sosiaal oor=bodig („obsolescent") geword het. Hulle word vir te 'n lang periode in 'n staat van afhanklikheid geplaas terwyl hulle behoefte daaraan het om sosiaal en persoonlik ingeskakel en relevant te wees. Adoles=sensie is syns insiens bo alle redelike perke uitgerek. Daar is te veel jeugdiges wat na universiteite en kolleges deur middel van so=siale sameloop van omstandighede en familie-aspirasie as 't ware

aangestoot word sodat hulle ook die witbroodjiestatus kan bereik.[21]

### 6.1.2.2 Studentesubkultuur

Verskillende faktore het meegebring dat die post-moderne jeuggene=rasie 'n eie onderskeibare jeugkultuur ontwikkel het. Om dit te

21) Bettelheim, Bruno. Obsolete youth. Encounter, Sept. 1969, pp. 29 - 42.
Cf. Jencks and Riesman, op. cit., pp. 42, 43; Nichols, op. cit., p. 50; Erikson, Erik H. Reflections on the dissent of contemporary youth. (In Graubard and Ballotti, op. cit., p. 157.)

Keniston maak soveel erns met hierdie besondere kenmerk van verlengde adolessensie dat hy dit as 'n aparte fase in die proses van kindwees tot volwassenheid kwalifiseer. Hy noem dit die „jeugfase". Cf. Keniston, Kenneth. Young radicals, pp. 264 - 272 en Keniston, Kenneth. Youth and dissent, pp. 3 - 21, 254 en 309: „Today, in more developed nations, we are beginning to witness the recognition of still another stage of life. Like childhood and adolescence, it was initially granted only to a small minority but is being rapidly extended to an everlarger group. I will call this the stage of 'youth' and by that I mean both a further phase of disengagement from society and the period of psychological development that intervenes between adolescence and adulthood. This stage, which continues into the twenties and sometimes into the thirties, provides opport=unities for intellectual, emotional and moral development that were never afforded to any other large group in history. In the student revolts we are seeing one result of this advance."

beskryf sal ons te ver wegvoer van ons eintlike onderwerp.[22] Wat hier wel van belang is, is die aanwysing en omskrywing van 'n studen=tesubkultuur, wat in baie opsigte toonaangewend vir die algemene jeugkultuur is.

Studente kan beskou word as die lede van 'n bepaalde kategorie van jeugdiges wat in 'n redelik hegte eenheid saamgebind word as gevolg van die ooreenkoms tussen hulle beroeps-, ekonomiese, sosio-politieke en kulturele belange en aktiwiteite. Hulle beroep kan beskou word as onderwys of opleiding; ekonomies is verreweg die meeste nog af=hanklik van ander bronne en instansies; sosiaal is daar veel ooreen=koms tussen hulle wat behuising en inwoning betref, en op die kulturele

22) Keniston tipeer die tipiese van die jeugkultuur raak soos volg: „Youth culture as we know it in America is a characteristic American transition from childhood to adulthood, a kind of socially ambivalent and indefinitely prolongable moratorium. Central to all forms of youth culture is the absence of a straight and smooth transition to what the culture defines as 'adult roles'. Instead, the American version of youth culture offer a hiatus - an eddy, a whirlpool, a waiting period, or even a final resting point - in which young men and women adopt a way of life that constitutes a protest against the adult world. It may take the form of being a 'hood', being 'beat', being 'Joe College', being a Bohemian, intellectually rejecting the whole trapping and tradition of American culture or - less obviously - simply being utterly indifferent to the many voices and beckonings of the wider society." Keniston, Kenneth. Youth and dissent, p. 29. Cf. Lipset, Seymour Martin and Schaflander, Gerald M. Passion and politics. Boston, Little Brown and Company, 1971, pp. 23 - 29.

vlak is die ooreenkoms ten opsigte van taal besonder opvallend.[23)]

Die opvallende en wye invloed van die studentesubkultuur is nie net toe te skryf aan die_feit dat studentegemeenskappe makliker 'n bepaal=de koers kan inslaan vanweë kommunikasiegeriewe nie, maar ook van=weë die feit dat so 'n groot aantal jeugdiges in hoër onderwysinrigtings beland. Laasgenoemde verskynsel is vroeër reeds onderstreep. Volgens statistiek ontvang 50% van die na-skoolse jeug in Amerika vandag een of ander soort hoër onderwys in vergelyking met 16% na die Tweede Wêreldoorlog. Die huidige inskrywingsgetal is ongeveer 8 miljoen in vergelyking met 2,2 miljoen in 1947.[24)]

Horowitz konstateer dat gedurende die afgelope 40 jaar die studente=getalle in die V.S.A. byna agt keer vinniger as die getalle van die totale bevolking gegroei het. Vanaf 1950 tot 1966 het die inskry=wings aan hoër onderwysinrigtings van 29,4% tot 54,9% in die 18 tot 19-jarige ouderdomsgroep gestyg, van 9% tot 19,9% in die 20 tot 24-jarige groep en van 3% tot 6,5% in die 25 tot 29-jarige groep.

Verder moet in ag geneem word dat die 8 miljoen jeugdiges aan hoër

23) Cf. Horowitz and Friedland, op. cit., p.125, wat beweer: „Certainly youths and students are no longer functional participants in the economic and political structure of industrial society, they have no formal role in the world of work and politics."

24) Cf. Miles, op. cit., p.92.

onderwysinrigtings nie wyd en syd oor die hele land verspreid is nie. Hulle is saamgedrom op 'n aantal kampusse, koshuise en omliggende woonstelgeboue. Die gemiddelde getal studente per kampus is 3 000. Die oorgrote meerderheid van studente bevind hulle egter op kampusse met 'n bevolking van 15 000 na 30 000 en selfs groter. Hierdie feno=menale getal jongmense met soveel gemeenskapliks en op so 'n mate op mekaar aangewys in fisiese, sosiale en kulturele opsig, word des te sterker saamgebind deur die modernste kommunikasiemedia as ge=volg waarvan 'n simboliese wisselwerking, 'n eie groepsbewussyn en psigologiese verwantskap ontstaan.[25] So gesien kan inderdaad van 'n studentesubkultuur gespreek word.

Die twee faktore van grootliks verlengde adolessensie en grootliks vermeerderde studentegetalle het op spontane wyse 'n eie kulturele identiteit vergemaklik.[26] Verskillende ander faktore het dit gesti=muleer, soos die ontwikkeling van Amerika in 'n post-industriële era, die toenemende materiële oorvloed van die Amerikaanse bevolking en die uitbreiding en algemene aanvaarding van die tipies Amerikaanse Liberalisme, Humanisme en pragmatisme waaraan 'n Pelagiaanse self=voldaanheid ten grondslag lê.

25) Horowitz and Friedland, op. cit., pp.130, 131.

26) Miles se konklusie is, nadat hy verskillende statistiese data vergelyk het: „Rapid expansion of the youth population in the 1960's, together with mass education, was a powerful stimulus to the development of youth culture." Miles, op. cit., p.103.

Michael Novak beskryf laasgenoemde lewens- en wêreldbeskouing as 'n selfvoldaanheid wat die moderne jeug allengs nie kon aanvaar nie en waarteen hulle in opstand gekom het. „For a long time, this country has progressed through and by means of a pragmatic consen= sus, a judgment that fundamentally we are on the right track and that at the center our direction is humanistic and progressive. There might be aberrations this way and that, mistakes here or there, as there would be expected to be in any dynamic society, but our center of gravity is such (we thought) that we serve as the leading edge of the western world. We were taught that the center of history lies in the west: in Palestine and Athens and Rome and Paris and London and now in New York. Nations were to be called developed or under= developed in accordance with the degree to which they resembled us.

„From a theological point of view, Americans are Pelagians concern= ing the structure of our country: we tend to think that it is not and cannot be evil at the center. We habitually believe that American intentions are good ones, that America has never started a war, that America is always on the side of democracy and justice and liberty, that American officials are to be trusted until proven untrustworthy; and that Americans are unusually innocent, generous, and good in their relationships with other people. We believe that at home we are free, and that while there are blemishes upon our performance we are essentially committed to the rights of every individual, regard= less of race, color, or religion. We believe that we are free and responsible citizens, in command of our personal destiny and of our common government. We believe that American instincts are so sound that evils have only to be pointed out in order that American

public opinion will rise up against them in outrage.

„Young people have been brought up sharing beliefs like these. They have been forced by events to discard them one by one."[27)]

Die studentesubkultuur het verder in opstand gekom teen wat Theodore Roszak noem die hedendaagse tegnokrasie, 'n faktor waaraan reeds aandag gegee is.[28)]

Kortliks kom dit neer op 'n ingrypende antipatie teen die Amerikaanse „System" of „Establishment", wat gekenmerk word deur materialisme, kompetisie, rasionalisme, tegnologie, konsumpsie en militarisme.

Gedurende die afgelope dekade het genoemde jeugkultuur verbasend vinnig ontwikkel. Dit het altyd duideliker aan die lig getree en het byna religieuse gloed en ywer voortgebring deur die proses van toe=nemende persoonlike betrokkenheid van die individuele student. Aan=gemoedig deur vanselfsprekende protes en opposisie van die kant van die publiek teen veral morele en politieke uitwasse van die studente=

27) Novak, op. cit., p. 65.

28) Roszak, op. cit., p. 5 v.
Ook Bettelheim beklemtoon hierdie faktor buitengewoon sterk: „Deep down, what youth is fighting against is not so much the war in Vietnam or the global balance, but an America whose technology seems to have robbed them of any place in the real work of the world." Bettelheim, op. cit., p. 35.

kultuur, het laasgenoemde alleen sterker groeikrag geopenbaar. In 'n vorige paragraaf het ons reeds daarop gewys hoedat al meer stu= dente by linkse bewegings betrokke geraak het en op 'n spontane wyse meer vervreemd geraak het ten opsigte van die gemeenskap waarteen gerebelleer word.[29)]

Die Scranton-kommissierapport beskryf dit tekenend. Hierdie sub= kultuur se gedragslyn is bepaal deur die opvatting van die outonome, selfbeskikkende individu wie se doel is om met „outentisiteit" of in harmonie met sy innerlike neigings en instinkte te lewe. Die karak= ter daarvan is ook bepaal deur 'n verwerping van die werksetiek, van materialisme en van konvensionele sosiale norme en piëteite. Dit het in werklikheid alle vasgestelde dissipline wat van buite op die in= dividu afgedwing is, verwerp, en het so in botsing gekom met baie in die Amerikaanse samelewing.

Sy oogmerk was om die menslike bewussyn te bevry en om die kwali= teit van ervaring te verhoog; dit het getrag om die materialisme, die selfverloëning, en die strewe na sukses van die bestaande samelewing te vervang met 'n nuwe beklemtoning van die ekspressiewe, die skep= pende, die vindingryke. Die gereedskap van die alledaagse institu= sionele wêreld - hiërargie, dissipline, reëls, eie-belang, selfverde= diging, mag - is deur hulle beskou as waansinnig en tiranniek. In plaas daarvan het dit die vrymaking van die individu om te voel, om

29) The report of the President's commission on campus unrest, p. 52.

te ervaar, om uitdrukking te gee aan dit waartoe sy unieke menslik=heid hom ookal inspireer, geproklameer. Sy waarneming van die wêreld het steeds verder weggegroei van die waarnemings van die be=staande kultuur: wat meeste „geregtigheid" of „vrede" of „kundigheid" genoem het, het die nuwe kultuur beskou as „slawerny" of „histerie" of „niksbeduidend". Soos wat hierdie uiteenlopenheid van waardes en visie ontwikkel het, het die nuwe jeugkultuur al meer en meer opposisioneel geword.[30] In hierdie beskrywing vind ons 'n tipering van die opposisiekarakter van die gedragspatroon as belangrike onder=deel van die subkultuurpatroon van die post-moderne jeuggenerasie in Amerika.

6.1.2.3 Kontrakarakter

In sy boek „The making of a counter culture" van Theodore Roszak behandel die skrywer die kontra- of opposisiekarakter van die jeug=kultuur. Die totale verwerping van die bestaande en stereotipe word beklemtoon lank voordat daar selfs 'n vae idee is van die nuwe wat die oue moet verplaas. Dit is een van die opvallende trekke in die kulturele revolusie dat alles wat nuut is, of dit nou in die politiek is of die opvoeding, die kuns of sosiale verhoudinge, (liefde, hofmakery, familie, gemeenskap), die skepping van dié deel van die jeug is wat totaal van die ouere generasie vervreemd is of van diegene wat hulle hoofsaaklik tot die jeug rig.[31] Met hierdie stelling as uitgangspunt

30) Ibid., p. 62.

31) Roszak, op. cit., p. 1.

ontleed Roszak hierdie kontrakultuur en toon aan hoe dit tot stand ge= kom het en wie die geestelike vaders daarvan was.

Hierdie kontrakultuur het 'n lewensopvatting en lewenstyl ontwikkel wat antiteties staan teenoor konvensionele Amerika. Sy sakramente be= staan uit seks, verdowingsmiddels, en „rock"-musiek, sy literatuur uit honderde ondergrondse koerante, sy kuns uit „Day-Glo" plakkate en obskure films, sy mobiele panteon uit Zenkultus en sy uiterlike onderskeidinge uit kleredrag, haarstyl, taal en herkenningstekens. As ander in die gemeenskap kort hare dra, dan dra die lid van die kontrakultuur sy hare lank; as ander skoon is, dan is hy vuil; as ander alkohol drink en marijuana afkeur, dan versmaai hy alkohol en rook marijuana; as ander in massiewe organisasies werk, dan son= der hy hom af en maak sandale met die hand; as ander hulle aan die konvensionele huwelikspatroon hou en alleen lewe, dan deurbreek hy die patroon en leef saam in die sogenaamde „communes".[32)]

Op universiteitsvlak het die opstandige student so ver gegaan om sy „Free University" te stig. Die hele opset was om langs die bestaan= de universiteite instellings van akademiese aard in die lewe te roep waar die studente alle seggenskap het, hulle „dosente" benoem, hulle kursusse en metodes van meting en bevordering bepaal, kortom, hulle „eie" universiteit besit. Dit sou ook alternatiewe universiteite of eksperimentele kolleges genoem kon word.

32) The report of the President's commission, p. 67.

Teen die begin van 1969 het daar meer as 300 sulke instellings op die grense van bestaande universiteite en kolleges bestaan.[33)]

Studente uit die kringe van die „New Left" sowel as die nie-politiese Hippies, het op 'n volkome vrywillige basis saamgekom en op so 'n wyse vergestalting probeer gee aan hegter gemeenskap, menslike vry= heid en persoonlike identiteit - sake wat hulle in die bestaande in= stellings vir hoër onderwys nie gevind het nie. In hierdie „univer= siteit" is almal gelyk, die beginsel van „een man - een stem" is in alle opsigte geldig en by wyse van oop diskussie, nugtere dialoog tussen „student" en „dosent" word „gestudeer".[34)]

Een van die mees onderskeidende dryfvere vir die stigting van die „Free Universities", was die diep gewortelde wantroue van almal bo dertig en daarby 'n verwerping van die kumulatiewe, opeenvolgende onderrig waarop volwassenes gewoonlik aandring. Daarom is die dosente merendeels self jeugdiges, onervare en nog sonder erkenning.[35)] Dit wil nie sê dat onder hulle nie ook besonder knap en intellektueel hoogstaande wetenskaplikes voorkom nie.

33) Block, B. and Hamilton, B. The spirit of the free universities. Change, January-February, 1969.

34) Cf. Peterson, Richard E. Reform in higher education - demands of the Left and the Right. (In Brickman and Lehrer, op. cit., pp. 85, 86);
De Moor, op. cit., p. 40.

35) Jencks and Riesman, op. cit., p. 37.

Die doel van hierdie parallelle „universiteite" is dus duidelik. Die opstandige student wou wegbreek uit die stereotipe akademiese atmos= feer, en „sy eie ding gaan doen". Jencks en Riesman stel dit kern= agtig: „These students believe that what matters is untutored and wholly spontaneous feeling and McLuhanite media mixtures rather than books. Limited from above academic inventiveness in adult universi= ties and from below by widespread adolescent hostility to formal learning under any auspices, the Free University approach to educa= tion 'of the young, by the young, for the young' has been left with a small following. It is more important for its simbolic role in justifying student discontent than for any contribution to either peda= gogic or political radicalism."[36)]

Wat die aangebode kursusse en die inhoud daarvan betref, word ge= trag om aansluiting te vind by die kontemporêre belangstelling van die student, en dan veral die radikalis. Daarom word veral aan= dag gegee aan die knellende sosiale vraagstukke van Amerika en die wêreld, aan sake soos dwelmmiddelgebruik, sensitiwiteitsopleiding, nuwe vorme van seksuele gedrag en interpersoonlike verhoudinge, filmvervaardiging, Oosterse godsdienste, eksistensiële psigoterapie, ens.[37)] Dit is opvallend dat die eweknie van die „Free Universities" van America in Engeland genoem is „The Anti-universities", waar= van die prospektus gevul is met kursusse soos anti-kultuur, anti-omgewing, anti-digkuns, anti-teater, anti-families en kontra-institusies.

36) Jencks and Riesman, op. cit., pp. 37, 38.

37) Ibid., p. 38; Cf. Glazer, Nathan. Remembering the answers, p. 205.

Niks wat die gemeenskap van volwassenes kan aanbied, is meer aan=vaarbaar nie.

Die kontrakultuur by die student vind verder vergestalting in die po=ging om binne en buite die universiteit die beginsel van deelnemende demokrasie te positiveer - 'n saak waaraan later volledig in 'n an=der verband aandag gegee word.[38)]

Op ekonomiese vlak beskou die burgers van die kontrakultuur Amerika as dehumaniserend. Hieroor is die opstandige student besonder uit=gesproke. Die kapitalistiese ondernemings, die burokratiese indus=trie en tegnologie, trouens die hele reeks van openbare instellings, word beskou as kragte van verontmensliking van die samelewing.

Revel karakteriseer hierdie kontra-aspek van studente-subkultuur tref=fend met breë motivering: „We can therefore conclude that a counterculture, a countersociety, has already sprung up in the United States. And it is, as it must necessarily be, a countersociety that has nothing marginal about it. It is a revolutionary universe, characterized by the demand for equality of sexes, races and age groups; by the rejection of the authoritarian relationship on which rest all societies that have been stratified by force and despotism; by the transformation of directed culture into productive culture; by the rejection of nationalism in foreign policy; by the realization of the outdated character of the authority of the state, constituted without

38) Cf. par. 6.1.5 hieronder.

sufficient participation by the people, and exercised under conditions that allow an abuse of power to a degree that has become intolerable; by an insistance on economic and educational equality; by a radical reappraisal of the goals of technology and its consequences; by a demand for absolute individual and cultural freedom, without moral censorship - which is a variant in the rejection of an authoritarian relationship. When all those demands have been met, it is highly probable that we will have a homo novus, a new man very different from other men."[39]

Baie het gemeen dat hierdie kontrakultuur 'n natuurlike dood sou sterwe sodra sy aanhangers die ernstige fase van 'n selfonderhouden=de lewensbestaan moet begin. Maar tot dusver het dit 'n sterker groeikrag geopenbaar as wat vermoed is. Dit het selfs diep inge=dring in die wêreld van die volwassenes. Sy uiterlike openbarings=vorme is alreeds merkbaar en dit kan nie ontken word nie dat iets van die gees van die kontrakultuur sy stempel op Amerika begin af=druk. In sy behandeling van hierdie verskynsel laat Edward Kern hom die volgende ontval: „It is often said that we are in the midst of a social revolution. The truth, probably, is both something less and something considerably more. There is a social revolution, which seems only to have begun; but there is also something more profound - a revolution of consciousness."[40]

39) Revel, op. cit., pp. 214 - 215.

40) Kern, op. cit., p. 78.
Cf. Yankelovich, op. cit., p. 11.

### 6.1.3 Generasiekonflik

'n Tema wat die afgelope jare besondere aandag geniet het en wat ge= deeltelik ook in verband gebring word met radikale studentebewegings is die tema van generasiegaping, sterker nog generasiekonflik wat met die kontra-subkultuur saamhang. Die in-die-oog-lopende differensiasie tussen die generasie van volwassenes en jeuggenerasie word dan be= klemtoon en die kousale faktore wat dit bewerkstellig het, word onder= soek. Verder word die konstituerende en karakteristieke elemente van sodanige konflik ontleed.

Sodanige ondersoek en ontleding is deur kultuurfilosowe in die verlede aangepak. Dit het geen maklike taak geblyk te wees nie om die volgende redes:

Om te bepaal wanneer 'n generasieverandering plaasvind, moet mens in staat wees om vas te stel wanneer en op welke punte die denke en handele van 'n jonger en ouer generasie werklik met mekaar in botsing kom. Dit mag wees dat beide generasies besig is om te verander hoewel met verskillende tempo's.

In die tweede plek is dit noodsaaklik om te onderskei tussen 'n weg= breek van die verlede en 'n projeksie van die verlede. Die vraag is: is dit 'n kwessie van diskontinuïteit of kontinuïteit wat ons raak= sien?

In die derde plek is dit nodig om 'n psigologiese interpretasie van die verskynsel te kan gee sonder om dit te veel te aksentueer. Dit

skyn asof ons tyd 'n besondere voorliefde ontwikkel het om 'n psigo= logiese verklaring vir elke verskynsel in die sosiale en kulturele le= we te gee. In die verklaring van die huidige generasiekonflik het sodanige interpretasie geen geringe rol gespeel nie.[41)]

Histories besien, moet erken word dat generasiekonflikte dwarsdeur die geskiedenis voorgekom het. Verder is dit ook 'n erkende feit dat studenteaktivisme gewoonlik die verskynsel opvallend geaksentu= eer het. Veral is dit die geval in die duidelik sigbare gaping en selfs botsing wat daar tussen die huidige jeuggenerasie en die ouer geslag bestaan.

Die sosiologiese agtergrond waarteen die generasiekonflik van die huidige tyd gesien moet word, is die geweldige tempo en die omvang waarin daar veranderinge op byna elke gebied plaasvind. Daar is verrassende spronge gemaak op die gebied van die tegnologie, kom= munikasiewese, urbanisasieproses en die transformasie van die ekono= mie vanaf 'n industriële tot wat genoem word 'n post-industriële basis, - alles faktore wat noodwendig 'n stempel moes afdruk op die opgroei= ende geslag. Om tred te hou met die geweldige ontwikkelinge, was byna 'n onbegonne taak. Wat die jeug van vandag ken, is jet-vlieg= tuie, televisie en die gevaarvolle moontlikheid van 'n volgende oorlog waarin vernietigingswapens die hele mensheid kan uitwis. Hulle is kinders van 'n tyd van oorvloed <u>en</u> angs, van byna totale behoefte=

41) Lubell, Samuel. That "generational gap". (<u>In</u> Bell and Kristol, op. cit., p. 60.)

bevrediging en van 'n knaende vrees vir die toekoms. Hulle het deel geword van 'n proses van radikale verandering. Dat in hierdie proses veral die hoër geestelike waardes minder aandag ontvang en soms totaal agterweë gebly het, is seker.

Hieruit volg dat as daar altyd 'n soort generasiegaping bestaan het, die omstandighede vir die vergroting van sodanige gaping tans veel gunstiger as vroeër is en die akuutheid daarvan veel opsigteliker.

Verskillende faktore werk mee om 'n jeuggenerasie-identiteit te skep. Die volgende kan genoem word: projeksies van uitbreiding van die be= volking in die V.S.A. het aan die lig gebring dat meer as 50% van die bevolking in 1972 onder 21 jaar sou wees, wat dui op 'n verjonging van die bevolking in die algemeen. Die gemiddelde stemgeregtigde burger sou omtrent 26 jaar oud wees. Ons het elders reeds daarop gewys dat die getal jeugdiges sowel as die persentasie wat een of ander soort hoër onderwys ontvang, in die afgelope paar dekades ook ontsaglik verhoog het. Hierdie groter getalle alleen het 'n solidari= teitsgees moontlik gemaak en baie ander faktore het dit gestimuleer. Verpligte militêre diens laat byvoorbeeld die klem op hulle val, en gemeenskaplike houdinge van die jeug ten opsigte daarvan beklemtoon die afsonderlike identiteit en solidariteit van die jeuggenerasie. 'n Bekende feit is ook dat die kommersiële wêreld, met die advertensie= media op die voorpunt, op die jeug as 'n afsonderlike kategorie inge= stel is. Wat modes en sedes betref sowel as kuns en rekreatiewe uitinge, gee die jeug alreeds vanaf die begin van die vyftigerjare die toon aan.

Sodra groepsidentiteit onder groot getalle ondervind word, is die moontlikheid vir monstering van gemeenskaplike idees en selfs mag voor-die-hand-liggend. En om potensiële mag te manifesteer, is daar leiers nodig om die aandag op die groepsbewussyn, -getalle en potensiële mag te vestig. Hierdie rol van leierskap word uiteraard die beste gevul deur studenteradikaliste wat gewoonlik besonder vaardig is om die mees ekstreme sentimente van die jeuggenerasie te vertolk en selfs te eksploiteer.[42)]

Jerald C. Brauer beskryf die onderhawige verskynsel soos volg: „The first thing that strikes one about the student revolution is its radical questioning of so many facets of contemporary American life. It does not confine itself to the campus, in fact it started with issues far beyond the campus and has remained involved in national and international issues. In a way it reflects the usual break that exists between generations, but the distance between the generations appears greater today than at any time in the immediate past. This genera= tion of students appears to disdain and distrust 'elder' statesmen 10 or 15 years their senior. It is not seeking guidance or advice from more experienced hands. It believes itself fully capable of leading its own protests and sketching out solutions, that arise wholly from within the present student ranks. This spells a degree of distrust probably not present in earlier student activities on American campuses."[43)]

42) Shoben, Edward Joseph jr. Thoughts of the decay of morals. (In Smith, G. Kerry, ed., op. cit., pp. 135, 136.)

43) Brauer, op. cit., pp. 46, 47.

Dit was egter eintlik Lewis S. Feuer wat met sy prikkelende, omvang=ryke en indrukwekkende werk „The conflict of generations" die karak=ter en die betekenis van studentebewegings oor dié een noemer ge=bring het.[44)]

Feuer evalueer studentebewegings as die produk van selfverloënende, altruïstiese idealisme gekombineer met die wrewel en die agressie van een generasie teen 'n ander. Hierdie laaste komponent verskaf 'n demoniese kwaliteit aan die emosies en aksies van studente. Feuer vergelyk studentebewegings met arbeidersbewegings. Anders as laasgenoemde is 'n studentebeweging gebore uit vae ongedefinieerde emosies wat soek na een of ander strydpunt of saak waaraan hulle hulself kan gee. Hierteenoor het 'n arbeidersbeweging 'n duidelike en omlynde saak waarvoor hy staan. Dit gaan miskien om looneise, of ander spesifieke griewe van die arbeidersklas. Hierdie spesifieke sake is bepalend vir die arbeidersbewussyn. Die konflik van genera=sies waaruit, volgens Feuer, studentebewegings gebore word, ont=spring nie, of uiters selde, uit materialistiese oorwegings. Dit het diep, onbewuste wortels. Waar historiese materialisme die ideologie van die werkersklas is, daar is historiese idealisme die ideologie van studentebewegings. As „exploitation" die wagwoord is om die klasse=konflik te definieer, dan is „alienation" die woord om konflik van ge=nerasies uit te beeld.

Die definisie wat Feuer vir 'n studentebeweging gee, is soos volg:

44) Feuer, op. cit. (In sy geheel.)

„We may define a student movement as a combination of students inspired by aims which they try to explicate in a political ideology, and moved by an emotional rebellion in which there is always present a disillusionment with and rejection of the values of the older genera= tion; moreover, the members of a student movement have the con= viction that their generation has a special historical mission to ful= fill where the older generation, other elites, and other classes have failed."[45]

'n Studentebeweging is geneig om te ontstaan in samelewings wat ge= rontokraties is, d.w.s. waar die ouer generasie 'n oneweredige deel van ekonomiese en politieke mag en status besit. Waar die invloede van godsdiens, ideologie en die familie spesiaal ontwerp is om die beheer van die ouer geslag te versterk, daar kan 'n studentebeweging as 'n opstand van die jeug verwag word. Die bestaan van 'n geron= tokratiese orde van sake is egter nie genoegsame voorwaarde vir die ontstaan van 'n studentebeweging nie. Naas ander faktore moet daar ook 'n gevoel aanwesig wees dat die ouer generasie gefaal het. Hier= die ervaring kan die proses van de-outorisasie van die oueres genoem word. 'n Studentebeweging sal nie ontstaan as daar nie 'n gevoel is dat die ouer generasie homself gediskrediteer het en sy morele staan= plek verloor het nie.[46]

Verskillende voorbeelde uit die verlede kan tot ondersteuning van hier=

45) Ibid., p. 11.

46) Ibid., p. 12.

die stellings dien. Die Sjinese studentebeweging is in Mei 1919 ge= bore as gevolg van die geweldige teleurstelling in die ouer staats= manne wat, in die oë van die student, skaamteloos voor die Japanese eise te Versailles gekapituleer het. Die Japanese studentebeweging wat na die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het, was gebaseer op die emosionele ontnugtering wat die jong studente in die neerlaag van hulle land ondervind het. Die tradisionele outoriteit het 'n de-outorisasie ondergaan soos nog nooit tevore nie; hulle vaders, oueres, onderwysers en regeerders het ontmasker gestaan as diegene wat hulle bedrieg en mislei het.

Die mees klassieke voorbeeld is die van dié studenteopstand in Rus= land in 1905.[47)] Dit openbaar op weergalose wyse die karakteris= tieke van 'n emosionele generasie-opstand. Nadat hulle die eerbied tot die ouere geslag die rug toegekeer het, het studente onder die mees gevorderde kontemporêre filosofiese profete leiding gaan soek. Die beweging het al die bestanddele bevat van 'n moderne radikale studenteopstand - selfopoffering en selfvernieting, die begeerte om met die laagste geïdentifiseer te wees saam met die teenoorgestelde begeerte om as die hoogste te regeer. Geroer deur 'n amalgamasie van emosies het hierdie studentebeweging op tragiese wyse die hoog= ste idealisme met 'n gewelddadige irrasionaliteit gekombineer, 'n kombinasie wat die beweging se eie ideale vernietig het.

47) Ibid., pp.19, 148 - 150.

As die Russiese studentebeweging in die laaste deel van die vorige eeu en die begin van die twintigste eeu bestudeer word, dan spring die volgende aspekte in die oog: ekonomiese eie belang was van relatief min betekenis; die sterkste in die bewussyn van die studente was die afkeer teen polisiegeweld en 'n oorheersende gevoel van ge= nerasiesolidariteit. Hierdie solidariteitsgevoel onder dieselfde gene= rasie wat meegevoel en meelewing met beseerde, vernederde en ge- arresteerde medestudente inhou, word deur Feuer as 'n universele emosionele hoofbron van studentedemonstrasies beskou.

Nog 'n relevante trek van die studentebewegings teen die agtergrond van die generasiekonflik is, volgens Feuer, die verskynsel dat daar by die studente 'n dieperliggende gevoel van opposisie bestaan teen sake soos dit daar uitsien, of teen die „System". Die gevoel is revolusionêr maar omdat die stuwende energie daarvan hoofsaaklik uit onbewuste bronne ontspring, is dit moeilik om dit presies te de= finieer. Die studentebeweging trag om die rol van die gewete van die samelewing te vervul. In 'n gerontokrasie beliggaam die ouere generasie nog die kragte van die kulturele gewete. Die studente= beweging is 'n instrument van psigologiese revolusie: in 'n wêreld waar die vaders de-outorisasie ondergaan het, tree die seuns na vore as die selfverkose draers van outoriteit. Studente word die geleent= heid gegun om inisiatief te neem en ooreenkomstig hulle oortuigings te handel. Meer as enige ander kategorie in die samelewing kan studente dit bekostig sonder om ernstige gevolge te vrees.

In die V.S.A. nou was die „New Left" 'n beweging wat hoofsaaklik uit 'n „affluent society" tevoorskyn getree het en verder uit 'n relatief

stabiele sisteem: daarom was dit geneig om, toe dit krities begin oor= deel het, dit te doen in moralistiese eerder as in ekonomiese terme. Die „New Left" was ook 'n aanduiding van die patroon wat die genera= sie-opstand in 'n welvarende samelewing aanneem. Die jong aktivis, vervul met aggressiewe emosie, het geen objektiewe ekonomiese in= stelling kon vind waarteen hy sy gevoelens kon rig nie. Nou is dit altyd so dat 'n vae gevoel van aggressie geneig is om 'n moralistiese patroon aan te neem; daarom word in dié geval die eintlike waardes van die Sisteem as 'n geheel verwerp. Omdat die Sisteem ekono= mies so stabiel is dat dit geleenthede en werk vir die gewillige en die bekwame bied, word die diepere waardes daarvan soos beroep, werk en sukses die teikens van die generasie-opstand gemaak; van= daar die „New Left" se geneigdheid tot die Beatnik en die Hippie.[48]

As tipiese voorbeeld gebruik Feuer o.a. die Berkeley-gebeure: „The Berkeley Student Movement contributed to the psychological disorienta= tion in the United States; there had been a confrontation of generations, and the elder generation had capitulated abjectly. This mood of the elders bowing before an allegedly 'higher morality' of the young spread rapidly through the country."[49]

Opsommenderwys meen Feuer dat die konflik van generasies 'n univer= sele tema in die geskiedenis is; dit is gebaseer op die mees funda= mentele feite van die menslike natuur, en dit is 'n dryfkrag van die

48) Ibid., p. 387.

49) Ibid., pp. 448, 449.

geskiedenis, miskien nog meer primêr as die stryd tussen klasse. Tog varieer die intensiteit daarvan. Onder gunstige omstandighede mag dit binne 'n generasionele balans opgelos word. Onder minder gunstige omstandighede, word dit bitter, onwrikbaar, boosaardig, ge=welddadig; laasgenoemde gebeur wanneer die ouer geslag, deur een of ander veronderstelde historiese mislukking, hulle gesag in die oë van die jeug verloor het.

Elke studentebeweging is die uitvloeisel van die gesagsverlies van die ouer geslag. Hierdie proses kan in klein kolleges sowel as in on=persoonlike universiteite, in geïndustrialiseerde sowel as onderont=wikkelde lande, in sosialistiese sowel as kapitalistiese lande voorkom. In die moderne geskiedenis was studentebewegings in elk geval die belangrikste uiting van die generasiekonflik. Die intellektuele elite van die jonger generasie het hulle eie etiek van bevryding, selfopof=fering en identifisering gehad. Hulle het die grootste hoogtes van idealistiese hartstog bereik, selfs al was hulle aan bande gelê deur die drang om te vernietig.[50)]

Lewis Feuer se omvangryke en indringende krtiek wat 'n weergawe is van 'n konserwatiewe en anti-liberale standpunt ten opsigte van die Amerikaanse situasie, is deur verskeie sosioloë en kultuurfilosowe gekritiseer. Julian Foster is van oordeel dat Feuer vanweë sy hiperkritiese instelling te ver gaan en selfs in kontroversiële inter=

50) Ibid., p. 480.

pretasies verval.[51]

Ook Sidney Hook[52] en Seymour Lipset[53] is van oordeel dat die fak= tor van generasiekonflik nie as argument gebruik kan word vir die verklaring van studenteaktivisme nie. Die beswaar wat hierdie kritici teen Feuer se standpunt inbring, is dat dit gebaseer sou wees op die teorie van die Oedipale rebellie van die kind teen die ouer in die sin dat die kind in 'n teenoorgestelde rigting van die ouer en van die opvoeding wat hy gehad het, wegbreek. Hulle toon dan aan dat navorsingsprojekte wat ondersoek ingestel het na die agtergrond van aktiviste, bevind het dat aktiviste in meeste gevalle ideologies en prakties in ooreenstemming met hulle ouers dink en handel.

Feuer was egter self nie onbewus van hierdie ooreenkoms tussen die aktiviste en die ouerhuis nie. Hierdie feit beklemtoon hy in sy on= dersoek van die Russiese studenterevolusie. In daardie geval was daar ook 'n uiters permissiewe familiemilieu waarin die kinders groot geword het. Dit het insonderheid gegeld vir die verhouding tussen vaders en seuns. En tog was daar 'n generasie-afkeer van ongekende krag van die kant van die jeuggenerasie. Dit is gebore, nie uit die sosiale struktuur van die Russiese familie nie, maar uit

51) Foster, Julian. Student protest: What is known, What is said? (In Foster and Long, ed., op. cit., p. 40.)

52) Hook, op. cit., p. 22.

53) Lipset. Student politics, p. 216.
Cf. Keniston. Youth and dissent, p. 306.

die vernietigende de-outorisasie van die ouere generasie deur die jongere. Die ouere generasie is as 'n morele mislukking beskou, as 'n generasie wat sy eie ideale verraai het. Dit was dus nie die sterk optrede van die vaders wat die kinders laat reageer het om revolusionêre aktiviste te word nie. Eerder was dit hulle swakheid, hulle mislukking en hulle vroulikheid.[54)]

Die standpunt van Feuer besit ongetwyfeld 'n groot element van waar=heid. Die verbysterende hoeveelheid gegewens van studentebewegings oor die hele wêreld en versprei oor eeue, waarvan hy die leser voor=sien, het genoegsame bewys gelewer dat sy standpunt nie maar nog 'n poging is om studenteaktivisme te verklaar nie. Dit het veel om die lyf.

Die probleem met die standpunt en die boek van Feuer is dieselfde wat mens vind by enige standpunt of boek oor studenteaktivisme wat die aangeleentheid oor een noemer wil plaas. Ons het hier te doen met 'n te gekompliseerde fenomeen en een met veels te veel wortels in die huislike, ekonomiese, politieke, kulturele en universitêre lewe, om dit toe te skryf aan een „oorsaak" soos die generasiekonflik.

### 6.1.4 Outoriteitskrisis

Aan die einde van die 19de eeu, so leer die geskiedenis, is tradisionele

54) Feuer, op. cit., p.152.

vorme van outoriteit oral bevraagteken. Gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu beleef ons egter 'n proses van afbreking van outori= teit op elke vlak. Dit hang saam met die tendens van gelykheid en demokratisering. Hierdie gesagskrisis is selfs merkbaar in sulke byna onaantasbare forte soos die Rooms-Katolieke Kerk en die owerhe= de van die lande agter die ystergordyn. Verder kan dit ook in be= proefde instellinge soos die huisgesin, die familie, die skool en hoër onderwysinrigtings gesien word.

In 'n demokratiese samelewing is die bevraagtekening van outoriteit nie verkeerd nie. Vrae kan immers gevra word oor die hoe, met ander woorde, oor die wyse van gesagsuitoefening. Dit lê inherent opgesluit in die demokrasie. Maar wat vandag gebeur, is dat die waarom van die gesag bevraagteken word. Die krisis van gesag of outoriteit is 'n krisis van legitimiteit.

Wat die universiteite betref, hulle is waarskynlik op die huidige dag die mees kwesbare ten opsigte van ondermyning van die outoriteit, veral vanweë die feit dat die intelligentsia deur die eeue heen en in alle lande in meerdere of mindere mate op die voorpunt van revolusie beweeg het. As ons tyd werklik 'n tyd van ontkenning van gesag is, sal dit die eerste sigbaar wees onder intellektueel gevorderdes. John R. Searle konstateer: „The dominant tradition in our high culture is one of being against authority. We celebrate the rebel but not the bureaucrat, the revolt but not the institutions."[55] Ons kan dus

55) Searle, op. cit., p.169.

verwag om die tendens ook by radikale studente teë te kom.

Geleerdes verskil van mekaar oor die vraag of die optrede van die ontredderdes sowel as die aktiviste 'n gevolg van 'n gesagsontkenning of -verwerping is. In sy boek, „Young radicals, notes on committed youth", het Kenneth Keniston hierdie probleem ook aangesny. Hy stel dit dat baie skrywers radikalisme verbind met psigologiese pro= bleme aangaande outoriteit, maar sý bevinding was dat onder die groep wat hy gedurende die somer van 1967 ondervra het, die proble= me nie van belang was nie. Dit geld vir hulle persoonlike en poli= tieke lewens, hulle verlede en hulle hede. Die strydvraag van outo= riteit het byvoorbeeld nie opgekom as hulle die president van die V.S.A. of regeringsamptenare kritiseer nie. Vir hulle het dit om die beleid, die uitsprake en beloftes van die gesagsdraers gegaan. Ook ten opsigte van hulle houding teenoor hulle ouers geld dieselfde. Daar was nie soseer afkeuring en haat teenoor hulle vaders nie, maar eerder 'n weerspieëling van die werklike verskille in opvatting en styl wat die generasies skei. Hy beskou dit dus verkeerd om hier= die jongmanne en vroue as rebelle teen die outoriteit te bestempel. Dat hulle rebels was, is seker, maar dit was meer 'n soeke na en die aanvaarding van die tradisionele identiteit van die radikalis.[56)]

Hierdie uitsprake van Keniston kan psigologies besien miskien gereg= verdig word, maar wat die praktyk van die deursnee houding van die

56) Keniston. Young radicals, pp. 219 - 221.

radikalis betref, het meer en meer die teenoorgestelde geblyk. Talle wetenskaplikes stem hieroor saam. Trouens, Keniston self het op 'n ander plek in hierdie boek, waar hy oor die optrede van die radi= kaliste handel, gekonstateer: „... in manner and style, these young radicals are extremely 'personalistic', focused on face-to-face, direct and open relationships with other people; hostile to formally structured roles and traditional bureaucratic patterns of power and authority."[57)]

Richard E. Peterson meen dat die radikale jeugbeweging van die hele Westerse wêreld en van Japan die beste verstaan kan word in terme van die verlies van vertroue in die tradisionele vorme van outoriteit. In Amerika waar die radikale jeugbeweging hoofsaaklik uit studente bestaan, en in 1969 ongeveer 5% van die totale studentebevolking uit= gemaak het, is dit ook die geval. Hierdie studente het deur die massamedia en die onderwysers geleer dat die huidige menslike be= staan veel te wense oorlaat. Hulle beskuldig nou die ouere genera= sie daarvan dat hulle die toestand veroorsaak het of daarin berus. Hulle het by die punt gekom waar hulle outoriteit verwerp omdat dit in die woorde van Paul Goodman nie alleen immoreel maar funksioneel inkompetent is. Om hulle „nie vertroue"-reaksie te realiseer, het sommige van hulle studenteaktiviste in die „New Left" en andere passi= viste in die Hippie-kultuur geword.[58)]

Ook Richard Flacks beklemtoon dieselfde waarheid. Hy beweer dat

57) Keniston, op. cit., p. 286; Cf. Shils, op. cit., p. 27.

58) Peterson. Reform in higher education, pp. 83, 84.

daar 'n sterk antipatie teen arbitrêre beheer en gesentraliseerde en gemanipuleerde neem van besluite bestaan. Die anti-outoritêre sen= timent beskou hy as 'n fundamentele motief vir die kampusproteste gedurende die afgelope paar jaar. Skrywend in 1969, kyk hy terug oor vyf jaar van studenteproteste en konstateer dan dat hulle in mees= te gevalle verhaas is deur 'n administratiewe daad wat as arbitrêr ge= interpreteer is en dat dit impetus ontvang het wanneer administrateurs voortgegaan het om eensydig en dwingend op te tree.[59)] Dit is trou= ens ook 'n feit dat die houding van anti-outoritêrianisme gemanifesteer is in die optrede en interne prosesse binne die aktivistiese organisa= sie self; so het die „Students for a Democratic Society" sowel as die „Student Non-violent Co-ordinating Committee" byvoorbeeld getrag om hulle funksionering te desentraliseer op 'n radikale wyse. Hulle lede is ook sterk krities teenoor leierskap ingestel wanneer dit te aanma= tigend word.

59) Cf. Flacks. The liberated generation, p. 359.
Walter Metzger behandel in 'n artikel in Daedalus die hele Columbia-debakel in 1968 onder die gesigspunt van 'n aanslag van die opstandige studente op die outoriteit van die universiteit. „I think it can be said that at no other university up to that moment was the attack on authority so jugular, the crisis of legitimacy so complete."
Metzger, Walter. Authority at Columbia. Daedalus, Fall, 1969. (In Wallerstein and Starr, op. cit., I, p. 330.)
Cf. Bander, op. cit., p. 20.

Die saak kan ook uit 'n ander gesigspunt benader word. Baie van die protesaktiwiteite aan universiteite openbaar 'n soeke na nuwe vorme van mag deur hulle wat self magteloos voel. Dit is 'n wyse waarop studente hulle wil laat geld. Sommige van hierdie vorme is meer kultureel as polities. Kleredrag, musiek, taal, selfs ver=dowingsmiddels word wapens van provokasie en uittarting, nie alleen om hulle te onderskei van die res van die samelewing nie, maar ook om invloed en outoriteit vir hulle op te eis. Die meer politiek-gekleurde protesaktiwiteite soos massabetogings, „sit-ins", studen=testakings, ontwrigting en selfs geweld, wat per slot van rekening op politisering van die kampus neerkom, word eweneens 'n metode om outoriteit op te eis en verandering af te dwing.

Vanuit hierdie gesigspunt neem die proteste die vorm van rebellie aan, indien nie revolusie nie. Sheldon S. Wolin en John H. Schaar tipeer hierdie proses soos volg: „On the political side, what has taken place on the campusses is best described as rebel=lion against the established forms and holders of authority and search for new modes of authority."[60] Die gebrek aan respek vir reëls en amptenare van die kampus moet dus as 'n de-legitimisering van outo=

60) Wolin and Schaar, op. cit., p. 17.
Cf. Peterson, op. cit., pp. 83, 84.
Bloustein gee 'n kort opsomming van die groot verskeidenheid van strydpunte wat in die loop van jare op verskeie kampusse gegeld het en dan konkludeer hy: „The connection between these seemingly isolated forays is that they all represent a

riteit gesien word, 'n trek wat die kultuur in die algemeen kenmerk. Indien die studente daarin geslaag het om die bestaande outoriteit sy letitieme hoogagting tot 'n mate te ontneem, is dit 'n vraag of hulle self enige noemenswaardige outoriteit ontvang het. Op hierdie vraag sal ons later moet ingaan.

Meermale is daarop gewys dat swak outoriteite wat in hoë posisies staan en nie daarin slaag om hulle gesag reg te beoefen nie, geensins respek afdwing nie maar eerder weerstand, minagting en vyandigheid opwek. Halfhartige outoriteit opereer soos 'n boemerang omdat dit studenteradikaliste aanmoedig tot rebellie. Outoriteit veronderstel nie noodwendig hardheid nie, maar dit kan ook nie sonder ferm op=

testing of the academic decision process, they all go to chal= lenge the legitimacy of the constitutional apparatus of the college or university." Bloustein, Edward J. The new student and his role in American colleges. (In Brickman and Lehrer, op. cit., p. 59.)

Cf. ook Skolnick, op. cit., pp. 99, 100. Skolnick onderskei twee fases in die ontwikkeling van studenteaktivisme in die V.S.A. Voor 1965 was daar heftige kritiek, meningsverskil en selfs protes rondom verskeie strydpunte, maar oor die alge= meen het dit nog gepaard gegaan met die aanvaarding van die legitimiteit van die Amerikaanse politieke opset en van die universiteit. Dit was die eerste fase. Met die tweede fase egter, na 1965, „a considerable number of young people, particularly the activist core, experienced a progressive deterioration in their acceptance of national and university authority."

trede gehandhaaf word nie.[61]

In dié verband is ook die hele kwessie van die soeke en vinde van 'n kompromie tussen die aangeklaagdes en die aanklaer relevant. Die publiek en die massamedia is maar te gou om kritiek uit te oefen as 'n kompromie nie gou bereik word nie. Die studenteopstande in Amerika het aan die lig gebring dat die ekstremiste geen kompromie, selfs die mees redelike, soek nie. In baie gevalle is die pogings tot 'n kompromie tot mislukking gedoem eenvoudig omdat enige kom=promievoorstel van die kant van die „vyand" deur die radikaliste as moreel onaanvaarbaar beskou word. Enige toestemming beteken in laasgenoemde se oë 'n saluut aan die vyand.[62] By die behandeling van die metodes van die radikaliste is hierdie saak reeds breedvoerig bespreek.

Op hierdie stadium word nie weer aandag gegee aan die vraag in hoe=verre die studente legitieme aanleiding en rede vir protes in watter vorm ookal gehad het nie. Dit is reeds aan die orde gestel by die behandeling van die faktore wat tot die studenteopstande bygedra het. In die algemeen kan net bygevoeg word dat konfrontasie kenmerkend

61) Shils, op. cit., pp. 19, 20.
Cf. Jencks and Riesman, op. cit., p. 49.

62) Searle, op. cit., p. 7.

is van omstandighede waar 'n beleid nie die regte kanale vir kommu=nikasie met die outoriteite voorsien nie. Politieke groepe kom mak=lik tot aktivistiese demonstrasies wanneer hulle vind dat hulle deur die gesagstruktuur geïgnoreer word. Die bestaan van studente=opstandigheid verraai egter in sigself volgens Seymour Lipset, nie noodwendig die afwesigheid van sulke kanale nie. Die jeug word maklik ongeduldig en gefrustreerd as daar nie onmiddellik op hulle versoeke gereageer word nie. Ten opsigte van baie eise in die Ame=rikaanse situasie soos bv. die beëindiging van die Viëtnamoorlog, die gelykberegtiging van blank en nie-blank en die opheffing van armoede is daar natuurlik geen korttermynoplossing moontlik nie. Die gevolg is dat radikaliste-ongeduld omslaan in -rebellie.[63)]

Die vraag kom op in hoeverre die studenteaktiviste in hulle poging tot ondermyning van gesag geslaag het. Gedagtig aan die feit dat hulle hul teen die hele „Establishment" gerig het, is die mate van sukses moeilik aanwysbaar. Nietemin bly dit 'n feit wat kultuur=filosowe nie ontken nie, dat daar gedurende die laaste dekade 'n aan=sienlike de-outorisasie van menige grote instelling plaasgevind het, en tot hierdie fenomeen het die „New Left" geen geringe bydrae ge=maak nie. Oor die hele front van die kulturele lewe van Amerika blyk daar vandag 'n krisis te bestaan ten opsigte van siviele en mili=têre verpligtinge en gesag. Of dit nou 'n eenvoudige plaaslike muni=sipale bywet is en of dit 'n veel ernstiger militêre dienspligwet is -

63) Lipset. American student activism in comparative perspective, p. 16.

dit word lughartig oortree.[64]

Die studenteonluste gedurende die sestigerjare het in meer as een opsig 'n revolusionêre karakter geopenbaar. Een van die belang= rikste agtergrondsfaktore in dié verband is die bevraagtekening van die legitimiteit van die outoriteit, die doelbewuste ondermyning van gesag en die voortdurende uitdaging van diegene wat aan bewind is. Dit het die studenteaktiviste in woord sowel as in daad, soms vreed= saam en soms blatant gewelddadig, gedoen. Hulle het hulle pyle op die hele „Establishment" en op al die institusies daarvan gerig - nie die minste op die universiteit nie.

Die onophoudelike aanvalle op die universiteit as instelling het onge= twyfeld die gesag van die akademie in Amerika en die vertroue in die outoriteit van universiteitsowerhede ondermyn. Akademici self het naderhand begin twyfel aan hulle eie morele en juridiese outoriteit. „Many academic men no longer really believe they have a right to define a curriculum for their students or to set standards of per= formance, much less to prescribe the modes of thought and feeling appropriate to 'an educated man'."[65]

Dit kan dus gesê word dat die outoriteitskrisis waaroor dit eintlik in hierdie paragraaf gaan, ten diepste 'n vertrouens- of legitimiteits=

64) Wolin and Schaar, op. cit., p.125.

65) Trow, Martin. The transition from mass to universal higher education. (In Graubard and Ballotti, op. cit., p.35.)

krisis is. Die betrokkenes het vertroue verloor in die gesag, soveel so dat hulle deur middel van die idee van deelnemende demokrasie vir hulleself gesag opgeëis het.

## 6.2 Ekonomies

Naas die sosiale faktore teen die agtergrond waarvan studenteaktivis= me gesien moet word, is daar 'n volgende uiters belangrike terrein wat die aandag verdien, naamlik die ekonomiese. In 'n eeu waarin die kapitalisme sy grootste triomf behaal het en in 'n land soos die V.S.A. waarin, binne die kapitalistiese stelsel, die materialisme die god van die tyd geword het, is dit 'n vraag of hierdie faktor nie miskien die ernstigste is nie.

Ons het vroeër reeds daarop gewys dat ons by die jeug met 'n post-moderne generasie te doen het omdat hulle die eerste geslag kinders van moderne ouers is.[66] Een van die belangrikste kenmerke van dié generasie is ook dat hulle die eerste is wat nooit armoede geken het nie. Hulle ouers het groot geword in 'n tyd van worsteling wat be= tref hulle fisiese bestaan. Ongetwyfeld het hulle ouers die sorge en skaarste, die spanninge en inspanning aan die lyf gevoel wat die de= pressiejare meegebring het. Hulle kinders daarteenoor het groot

66) Cf. par. 6.1.2.1.

geword in die tyd na die Tweede Wêreldoorlog toe die ekonomiese stand van feitlik elke Westerse beskawing en insonderheid van Ameri= ka hand oor hand verbeter het. Elke gemiddelde huisgesin het op die mees direkte wyse die ervaring van materiële voorspoed, ekono= miese welvaart en finansiële vooruitgang beleef.

Hierdie toestand van sake het in menige Amerikaanse huis sulke prak= tyke soos spaarsaamheid en oordeelkundigheid laat verdwyn, en in die plek daarvan het op 'n spontane en ongedwonge wyse die praktyk van oorvloed gekom. Die moderne Amerikaanse huis is op die groots moontlike gerief en gemak afgestem. Daarom beskik dit oor alle moontlike huishoudelike toebehore wat die lewe kan vergemaklik. Die handelswêreld met 'n uiters gerigte en doeltreffende advertensie= wese deur middel van die modernste kommunikasiemedia slaag daarin om die nuutste en die beste verkoopsartikels onder die aandag te bring. Met 'n besondere aantreklike huurkoopstelsel aan die kant van die be= sighede en met vroeër ongekende inkomste aan die kant van feitlik elke gemiddelde broodwinner, is die weerstand om spaarsaam te lewe grootliks afgebreek.[67)]

67) Cf. The report of the President's commission, pp. 71, 72; Keniston. Young radicals, pp. 229, 230; Hallack, S. L., op. cit., p. 120; Flacks, Who protests: The social bases of the student movement. (In Foster and Long, op. cit., p. 135.)

In die lewe van die kind en jongmens wat in hierdie omstandighede van oorvloed groot geword het, kon die effekte nie uitbly nie. Vanaf hulle vroegste jare kon hulle van die veronderstelling uitgaan dat daar van alles genoeg is. Nie alleen was daar voldoende om in die nodige behoeftes te voorsien nie, daar was ook genoeg vir gereelde vakansie, vir 'n televisiestel, vir 'n redelike nuwe model motor, indien nie die nuutste nie, en vir 'n oormaat van produksie om in die behoeftes van eet en drink te voorsien. In hulle wêreld het die kinders onder die indruk gekom dat almal rondom hulle aan dieselfde welvaart en luukse deel het, en dat dit die mees vanselfsprekende saak ter wêreld is. In baie gevalle was dit nie voordat die periode van adolessensie en sosiale bewussyn bereik is dat hulle van sulke akute probleme soos honger, diskriminasie en armoede bewus geword het nie. Die oor=vloed kon hulle verseker van 'n toekoms van ekonomiese sekuriteit, van die voorreg van 'n lang en deeglike studieloopbaan en dus van 'n onbesorgde voorbereiding vir 'n toekomstige beroep.[68)]

Dit is egter opvallend dat in die geval van die aktiviste die lewe van oorvloed reeds nie laasgenoemde uitwerking gehad het nie. Talle ondersoeke het aan die lig gebring dat die radikaliste onder die stu=dente, of dit nou die kultureel vervreemde Hippie of die politiek ge=kompromitteerde aktivis is, afkomstig is uit die gemiddeld hoë-inkom=ste families. Richard Flacks noem hulle selfs as afkomstig van die „predominantly upper middel class".[69)] Veel meer dus as in die

68) Loc. cit.

69) Flacks. The liberated generation, p. 357.

geval van die deursneelid van die jeuggenerasie, het die studente=radikaliste deel gehad aan die gemak en gerief, die oorvloed en selfs die weelde van die afgelope dekades. Flacks noem die voorbeeld van 'n bepaalde SDS-vergadering waarop 'n paar honderd lede teen=woordig was op wie 'n beroep gedoen is om bydraes vir 'n bepaalde fonds te lewer. Geheel en al in die gees van die SDS moes elke donateur by wyse van apologie sy gesinsagtergrond of die beroep van die vader openbaar en dan 'n bydrae maak. Hieruit het in die eer=ste plek die hoë stand waaruit hulle afkomstig was, geblyk en in die tweede plek die beskikbaarheid van hoë bedrae wat hulle onmiddellik kon afstaan.[70)]

Uit 'n studie wat in 1966 uitgevoer is en waarin protesteerders en nie-protesteerders in 'n sekere „sit-in" aan die universiteit van Chicago met mekaar vergelyk is, het geblyk dat die sosiale klas waaruit die protesteerders gekom het, die „upper middle"-klas was. Hulle familie-inkomste was buitengewoon hoog, hulle ouers se onder=wysopleiding was buitengewoon gevorderd, en hulle vaders se beroe=pe was hoofsaaklik die hoër professionele beroepe soos medici, advo=kate en dosente. Anders was die geval met die nie-protesteerders. Flacks konkludeer: „Thus the student movement represents the dis=affection not of an underprivileged stratum of the student population but of the most advantaged sector of the students."[71)] Charles Hampden-Turner stel dit nog sterker: „Young radicals are the child=

70) Loc. cit.

71) Ibid., p. 358. Cf. Flacks. Who protests?, p. 137.

ren of affluence, the first of many to be satiated by the 'consumer paradise' of upper middle class America." [72]

Die effek van die ekonomiese oorvloed in die jeuglewe word meermale soos volg beskryf: oorvloed wat onverdiend is en wat nie gepaard gaan met 'n tradisie van diens, arbeidsaamheid en toegewydheid nie, skep 'n gees van rusteloosheid, verveling en sinloosheid by die jeug. Kinders wat in die samelewing van oorvloed opgroei, het meermale probleme om tot doelgerigtheid te kom. In die nimmereindigende soeke na meer afleiding, groter genot, nuwe vryhede, ens. wat die lewe in oorvloed bied, ontwikkel 'n gevoel van onvergenoegdheid en frustrasie. Waarskynlik het ouers ook hier 'n bydrae gelewer. Hulle het aan hulle kinders niks weerhou nie en letterlik alles gegee behalwe 'n sin vir trots in betekenisvolle werk. [73]

Die Scranton-kommissie is oor hierdie houding van die ouers baie uitgesproke: „The parental generation's liberalism expressed itself most characteristically in the belief that their greatest personal ful= fillment came not from word, income, power, or social status, but rather from the purely non-vocational pursuits of life, - the activities of living well, and the rewards of identifying with right principles applicable to the society as a whole. They pictured work,

72) Hampden-Turner, op. cit., p. 364.

73) The report of the President's commission, pp. 71, 72.

money, discipline and ambition to their children as having little in=trinsic merit and as deserving correspondingly little praise. It was instead the high-minded virtues, such as compassion, learning, love, equality, democracy, and self-expression, which they considered worthy of respect and pursuit ... Whether for reasons of modesty or because of aspirations for higher things for their children, they persistently passed over the fact that their own comfort was usually the fruit of hard work and self-discipline."[74]

Die Amerikaanse samelewing van die afgelope aantal dekades word gekenmerk deur beklemtoning van die deugde van sukses, prestasie en die begeerte om iets te bereik. Dit het tot vergestalting gekom in 'n hoogs mededingende beroepsisteem. Persoonlike vooruitgang en doeltreffende vertoning in die beoefening van die beroep is as 'n sen=trale waarde-oriëntasie van hierdie ekonomies ontwikkelde kultuur be=skou, en tog is dit reeds hierdie dinge wat nie in die lewensbeskouing van die aktivis bly steek het nie. Dit is reeds hierdie dinge waar=teen hulle in opstand kom, waarskynlik as gevolg van die oorvloed wat hulle beleef het. Die bereiking van 'n hoë status of van materi=ële voordele het relatief min effek op 'n individu wat reeds van huis=uit oor hoë status en oorvloed beskik. Dit beteken dat hierdie stu=dente minder beroepsgeoriënteerd is.[75] Dit verduidelik waarom die

74) Loc. cit.

75) Cf. Flacks. The liberated generation, pp. 363, 364.

linkse aktiviste wat in Boston ondervra is, die vaagste beroepsplanne van enige groep gehad het. Dieselfde was die geval met 'n groep protesteerders wat in Chicago in verband met hulle beroepsidentiteit ondervra is.[76)] Onder die groep wat Keniston bestudeer het, was daar nie 'n enkele een wat oogmerke aangaande 'n vaste beroep ge= had het nie. Hulle het hoogstens in die beweging self of in een of ander sydelingse akademiese posisie vir hulleself 'n taak gesien.[77)]

Aangesien meeste navorsers hierdie saak beklemtoon, skyn dit of mens hier te doen het met die eerste generasie waarin 'n aansien= like getal van jeugdiges beide die drang besit om hulleself los te maak van enige konvensionele statusbelange en wat dit ook kan bekos= tig. Die toestand van oorvloed waarin hulle deel, het hulle vir ten minste 'n lang periode geleentheid gegee om hulle hierdie „vryheid" te veroorloof. Terwyl hulle onder toestande van ekonomiese se= kuriteit in gesinne van relatief hoë inkomste en status opgegroei het, was die normale prikkellende faktore van die samelewing - status en inkomste - vir hulle van relatief weinig belang. Hulle het selfs aanmoediging ontvang en geleer om sulke prikkels te verag.[78)]

Een van die konsekwensies van die ekonomiese agtergrond van die

76) Hampden-Turner, op. cit., p. 366.
Cf. Flacks, op. cit., pp. 363, 364.

77) Keniston. Young radicals, p. 247.
Cf. Lubell, op. cit., p. 65.

78) Flacks. Who protests?, p. 151.

aktiviste is ongetwyfeld dat hulle hul gaan bemoei het met diegene wat nie in dieselfde weelde deel nie. Dit is in 'n mate 'n reaksie=verskynsel en in 'n mate 'n vergestalting van die kontrakultuur. Hul=le sekuriteit het hulle daartoe gebring om hulle te identifiseer met andere wat sodanige sekuriteit ontbeer; hulle oorvloed het by hulle kommernis gewek vir die armes en hulle „vryheid" het hulle genoop om aandag te gee aan diegene wat in 'n toestand van „slawerny" ver=keer. Hierdie reaksie van die radikaliste, so toon Keniston aan, is nie as gevolg van 'n gevoel van skuld teenoor minderbevoorregtes nie, maar as gevolg van verontwaardiging. Hulle bedoeling is ook nie om, soos dit gewoonlik die geval is in ander revolusies, hul eie posisie te verbeter nie, maar om aan andere te besorg wat hulle self reeds besit.[79)]

'n Tweede belangrike konsekwensie van die lewe in oorvloed is dat jeugdiges baie keer met die bestaande orde in konflik kom. As ge=volg van hulle psigologiese ingesteldheid en sentrale waarde-oriëntasie waaroor ons reeds gehandel het, is hulle dikwels sosiale kritikasters.

## 6.3 Polities

### 6.3.1 Inleiding

In die behandeling van die politieke agtergrond van studenteopstande

79) Keniston. Young radicals, p. 246.
Cf. Searle, op. cit., p. 157.

en veral van die aktiviste self, moet in gedagte gehou word dat die politieke faktor beslis nie maar net 'n agtergrondsfaktor is nie. Ons het reeds in die behandeling van die strydpunte of stimulerende fak=tore waarom dit gegaan het in studenteonluste, bemerk dat die buite-universitêre faktore die rassevraagstuk en die oorlogvraagstuk was. Beide hierdie vraagstukke het alles met politiek te doen. Die mees=te direkte oorsake van studenteaktivisme was ongetwyfeld polities van aard. Op hierdie vraagstukke word nie weer gelet nie.

Die ondersoek na die politieke agtergronde lei ons na die terreine van die huislike en sosiale omstandighede en toestande van die akti=vis. Selfs die hoër onderwysinrigting wat hy bywoon en die bepaal=de kursus en dissiplines wat hy volg, kom hier in die gesigsveld.

Uiteraard moet die oorspronge van politieke aktivisme onder studente in die politiek self gesoek word. Die verklaring vir groter politieke aktivisme in sekere tye moet ook op politieke vlak gevind word. In 'n samelewing waar, vir watter redes ook al, politieke en sosiale waardes bevraagteken word en in tye waarin die legitimiteit van poli=tieke en ekonomiese optrede van die owerheid en openbare instellings betwyfel word, sal ook 'n sterk toename van studenteaktivisme voor=kom.

### 6.3.2 Oorsaak of gevolg

Die vraag kom op in hoeverre politieke en sosiale ontevredenheid en misnoeë die oorsaak van studenteaktivisme is en in hoeverre dit die gevolg daarvan is. Albei hierdie gesigspunte besit 'n element

van waarheid. In die geval van Amerika het politieke wantoestande as direkte oorsaak gedien, maar dit is belangrik om te erken dat studenteaktiviste wat eenmaal op dreef is, met gebruikmaking van hulle verskillende metodes, geen geringe rol in die vorming van die publieke opinie gespeel het nie. So gesien kan dit geïnterpreteer word dat studente juis die ontevredenheid veroorsaak of ten minste aangemoedig het. Seymour Lipset stel dit soos volg: „Social un= rest causes student unrest, but once students and intellectuals start expressing their disquiet, they have been in many ways the vanguard of revolution."[80)]

### 6.3.3 Politieke oortuiging van aktiviste se ouers

Wat die houding van die ouers van aktiviste tot die politiek betref, het Richard Flacks in sy ondersoek tot interessante gegewens gekom. Terwyl van die meerderheid van studente in die algemeen geld dat hulle uit huise kom wat beskryf kan word as gematigd konserwatief en republikeins, kan dit nie van die studenteaktiviste gesê word nie. Hulle ouers is in die reël demokrate. Meer nog, navorsing gebaseer op hierdie studente se rapporte oor die politieke opvattings van hulle ouers, suggereer dat die ouers van aktiviste neig om meer liberaal te wees as die ouers van nie-aktiviste. Hierdie bevindinge korreleer met 'n studie wat die ondervraging van die ouers self in=

80) Lipset, Seymour M. The possible effects of student activism on international politics. (In Lipset and Altbach, eds. Students in revolt, pp. 497, 498.)

gesluit het. Die onderhoude onthul substansiële kontinuïteit tussen die opvatting van studenteaktiviste en dié van hulle ouers ten opsigte van vraagstukke soos die oorlog in Viëtnam, burgerregte en ander punte van studenteproteste. Die ouers van die aktiviste varieer polities van gematigde liberalisme tot radikalisme. Soveel as 15% tot 20% van die ouers van aktiviste is gerapporteer as sosialiste of radikaliste. Die konklusie waartoe Flacks kom, is dat, hoewel daar groot ooreenkoms bestaan tussen studenteaktiviste en hulle ouers ten opsigte van politieke oortuiging, buitelandse beleid, ont=wapening, steun vir burgerregte, steun vir vryheid van spraak, aan=vaarding van toenemende geldbesteding vir sosiale welsynsdoeleindes en 'n algemene negatiewe houding ten opsigte van 'n harde anti-kom=munistiese beleid, dit duidelik is dat studente tipies meer radikaal as hulle ouers is. Vir die grootste deel is die sterker radikalisme van die studente in terme van 'n pessimistiese en afkerige houding teenoor die Amerikaanse lewenswyse uitgedruk. Verder kom dit uit in 'n aansienlik sterker ondersteuning van siviele ongehoorsaamheid en ander vorme van direkte optrede, 'n meer skeptiese of vyandige houding teenoor tradisioneel liberale leiers en simbole, en aan die kant van 'n deel van die studenteaktiviste, 'n sterker identifikasie met sosialistiese of ander ideologiese vorme van radikalisme.

Die sterkste en mees opvallende verskil tussen hierdie ouers en hierdie studente is dat laasgenoemde op grond van hulle oortuigings gaan handel het terwyl die ouers oor die algemeen gewoonlik nie in politieke sake aktief was nie. Dit kan dus aanvaar word dat die grootste meerderheid studente in die beweging nie bekeerlinge is tot die standpunte wat hulle nou huldig nie; hulle politieke ontwikkeling

kan beter verstaan word as 'n poging om sekere breë waardes en per= spektiewe wat hul van hul ouers ontvang het, uit te druk en te verwe= senlik.[81]

In die lig van bogenoemde bevindinge kan dit verstaan word dat die reaksie van ouers op die aktivistiese gedrag van hul kinders neerkom op goedkeuring of ten minste stilswyende aanvaarding. Baie selde het dit die opposisie van die ouers tot gevolg. Ouers stem saam met die doeleindes van hulle kinders en as daar by hulle kommer oor hulle aktiwiteite is, dan is dit net oor die moontlikheid van tronkstraf of besering.[82]

### 6.3.4 Universiteite se invloed

Die volgende vraag wat ons aandag verdien, is in hoeverre die uni= versiteit en die universiteitslewe self op die aktivis ten opsigte van sy politieke oortuigings invloed uitoefen. Dit is oor en oor bewys dat die universiteitslewe geleentheid bied aan die student om politiek te gebruik as 'n besonder kritiese bron van selfekspressie. In dié verband dui gegewens wat uit opnames van studentehoudinge getrek is daarop dat universiteite 'n liberaliserende effek op die jongmense het, veral met betrekking tot universele opvattinge soos rassegelykheid,

81) Flacks. Who protests?, pp. 138 - 140.

82) Lipset. The politics of academia. (In Nichols, op. cit., p. 86.)

vryheid van spraak, internasionalisme, vrede en soortgelyke vraag=stukke. Studente word ruim geleentheid gebied om politieke sake te bespreek en te bestudeer.[83)] Van die kant van konserwatiewes kom daar selfs die beskuldiging dat die universiteite 'n invloed van korrupsie op studente het vir sover dit hulle politieke en morele in=sigte en oortuigings betref.[84)]

Die universiteite, en dit geld van alle geïndustrialiseerde nasies, het in die laaste dekades sentra van kritiek teen die bestaande orde ge=word. Daar is geleerdes wat hierdie kritiese funksie van die uni=versiteit in verband met die ondersoek na die doel, praktyke en be=tekenisse van elke element van die samelewing as 'n wesentlike funk=sie van die universiteit beskou. Dit word dan die vierde funksie naas onderwys, navorsing en publieke diens. Wat ook al die legi=timiteit van so 'n opvatting mag wees, 'n opvatting wat deur Keniston sterk verdedig word, ons kan met hom saamstem as hy beweer: „Criticism is the cuckoo's egg in the otherwise harmonious nest of traditional university functions."[85)]

In hierdie lig besien en in die wete dat aan die Amerikaanse univer=siteite vanweë hul basies liberale inslag, hierdie praktyk van kriti=sisme lank reeds aan die gang is, kan dit veronderstel word dat ak=tiviste onder studente ongetwyfeld van sommige van hulle leermeesters

83) Lipset. Americal student activism, p.18.

84) Ibid., p.29.

85) Keniston. Youth and dissent, p.128

steun ontvang het, indien nie deur hulle aangehits nie. As hierdie veronderstelling reg is, dan het ons een van die belangrikste bronne vir die verstaan van studenteaktivisme aangehoor, belangriker in elk geval as menige ander meewerkende faktor. Dit hoef egter nie by 'n veronderstelling te bly nie. 'n Uitspraak van Seymour Lipset, wat as die mees betroubare outoriteit op die gebied van politieke ak=tivisme onder studente beskou kan word, is ewe skokkend as onthul=lend: „In the most general sense, I would argue the case that the major contribution of the faculty to student unrest in the post-1964 period is not found in the various malefactions of which its critics accuse it, such as not teaching, ignoring students, spending time in extramural money-making or status-enhancing tasks, but rather that a significant section of the faculty in the institutions which have been the largest centers of student radicalism have enouraged the political values underlying such protest."[86)]

In die praktyk kom dit dus daarop neer dat die studente wat van huis uit reeds met linkse of radikale idees op die kampus beland, een teen tien dosente sal raakloop wat die radikale politieke en sosiale oortuigings van die studente se ouers deel. In sekere klasse waar die sake relevant is, sal hulle dit ook tydens lesings en gesprekke hoor.

In dié verband vind daar soms 'n eienaardige reaksie by die liberaal-

86) Lipset. The politics of academia, p. 86.

linkse studente plaas. As hulle kursusse aan die universiteit neem waarin politieke sake behandel word, vind hulle wel korrelasie met die opvattings wat tuis gehuldig is en wat in hulle eie gemoedere leef. Maar sommige van hulle vind dan tot hulle grootste teleurstel= ling, dat hulle leermeesters, ondanks hulle kritiek, tog 'n beskaafde, nie-radikale voorstelling van geleidelike hervorming daarop nahou. Net soos hulle ouers, doen ook hulle liberale professore dus weinig om Amerika te verander en om die euwels waarvan hulle almal praat, te stuit - so kom dit hulle immers voor. Daarom beskuldig die studenteaktiviste sowel die ouers as die universiteit van huigelary.[87)]

### 6.3.5 Korrelasie tussen politieke opvatting en akademiese belang= stelling

Nog 'n algemene bevinding in verband met die politieke gerigtheid by die studenteaktiviste is die duidelike korrelasie wat daar bestaan tussen die politieke oriëntasie van studente en sekere akademiese dis= siplines wat hulle neem. Oor die algemeen blyk dit dat die linkse studente meer geneig is om kursusse in die humaniora en veral die sosiale wetenskappe te neem. Hulle gee dus voorkeur aan die teo= retiese vakke in die wetenskap, meer as aan die praktiese, toegepaste

87) Ibid., p. 87.

of eksperimentele vakke.[88)]

Hampden-Turner het op grond van 'n navorsingsprojek oor die studente betrokke by die Berkeley-opstand, dieselfde bevindinge onderstreep: studente van die „Business School" was glad nie verteenwoordig onder die rebelle nie, terwyl natuurwetenskappe soos ingenieurswese, fisika en matesis onderverteenwoordig was. Die skrywer interpreteer dit so dat hierdie studente reeds hulle oë op winsgewende indiensneming gevestig het. Die „System" het hulle nodig en hulle het die „System" nodig. In teëstelling daarmee was studente in die skeppende kunste, humaniteitswetenskappe en sosiale wetenskappe oorverteenwoordig. Turner is nog skerper en meer sinies as hy beweer dat studente met verkoopbare tegniese vaardighede wat psigo-sosiaal onderontwikkeld is, nodig is om in diens van die masjinerie van die status quo gestel te word. Aan die ander kant is die studente met kritiese, intellektuele en humanistiese vaardighede minder in aanvraag.[89)]

88) Lipset. American student activism in comparative perspective, p. 24.
Lipset aksentueer hierdie faktor in feitlik al sy geskirfte. Cf. Student politics, p. 221; Student activist, a profile. Dialogue, Vol. 2, 1969, No. 2; Students and politics in comparative perspective. (In Lipset and Altbach, Students in revolt, p. xxix.)

89) Hampden-Turner, op. cit., p. 368.

## 6.4 Religieus

### 6.4.1 Inleiding

Die V.S.A. kan op baie dinge roem en dit beweeg op die voorpunt van die beskawing ten opsigte van verskillende aspekte van die moderne ontwikkeling. Dit beskik oor mag en geld, oor getalle en tegniese vaardigheid, oor werkvermoë en 'n gees van vooruitstrewenheid, maar daar is een saak waaroor Amerika nie kan roem nie, en dit is 'n be= stendige religieuse verlede, nog minder kan dit op 'n voortreflike, re= ligieuse hede roem. Die hoogstaande godsdienstige sin en toegewyd= heid van die „Pilgrim Fathers" van die vroeë 17de eeu was blykbaar nie sterk genoeg om 'n blywende stempel op die Amerikaanse volks= lewe af te druk nie.

Hulle Protestants-Calvinistiese oortuiging en lewenswyse is vroeg in die geskiedenis van Amerika deur 'n vloed van Arminiaanse leerstel= linge oorspoel. Volgens Timothy L. Smith is die Arminiaanse „doctrines of free will, free grace, and unlimited hope for the con= version of all men", deur meeste denominasies aanvaar, terwyl die Calvinistiese geloof in die predestinasie „could hardly survive amidst the evangelist's ernest entreaties to 'come to Jesus'."[90]

90) Smith, Timothy L. Revivalism and reform in Mid-Nineteenth century America. New York, Abingdon Press, 1957, pp. 88, 89.

6.4.2 Pluralisme

Die mees ingrypende ontwikkeling wat in die godsdienstige verlede van Amerika plaasgevind het, is die aanvaarding van die „Bill of Rights". Die Eerste Amendement daarvan verbied die vestiging van 'n staatskerk.[91] Dit was weliswaar die legalisering van 'n toestand wat reeds in Amerika bestaan het. Nietemin het dit ingrypende ge= volge gehad. Geen enkele godsdienstige gesindte of kerklike denomi= nasie sou ooit in Amerika die voorrang bo 'n ander kon geniet nie. Geen enkele kerk in Amerika kon in die verlede namens die hele volk spreek nie; as private assosiasies is alle religieuse liggame wetlik gelyk aan mekaar.

Hoewel religieuse groeperinge en kerke dwarsdeur Amerika identifi= seerbaar met Amerikaanse kwaliteite gestempel is, is hulle gediver= sifiseer, altyd dinamies en pluralisties. Met hierdie kwalifisering van die Amerikaanse godsdienstige lewe as pluralisties, is die eerste en belangrikste karakteristiek daarvan blootgelê. Die enkele gebeur= tenis van die toepassing van „The Bill of Rights" vir sover dit die voorkoming van 'n gevestigde staatskerk raak, was ontsaglik belangrik

91) Die konstitusie van die Federale Regering wat met die Philadel= phia Konvensie in 1787 aanvaar is, het godsdiensvryheid reeds gewaarborg maar dit is deur die Eerste Amendement in 1791. aangevul.

Ten opsigte van godsdiensvryheid nou, bepaal die Eerste Amen= dement: „Congress shall make no law respecting an establish= ment of religion, or prohibiting the free exercise thereof."

vir die verdere ontwikkeling van die kerklike en religieuse lewe in die verlede. Ook is dit belangrik vir die begrip van die huidige gods=dienstige stand van sake.

Dit kan in 'n sekere sin beide as die produk én die oorsaak van deno=minasionalisme beskou word. Die bepaalde Amendement in die „Bill of Rights" het onwillekeurig verskillende konsekwensies meegebring: alle kerke is op vrywillige bydraes aangewys; lekeverteenwoordiging en -kontrole in kerklike organisasies is gestimuleer; lokale onafhank=likheid en selfs afskeiding van individuele denominasies of sektes is in die hand gewerk; gesamentlike en versterkte optrede van politieke en religieuse outoriteite is verminder en religieuse en politieke orga=nisasies is grotendeels van mekaar geïsoleer.

In teëstelling met baie lande in die Westerse halfrond kan die V.S.A. in die huidige tyd van ekumeniese denke nie die idee van 'n universele kerk begryp nie. Dit is aan die bovermelde verloop van sake toe te skryf. Dit begryp alleen die empiriese bestaan van talle tipes kerke, kultusse, sektes, denominasies en allerlei godsdienstige samestellinge. Die godsdienstige en kerklike lewe van Amerika is basies pluralisties. Robin M. Williams skryf in die verband soos volg: „Whatever unity there is in American religion is cultural rather than organizational, diffuse convergence rather than an authoritative and centrally controlled system of beliefs and symbols."[92)]

92) Williams, Robin M. jr. American society, a sociological interpretation. New York, 1961, p. 339.

Op hierdie pluralisme as een van die mees prominente trekke in die Amerikaanse godsdienstige lewe het Franklin Littell op oortuigende wyse gewys.[93)]

6.4.3 Vrywillige organisasies en die kerk as sosiale instelling

Op 'n tweede belangrike karakteristiek wys Seymour Lipset in sy boek „The first new nation". Die beëindiging van die bevoorregting van 'n bepaalde religieuse instelling en die groei van sektes wat daarop gevolg het, het meegebring dat 'n nuwe struktuur van morele outori= teit geskep moes word om die eenmaal dominante skakel tussen kerk en staat te vervang. Die gevolg was dat in New England baie Kon= gregasionalistiese predikante- en lekeleiers besef het dat hulle vry= willige organisasies in die lewe moes roep ten einde moraliteit te beskerm in 'n demokratiese samelewing wat die skakel tussen kerk en staat verswak het. 'n Groot aantal organisasies en assosiasies van lokale en nasionale opset vir doeleindes soos binnelandse sending= werk, verspreiding van Bybels, matigheidsbevordering, afskaffing van slawerny en bevordering van vrede het tot stand gekom. Hierdie organisasies wat rondom die kerk ontstaan, gegroei en gebloei het, het die sentrum van groot sosiale aktiwiteite en selfs van mag geword sodat daar in 1839 van hulle gesê is: „It happens, that these voluntary

93) Littell, Franklin Hamlin. From state church to pluralism: a Protestant interpretation of religion in American history. New York, Doubleday and Company, Inc., 1962.

associations are so numerous, so great, so active and influential, that, as a whole, they now constitute the great school of public education, in the formation of those practical opinions, religious, social and political, which lead the public mind and govern the country ... "[94)]

Ongetwyfeld het hierdie swaar organisasiewese rondom die geïnstitu=eerde kerk die status, prestige en selfs die gesag van die kerk self ondermyn. Dit het meermale in die geskiedenis geblyk dat 'n sterk verenigingswese wat bedoel is om die kerk te steun en te stut, swak en soms gebroke krukke word wat op kritieke momente onder die kerk padgee. Die verswakte status van die kerk is in Amerika in elk geval tot op die huidige dag nie herstel nie. Dit het inteendeel steeds vererger.

Naas die faktor van 'n wydvertakte verenigingslewe langs die kerk en ten dele daarmee ineengestrengel, moet die rol van die kerk as so=siale instelling genoem word. Die kerk in Amerika het as gevolg van verskillende omstandighede meer en meer versosialiseerd geraak, m.a.w. die sosiale funksie is oorbeklemtoon. Die karakter daarvan het van tyd tot tyd en van klas tot klas verskil. Nederhood verdui=delik hoedat die kerk vir ongeleerdes met 'n lae inkomste, vir die werkende klasse dus, 'n groter vermaaklikheidswaarde verkry het as vir ander klasse. Hy noem as voorbeeld die groot suksesse van die

94) Lipset, Seymour Martin. The first new nation. New York, Basic Books Inc. Publishers, 1963, p.16.

Baptiste onder sulke mense veral in die suide. Weliswaar kan dit beskou word as 'n verskynsel wat deel gevorm het van opwekkingstak=tiek onder hierdie soort mense. Die hoër klasse in die Amerikaan=se samelewing neig ook daartoe om die kerk vir afleiding te betrek, maar langs 'n ander weg. Hier word meer van klubs en groepe met 'n half religieuse karakter gebruik gemaak. Onder hierdie klasse egter is daar 'n ander belangrike funksie wat van die kerk verwag word, wat Nederhood outentisasie van die lewe noem. Dit beteken dat lidmaatskap van die kerk, veral van 'n belangrike kerk, 'n bydrae tot die outentisiteit van 'n persoon of van 'n gemeenskap maak. Aan die ander kant kan die lidmaatskap van 'n belangrike professionele man ook status aan 'n kerk gee en die kerk ten goede kom. „Apparently, Americans want the Church to function in society as the Bible does in the courts: the Church must authenticate the life of the community and declare that all is done with the approval and indispensable benediction of Almighty God."[95)]

6.4.4 Indifferentisme

'n Derde karakteristiek sou indifferentisme of onverskilligheid van die breë volkslae teenoor georganiseerde godsdiens genoem kan word. Williams toon aan dat daar in Amerika geen skerp skeidslyn bestaan tussen hulle wat binne die kerklike lewe en selfs godsdienstige atmos=

95) Nederhood, Joel Herman. The church as mission and the educated. Kampen, Kok, 1959, p. 40.

feer leef en diegene daarbuite nie. Daar is dus 'n totale ontstentenis aan antitese. Hier vertoon Amerika net die teenoorgestelde beeld van Nederland van voor 1950. Dit is byvoorbeeld uiters moeilik om vas te stel hoeveel lede 'n kerk het omdat daar geen duidelike grens is tussen hulle wat formeel lede is en diegene wat informeel deelneem nie. Die afkeer teen die godsdiens neem gewoonlik eerder die vorm van indifferentisme as van opposisie aan. Daarom is antiklerikalisme in die reël sag en geïndividualiseer terwyl militante opposisie min voorkom. Williams beweer dat kerke eerder van geleidelike sosiale ongevoeligheid sterf as van 'n ernstige gebrek.[96)]

### 6.4.5 Dualisme en „new religiousness"

'n Vierde karaktertrek van die religiseuse gesteldheid van die Amerikaanse bevolking in die algemeen is dat daar by diegene wat nog bewustelik godsdienstig lewe 'n mate van dualisme bestaan. Die skeiding tussen kerk en staat het in steeds toenemende mate die kerk se invloedsfeer in Amerika gaan beperk. Die kerk het in plaas van 'n wydverspreide invloedsfeer in die samelewing 'n steeds meer gerigte en beperkte rol gaan vervul. Die geïnstitueerde kerk is op weeksdae onaktief en van sy lede se godsdienstige bedrywighede kan in die samelewing niks bemerk word nie. Godsdiens in die Amerikaanse samelewing vervul dus die rol van Sondaggodsdiens.[97)] Die dualisme

96) Williams, op. cit., p. 345.

97) Lipset, op. cit., p. 168.

gaan selfs nog verder in dié opsig dat die religieuse betrokkenheid van sommige lede van die kerk irrelevant is vir hul politieke en ekonomie= se aksies. In hul daaglikse bedrywighede, in hul werk en ontspanning, in wetenskap en kuns, ens. spreek die godsdiens dus nie mee nie.

Gerard Lenski het in sy boek „The religious factor" waarin hy 'n sosiologiese studie gemaak het van die invloed van godsdiens op die politiek, die ekonomie en die familielewe, skynbaar tot 'n ander slot= som gekom. Hy konstateer dat godsdiens tog op verskillende wyses 'n konstante invloed op die daaglikse lewe van die massas in die mo= derne Amerikaanse metropolis uitoefen. Dit geld nie net vir die persoonlike vlak nie, maar ook vir die sosiale vlak waar individue hulle invloed laat geld.[98] Dit skyn asof daar 'n diskrepansie be= staan tussen die bevinding van Lenski en die stelling dat daar 'n dua= listiese trek te bemerk is in die godsdienstige lewe van menige Ameri= kaner. Dit verdien daarom nadere ondersoek. Die vraag is naamlik watter rol die godsdiens in die Amerikaanse volkslewe in die jongste verlede gespeel het. Lenski se getuienis dateer uit 1961. In 1959 het Joel Herman Nederhood in sy proefskrif „The church as mission and the educated" hierdie aangeleentheid ook aangesny. Hy vestig die aandag op die sogenaamde „new religiousness" wat Amerika na die Tweede Wêreldoorlog en veral in die vyftigerjare beleef het – 'n verskynsel wat deel van die nasionale patroon geword het.

98) Lenski, Gerhard. The religious factor. New York, Garden City, Doubleday and Comp., 1961, p. 289.

Nederhood beweer dat Amerika ongetwyfeld in baie opsigte 'n skerp godsdienstige karakter vertoon. Dit beteken allermins dat godsdiens in Amerika soos in Europa nou verbind is met die kerk. Daar is, daarenteen, 'n aanhoudende indringing van religieuse simbole in die lewe van elke dag. Nederhood verwys na Gunnar Myrdal wat voor die oorlog beweer het dat Amerika waarskynlik die mees godsdiensti= ge land in die Westerse wêreld is. In 1959, so meen Nederhood, kan die „waarskynlik" maar wegval, maar dan begin hy verder te kwalifi= seer. Die godsdienstigheid geld alleen vir sover dit die uitinge van bepaalde religieuse sentimente betref. Voorbeelde is volop: radio= stasies gee 'n pouse vir meditasie; die „New York City's Rockettes" het by geleentheid hulle dobbelary gestaak terwyl aan die gehoor ge= leentheid gegee is om na te dink oor God en te luister na die koor= sang van die Onse Vader; talle religieuse romans het die mark oor= stroom; op die gebied van sang en musiek het godsdienstige temas groot byval gevind, en selfs Hollywood het in sy filmbedryf op groot skaal op temas uit die Ou Testament teruggeval.

As Nederhood hierdie belangstelling in die godsdiens nader eksamineer, dan wys hy op die dodelike gevaar wat dit vir die Christelike kerk inhou, „for it is exactly the new religiousness which tempts the Church to identify its cause with America's cause. The new religious= ness is, after all, not a new recognition of Jesus as Lord; it contains, as we shall see, elements which may likely be perverse and demonic. The new religiousness tends to become a gigantic, national re-enact= ment of that which Paul has described as a failing to worship God

while possessing a knowledge of Him. (Romans 1:21)"[99]

In die loop van die geskiedenis was daar steeds 'n vanselfsprekende erkenning dat die guns van God die deel van Amerika is. By die koloniste wat die stigters van die nuwe nasie was, was dit 'n spon= tane en egte uiting van hulle geloof in God. In die loop van die tye het hierdie geloof aan die guns van God wat op Amerika rus, egter so verander dat dit 'n goedkoop veronderstelling geword het dat die saak van Amerika ook die saak van God is. Nederhood wys daarop dat die Amerikaanse kerk blykbaar kragteloos was om hierdie ontwikkeling te stuit. „In fact, it was in its own way, a cause of the identification in the American mind of Christianity and patriot= ism."[100]

Die „new religiousness" verteenwoordig dus die triomf van die demo= kratiese gees op die terrein van die godsdiens: die Christendom is verwater sodat dit vir niemand 'n aanstoot kan wees nie. Eintlik kom dit daarop neer dat Christendom ingeruil is vir godsdiens en die naam van God vir die Opperwese. Dit gaan dus nie meer om die vraagstukke en die antwoorde waarmee die Christendom hom al= tyd besig gehou het nie. Dit is nie meer relevant nie. Van iemand word net verwag om te besluit of hy godsdienstig wil wees of nie.

99) Nederhood, op. cit., p. 42.

100) Ibid., p. 43.

Op die populêre vlak is hierdie „new religiousness" onlosmaaklik aan radikale pragmatisme gekoppel. Die godsdiens is aangewend, selfs in die besigheidslewe om gemoedsrus, vitaliteit en selfs die oplossing van konflikte te bewerkstellig. „While Christianity has given way to religion, religion itself has tended to become a more or less desperate believing, a dogged faith in faith."[101] In die lig van hierdie nadere kwalifisering kan Lenski se uitspraak ook verstaan word.

Ons sou hier ook kon spreek van 'n moralisering en 'n demokratise= ring van die godsdiens. Wat die moralistiese tendens in die godsdiens betref kan na twee skrywers verwys word; die een beskryf die laaste deel van die 19de eeu en die ander die eerste helfte van die 20ste eeu. Denis W. Brogan verklaar van die laat 19de-eeuse religieuse lewe: „Religion became a matter of conduct, of good deeds, of works with only a vague background of faith. It became highly functional, highly pragmatic; it became a guarantee of success, moral and material. Theological schools turned from theology to a form of anthropology - a moralistic and optimistic form, but anthropology all the same. That 'the proper study of mankind is man' was the evasion by which many American divines escaped the necessity for thought about God."[102]

Hiernaas verdien die karakterisering van die godsdiens in Amerika

101) Nederhood, op. cit., p. 46.

102) Brogan, Denis W. The American character. New York, Alfred A. Knopf, 1944, p. 102.

deur William Lee Miller vermelding. Hy kom tot die gevolgtrekking dat dit moralisties is, soos blyk uit die volgende sitaat: „In the main drift of religion in America the theological and liturgical and mystical and contemplative move into the background; the hierarchial and communal give place to individualistic, the traditional to the immediate, the authoritative to the freely decided, the appeal to the will, the awareness of the ultimate to the concern with the practical life. The penumbra of beyondness, and mystery fades away, and leaves - as the core of what Americans think religion to be - moral."[103)]

Hierdie totale aanhanklikheid aan die godsdiens deur die Amerikaners word deur menige skrywer beskou as 'n bewys van die konformistiese neiging in die demokratiese samestelling. Dit het deel geword van die „American way of life". Op so 'n wyse is godsdiens gedemokra=tiseer. Die godsdiens het 'n essensiële faktor geword vir die onder=steuning van die demokratiese instellings en lewenswyse.[104)]

### 6.4.6 Sekularisme

Ten slotte word die sekularisme as karakteristiek in die godsdienstige

103) Miller, William Lee. American religion and American political attitudes. (In Smith, J.W. and Jamison, L., ed. The shaping of American religion. - Princeton, Princeton University Press, 1961, p.94.)

104) Lipset, op. cit., pp.157, 158, 159.

lewe in Amerika bespreek. Met die woord sekularisme word nie die proses bedoel waardeur die verskillende samelewingsverbande van die kerklike heerskappy losgemaak is soos wat dit na die Middeleeue in Europa deur die Renaissance en die Aufklärung bewerkstellig is nie. Met sekularisme bedoel ons 'n manier van lewe of 'n lewensbeskouing wat alleen van die geskape dinge uitgaan en wat God nie wesentlik be=langrik vir die lewe of denke van die mens ag nie. Sekularisme be=teken dat die mens van hierdie wêreld hom toegesluit het vir en afge=sluit het van die kragte van die toekomende eeu. Dit is 'n proses waarin elke herinnering aan die ewige dinge vervaag en die aardse lewe geheel en al einddoel geword het.[105)]

Die sekularisme in Amerika is volgens Lenski hoofsaaklik deur die proses van urbanisasie verhaas en vergroot. Amerika het in 'n groot mate 'n verstedelikte bevolking geword. In 1950 reeds was byna een derde van die bevolking in veertien groot metropolitaanse sentra gekonsentreer, elk met 'n inwonertal van 'n miljoen of meer. Tans sal die toestand veel erger wees. Die direkte gevolg van die sametrekking van massas mense in die moderne metropolis was dat die invloed van die godsdiens op die sekulêre instellinge substansieel gereduseer is, of selfs geheel en al uitgeskakel is.

Die stedelike omstandighede bring mense van verskeie agtergronde in noue kontak met mekaar. Hulle is verplig om in baie opsigte saam

105) Schippers, R. De Gereformeerde zede. Kampen, Kok, 1954, pp. 8, 9.

te werk, soos die produksie van goedere en dienste, die handhawing van wet en orde en alles wat die voortgang van die gemeenskap verg. Die verskille tussen hulle word meer en meer geïgnoreer. Uitein=delik word 'n lewenswyse wat vir bepaalde omstandighede bedoel is 'n gevestigde praktyk, toepaslik op alle fasette van die lewe. Daar ontstaan 'n grootste gemene deler-lewenstyl. Ook wat die godsdiens betref, word kenmerke van die spesifieke religieuse groepe al min=der beklemtoon, terwyl daar 'n gemeenskaplike kern van morele nor=me oorbly wat deur almal gedeel word. Onwillekeurig word op so 'n wyse nie net verdraagsaamheid nie, maar ook sekularisme in die hand gewerk.

Dit blyk verder dat die verstedelikingsproses wat die impak van die godsdiens op die openbare lewe verminder, terselfdertyd 'n tendens van spesialisasie en kompartimentalisasie in die hand werk. Spesiali=sasie in beide die werk van individue en organisasies vind in 'n on=gekende mate plaas in die lewe van kleiner gemeenskappe. Spesia=lisasie, weer, vermeerder die neiging van mense om 'n gebroke lewe te voer. Die lewe wat betrekking het op die werk en die wat be=trekking het op die familie, beweeg uitmekaar sodat dit twee aparte, relatief onverbonde dele van die bestaan vorm. So ook word die religieuse bedrywighede gekompartementaliseer as aktiwiteite wat met die alledaagse lewe weinig te doen het.[106)]

Lenski, skrywende in 1961, is onwillekeurig gekonfronteer met die

106) Lenski, op. cit., pp. 8, 9.

paradoks van toenemende sekularisme teenoor oënskynlik groter gods=dienstigheid. Hy argumenteer dan, in aansluiting by die redenasie van Will Herberg in sy opspraakwekkende opstel „Protestant - Catholic - Jew", dat ondanks 'n groter kerkbywoningspersentasie, die Amerikaners al hoe meer verwêreldlik. Hulle gedagtes en waardes word nie soseer uit religieuse bronne gevoed nie, maar uit sekulêre bronne. „In short, a transcendental faith is gradually being transformed into a cultural faith."[107)]

Lipset bespreek sekulariteit as 'n hardnekkige trek in die Amerikaanse godsdiens en haal verskillende skrywers aan wat dieselfde bevind.[108)] Harvey Cox het die twee tipiese faktore van die moderne lewe, nl. urbanisasie en sekularisme, tot tema van sy opspraakwekkende boek „The secular city" gemaak. Hy beweer dat die mees opvallende kenmerke van die moderne beskawing die verstedeliking en ineen=storting van die tradisionele religieë is. In ons tyd vorm die gese=kulariseerde groot stad die grondpatroon en tewens die simbool van ons kyk op die wêreld.

Sekularisme beteken vir Cox die loskom van die wêreld van sy reli=gieuse of pseudo-religieuse selfinsig, die optrek van die newels van elke geslote wêreldbeskouing, die likwidering van alle mitologiese en religieus-simbolistiese wêreldvisies. Deur die proses is religieuse wêreldvisies gerelativeer en onskadelik gemaak. Religie het nou 'n

107) Lenski, op. cit., p. 54. Cf. Littell, op. cit., pp. X, 118, 146.

108) Lipset, op. cit., pp. 151 v.

privaat saak geword terwyl pluralisme en toleransie egte kinders van die sekularisme is.

Urbanisasie omvat volgens Cox die omstandighede waarin die sekula= risme tot stand kom. In ons eeu van tegnologie is die stedelike sentrum aanspreeklik vir die noodsaaklike sosiale agtergrond van 'n steeds minder religieus bepaalde samelewing, van 'n samelewing met 'n gesekulariseerde lewenstyl.

Cox beskou die stad Boston as 'n tipiese voorbeeld van so 'n ge= urbaniseerde, gesekulariseerde maatskappy, en hy stel die vraag: Welke stad sou immers 'n sprekender simbool kon wees van 'n land waar 'n eerbiedwaardige, pseudo-godsdienstige, protestantse beska= wing besig is om sy laaste asem uit te blaas?[109) ] Op die positiewe waardering wat Cox vir hierdie hele proses van sekularisme in sy interpretasie daarvan aan die dag lê, gaan ons nie nou verder in nie omdat dit nie relevant is nie.

### 6.4.7 Godsdiens en die openbare onderwys

#### 6.4.7.1 Die openbare skool

In aansluiting by die algemene en breë godsdienstige en kerklike agter=

109) Cox, Harvey. The secular city. Toronto, The Macmillan Company, Fourth Printing, 1969.

grond in Amerika waarvan ons die verskillende karakteristieke nagegaan het, moet ons nou vasstel wat die effek daarvan was op die onderwys=patroon van die land. Die uitgangspunt van ons ondersoek en die spil waarom die argumente in hierdie afdeling sal draai, is die volgende stelling van John A. Hardon in sy boek, „The hungry generation": „Secularism has consequently posed as protector of the freedom of the human spirit and of the liberty of divergent groups and faiths. Many consider the secular state, with its independence of religious principles, one of the most precious realities of modern times. But such a view is changing. While the realization is hard in coming, historians of American culture are suggesting that the development of public, secular schools and universities has thrown the whole matter into a new and dangerous focus. They believe that the elimination of public schools as channels of our religious heritage will gradually lead to the destruction of our society. They fear that there will come a time when the sovereign State will have nothing left to protect except the vacuum produced by its own self-imposed neutralism." [110)]

Die waarheid van hierdie stelling blyk uit die historiese proses wat veral in die laaste dekades besig is om hom in die Amerikaanse on=derwyswêreld te voltrek. Dit gaan in die skool sowel as die univer=siteit om sogenaamde neutraliteit in die onderwys. Die beginsel van die skeiding van kerk en staat soos vasgelê in die Eerste Amendement van „The Bill of Rights" is op so 'n wyse deurgetrek en op die onderwys

110) Hardon, John A. The hungry generation. Maryland, The Newman Press, Westminster, 1967, p. 30.

van toepassing gemaak, dat kinders vandag geen noemenswaardige re= ligieuse onderwys in die publieke skool ontvang nie, om nie eers van die totale afwesigheid van 'n Christelike benadering van die skoolvak= ke te praat nie.

Daar sou 'n sterk saak uitgemaak kon word dat die hele ontwikkeling op 'n verkeerde interpretasie en toepassing van „The Bill of Rights" en die Eerste Amendement berus. Nietemin het dit in die geskiede= nis van die middelbare onderwys, en tot 'n mate die hoër onderwys, in die V.S.A. op die sekularisering van die onderwys uitgeloop.

Die beginsels van skeiding van kerk en staat en van godsdiensvryheid is naamlik so geïnterpreteer dat godsdiensonderwys as sodanig uit alle staatskole geweer moes word. Daar was veral twee opvoedkundiges van naam wat hierdie interpretasie sterk laat posvat het. Een is John Dewey. Hy het openlik verkondig dat die beginsel van skeiding van kerk en staat noodwendig ook die uitskakeling van enige godsdien= stige onderrig in skole wat deur die staat in stand gehou word, impli= seer.[111] Die tweede persoon wat die saak in die verkeerde rigting gestuur het, is Alvin W. Johnson. Hy het absolute en onpartydige neutraliteit ten opsigte van alle godsdienstige leerstellings bepleit en

111) " ... why the American tradition is so strong against any connection of state and church, why it dreads even the rudiments of religious teaching in state-maintained schools."
Dewey, John. Religion and our schools. Hibbert Journal, p. 800, aangehaal deur Cuninggim, Merriman. The college seeks religion. New Haven, Yale University Press, 1947, p. 123.

gemeen dat sekulêre onderwys hom moet weerhou van die „terrein van die kerk". Dit sou dan die godsdiens wees. Alleen op so 'n wyse sou daar, volgens hom, erns gemaak word met die beginsels en ideale waarop die landsregering gebou word, nl. die algehele skei= ding van kerk en staat.[112)]

As Dewey en Johnson se interpretasie reg is, dan is die aanwesigheid van godsdiens in enige vorm in 'n staatsonderwysinstelling onwettig en misplaas. Dan sou dit net toelaatbaar wees aan inrigtings met kerklike affiliasies of aan private inrigtings. Ondanks die feit dat talle persone die onhoudbaarheid van die standpunt van Dewey en John= son, histories en prinsipieel besien, bewys het, het dit tog sy beslag gekry in die onderwyspraktyk in die V.S.A. Die openbare skole is meer en meer die reg ontsê om godsdiensonderrig te gee met die ge= volg dat 'n proses van totale sekularisering van die onderwys aan so= danige inrigtings ingetree het.

Hierdie sekularisering van die skool is klaarblyklik ook 'n lang proses. Vanaf 1910 reeds het die staat van Illinois byvoorbeeld gebede, die lees van die Bybel en die sing van gewyde liedere in die publieke skole verbied. In Wisconsin het die Skoolraad strokies bruinpapier in boeke geplak waar daar verwysings was na God en die Bybel nadat ouers teen verwysings na godsdiens beswaar gemaak het. Wel be=

112) Johnson, Alvin W. The legal status of church-state relation= ships in the United States. Minneapolis, University of Minnesota Press, 1934, p. 282.

kend is die beslissing van die V.S.A.-Hooggeregshof wat verklaar het dat 'n denominasionele gebed wat vir die New York-staatskole geskryf is, onkonstitusioneel is. Dit is duidelik dat die publieke skool, om= dat dit 'n samelewing dien wat mense van verskeie religieuse oortui= gings bevat, nie 'n sterk pro-religieuse neiging mag openbaar as daar deur die ongodsdienstiges in die gemeenskap beswaar geopper word nie. Die gevolg van hierdie toestand was egter dat enkele jare ge= lede, die helfte van die state in die V.S.A. godsdiens uit die publieke skole geweer het.[113)]

Peter Eldersveld beredeneer hierdie toestand en toon aan dat gods= diens en onderwys wel deeglik met mekaar te doen het. Onderwys is selfs onontwykbaar religieus. Dit kan positief of negatief wees. Hy sê dat dit nie beter gedemonstreer kan word nie as deur die voor= beeld van die V.S.A. waar pogings aangewend word om sekere uitings= vorme van godsdiens uit belastingondersteunde onderwys uit te skakel. Dit is gedoen omdat die Eerste Amendement van die Konstitusie van die V.S.A. die Kongres verbied om wette in verband met die instel= ling van godsdiens te maak.. Maar wat vandag gebeur, is die volgen= de: ondanks sy goeie bedoelinge is die V.S.A.-owerheid besig om 'n nuwe vorm van godsdiens in te stel. Deur daarop aan te dring dat onderwysers van publieke skole nie hulle voorkeur vir die Chris= tendom mag uitdruk nie en deur gebede en Bybellees uit te skakel uit die klaskamers, skep die staat 'n situasie waardeur die meerder=

113) Buckley, William F. jr. God and man at Yale. Chicago, Henry Regnery Co., 1951, pp. 49, 50.

heid van sy burgers 'n onderwysopleiding ondergaan waaruit God sis= tematies verwyder is. Eldersveld beskou dit ook as 'n religie - die godsdiens van „neutraliteit". Die gevolge hiervan kan nie uitbly nie.

Daar is natuurlik wel nog verskillende publieke skole waar godsdiens onderrig word, maar volgens die Federale Regering se onderwys= beleidskommissie aangaande godsdiensonderrig in publieke opvoedkun= dige instellings moet dit „objective teaching" wees. Die groot staat= skole kan daarom nie enigiets anders as neutraliteit handhaaf vir so= ver dit godsdienstige sake betref nie. Ewe-eens handhaaf die groot privaatondersteunde skole wat deur heterogene groepe met 'n verskei= denheid van godsdienstige agtergronde ondersteun word, dieselfde neu= traliteit.[114)]

### 6.4.7.2 Hoër onderwysinrigtings

Die toestand van die hoër onderwysinrigtings is oor die algemeen ge= sproke, nie minder bedenklik nie. Die sekularisering van die onder= wys op dié gebied het sy duisende verslaan. Vanselfsprekend is

114) Nederhood, op. cit., p. 63.
Cf. verder Jackson, J.K. and Malmberg, C.F. Religious education and the state. New York, Doubleday, Doran and Co., 1928; Brown, S.W. The secularization of American education. (In Kandel, I.L., ed. Educational Yearbook, 1932, New York, Teachers College, Columbia University, 1933.); Cuninggim, Merriman, op. cit., pp. 123 - 130.

groot staatsuniversiteite met die oortuiging behep dat die onderwys in 'n demokratiese land deur neutraliteit gekenmerk behoort te word. Hierdie staatsuniversiteite word in die laaste dekades op 'n ongekende skaal ondersteun. In California woon 83% van studente uit dié staat hierdie belastingondersteunde instelling by; in Michigan 79% en in Wisconsin 69%. Dit is geheel en al neutrale inrigtings. Hierteen= oor is daar private kolleges en universiteite wat wel godsdienstig ge= oriënteerd is maar hulle is besig om vanweë gebrek aan fondse te kwyn. John A. Hardon konstateer: „I do not hesitate to say we are at the crossroads in American higher education, which is becoming more dominantly state university education. For years a variety of factors conspired to produce a cleavage between the sacred and secular, between God and man. One result has been the tragic bifurcation between theology and humanism, of which the very term 'secular university' is a pathetic symptom."[115]

Die aanwesigheid van godsdiens as sodanig op die kampus word weer= spieël deur die sogenaamde „chapel" wat op meeste kampusse bestaan. Dit is gewoonlik 'n klein maar argitektonies indrukwekkende geboutjie. In die verre verlede het hierdie gebou waarskynlik 'n belangrike rol gespeel. Die fasiliteite wat hierdie geboue bied, het in baie gevalle verleentheid aan die universiteitsrade besorg en pogings is aangewend om hulle aan te pas by die moderne situasie. Verpligte dienste is lankal in meeste inrigtings gestaak, en waar dit nog gehou word, word

115) Hardon, op. cit., p. 27.

die religieuse waarde daarvan betwyfel. Menige keer word die dienste gelei deur dosente wat met die waarhede van die Heilige Skrif onbekend is. In elk geval is dit onmoontlik dat hierdie instellings 'n duidelike getuienis vir die evangelie laat hoor omdat hulle funksie (soos gedefinieer deur universiteitsowerhede) flou en onvrugbaar is. Wanneer „chapel" in die katalogus van die universiteit beskryf word, dan word die non-sektariese en non-denominasionele aard daarvan be= klemtoon en die funksie daarvan so vaag as moontlik beskryf. Ne= derhood konkludeer, na 'n ondersoek van hierdie saak, die volgende: „Yet the aura of embarrassment which surrounds any official state= ment about the chapel's significance, the religious neutrality which marks the chapel exercises, and the unimportant role the chapel does, in fact, play in campus life all indicate that Christianity's decisive challenge is never impressed upon college students by means of the chapel. On the contrary, the chapel exercises and the role which chapels play in the total college picture tone down, in fact, destroy the uniqueness of the Christian faith." [116)]

Na die Tweede Wêreldoorlog en gedurende die vyftigerjare veral, het daar, soos dit die geval op die breë terrein van die volkslewe was, 'n oplewing van godsdienstige aktiwiteite op die kampus gekom. Merriman Cuninggim skryf in sy boek, „The college seeks religion", dat daar 'n „new partnership" tussen die hoër onderwysinrigtinge en die godsdiens ontstaan het.[117)] Hierdie ontwikkeling verteenwoordig

116) Nederhood, op. cit., p. 65.

117) Cuninggim, op. cit., p. 35.

die insig dat die antichristelike houding van menige inrigting aan die begin van die eeu skadelik was en dat opvoedkundige owerhede meer verantwoordelikheid moet neem vir die hele lewe van die student. Dit hang saam met die rol van die universiteit „in loco parentis", 'n saak waaraan die studente hulle in die sestigerjare baie ge-erger het. Nederhood is egter van oortuiging dat die godsdiens wat in die univer= siteite teruggekom het, 'n ander karakter gehad het, nl. 'n liberale en modernistiese. Dit het 'n Christendom verteenwoordig wat in die breedste moontlike terme beskryf moes word.[118)]

Wat ook al die standpunt ten opsigte van onderwys van godsdiens en etiese waardes in publieke skole op laer en middelbare vlak is, daar is in Amerika geen ernstige wetlike beswaar teen die onderrig van godsdiens aan staatsuniversiteite nie. Die mees uitgesproke en on= buigbare neutraliste gee nie voor dat dit in stryd is met die Ameri= kaanse opvatting van die skeiding van kerk en staat nie. Leo Pfeffer, die konstitusionele juris wat geen godsdiensonderwys op skool wil toelaat nie, huldig die standpunt dat die situasie heeltemal verander wat betref hoër onderwys: „It would seem, that taxsupported colleges may constitutionally provide for the objective study of religious institutions, practices and principles. Such study must obviously be multisectarian and nondevotional; and since the doctrine of some religions prohibits examination into the content of other religions without special ecclesiastical authorization, it must be noncompulsory."[119)]

118) Nederhood, op. cit., pp. 65 - 67.

119) Aangehaal deur Hardon, op. cit., p. 19.

Die feitlike situasie is dat onderrig in godsdiens aan meeste hoër on=derwysinrigtings gegee word. Die jongste syfers toon aan dat soveel as 90% van belastingondersteunde instellings van hoër onderwys, vanaf junior kolleges tot universiteite, een of ander soort kursus of kursusse in godsdiens of teologie aanbied.[120] Dit is ook 'n bekende feit dat daar oor die algemeen 'n buitengewoon groot belangstelling onder stu=dente vir hierdie kursusse bestaan. Hardon spreek van 'n geestelike honger by talle studente as hulle op die universiteite kom. Vanweë die feit dat daar by hulle 'n agterstand ten opsigte van hulle religieu=se ontwikkeling is, en hulle graag ook tot volwassenheid wil kom wat dit betref, bestaan daar 'n sterk behoefte aan leiding. Hulle poog dan om dit te vind in die aangebode kursusse. Die groot vraag is of hul dit wel daar kan kry. Godsdiensonderrig moet objektief en neutraal geskied, die Bybel is 'n antiek-historiese dokument en per=soonlike religieuse geloof word beskou as 'n saak wat deur akademie=se bedrywighede eerder afgebreek as gestimuleer word - dit is die algemeengangbare opvatting.

Die tydskrif „Time" het in 1966 in 'n artikel oor hierdie aangeleentheid beweer dat duisende studente die kursusse in godsdiens- of Bybel=onderrig aan die begin van die akademiese jaar begin bywoon met die verwagting dat hulle geloof gestimuleer sal word. Talle onder=vind aan die einde van die akademiese jaar egter dat hulle reeds deur hierdie kursusse ateïste geword het.

120) Cf. Littell, op. cit., p. 112.

Dit korreleer o.m. met 'n brief van 'n student gerig aan 'n univer=siteitsdosent in godsdiensonderrig: „We arrive at college as naive freshman with our moral and philosophical codes being challenged on all fronts. For many of us, our bubbles of 'Truth' burst, and our rug of convictions is yanked from under us. We're confronted and confounded and usually have more questions than we can answer. But whom can we turn to? Practically none of our professors are wil=ling - or able - to help us wade through this muddy confusion. Our profs fill our brains with equations, formulas, names and dates, but most of them miss the boat in helping us understand the really important thing - ourselves and the people around us.

„Granted, as college students we're here to learn to think, and to increase our knowledge. But believe me we need much more than intellectual stimulation. Most of us are groping for firm principles to guide our lives.

„Though I've been an agnostic for several years, I've thought a great deal about religion and the existence of a Higher Being. Many students have similar feelings. We refuse to accept religion on faith alone or through blind doctrination. The voices of atheism and agnosticism ring loud on the campus, but where are the reason=ing words of the intellectual believer?"[121)]

121) Cf. Hardon, op. cit., p.33.

Uit hierdie brief blyk nie alleen dat daar 'n knaende gebrek aan 'n ge=rigte patroon van godsdiensonderrig of Bybelkunde is nie, maar dat sekularisering tot agnostisisme lei. Michael Novak argumenteer dat menige universiteitsprofessor hom gelate by sy middelklas sekulêre humanisme neerlê. Hy vertoon nederig in sy agnostisisme en ont=wyk die „mistieke vlugte" van die metafisici, die teoloë en die dro=mers terwyl hy hom beperk tot hierdie wêreld en sy belange, die enigste wat volgens hom aan presiese formulering onderwerp kan word en dus sekerheid bied.

Hierdie agnostisisme van die klaskamer is nie militant nie en in baie gevalle kan die optrede van die eksponent daarvan nie onderskei word van die gelowige mens nie. Aan die anderkant hoef hierdie agnos=tisisme nie militant te wees nie. Vroeër het dit wel geveg vir sy bestaan; tans word dit aanvaar as 'n deel van die onderwyspatroon. Die antitese het dus ook hier verdwyn.

Dupe hiervan is ongetwyfeld in die eerste plek die student wat gedu=rende sy universiteitsloopbaan alleenlik met objektiewe informasie ge=konfronteer word, met boekekennis en allerlei tegnieke om sy kennis toe te pas sonder dat hy geestelik gevorm is. Die vormings- en opvoedingsaspek as een van die belangrikste doelstellings van hoër onderwys, het dus aan die universiteit uit die gesigsveld verdwyn.[122)]

122) Cohen and Hale, op. cit., pp. 261 - 263.

Nederhood konstateer dat die vermeerderde aanbieding van kursusse in godsdiensonderrig aan kolleges en universiteite 'n direkte uitvloei= sel was van die nuwe aksent wat godsdiens in die kampuslewe na die oorlog ontvang het. Sommige universiteite het selfs aparte departe= mente daarvoor in die lewe geroep; meeste, egter, het dit geïnkor= poreer in ander departemente waarin dit kon inpas. Die algemene indruk wat die ondersoek van die leerplanne in godsdiens skep, is dat dit vanuit 'n neutrale standpunt en vanuit 'n objektiewe perspek= tief aangebied word. Die mees algemene kursus is dié van vergely= kende godsdienste, 'n kursus waarin die uniekheid van die Christen= dom geïgnoreer word. Van die studente self word verwag om 'n oordeel te vel.[123)]

Hierdie neutrale en objektiewe houding is deel van die toerusting waar= mee meeste professore in godsdiensonderrig hulle werk benader. Die opvatting oor akademiese vryheid weerhou in elk geval die dosent om enige persoonlike oortuiging uit te spreek. In die beskrywing van die toestand aan Yale universiteit sê Buckley: "... we find that at Yale there does not even exist within the Religion Department itself a remarkable proreligious bias. It is staffed by able scholars, many of whom several universities would be glad to add to their teaching staff. Academically, in other words, it is everything one could wish. But to the student who seeks intellectual and inspirational

123) Nederhood, op. cit., p. 64.

support for his faith, it is necessarily a keen disappointment."[124)]

### 6.4.7.3 Invloed van kerk en godsdiens op studente

Die vraag kom nou op hoedat studente oor die algemeen, en aktiviste in die besonder, ten opsigte van kerk en godsdiens op die kampus reageer. Op hierdie vraag antwoord John E. Cantelon gedeeltelik as hy dit as 'n feit konstateer dat vir die huidige studentegenerasie die wydverspreide sekularisme inhou dat die kerk nie langer as die waarborg en verskaffer van die hoogste waardepatrone van die same=lewing kan funksioneer nie. Hy meen dat die jeug drieërlei beeld ontwikkel het waarvolgens hulle die kerk evalueer en opsy skuif. Die kerk is in die eerste plek vir hulle 'n groot korporasie wat met 'n besigheidskorporasie vergelyk kan word. Sy geslaagdheid word aan statistieke, aan geboue en aan die getal van sy klandisie gemeet. In die tweede plek skyn die kerk vir hulle die bewaarder van die tradisionele waardes van die samelewing te wees, terwyl dit vir die huidige tyd irrelevant is. In die derde plek beskou hulle die kerk onder die beeld van 'n gerieflike dienssentrum. Dit is 'n organisa=sie wat aan allerlei sosiale bedrywighede onderdak verskaf. Vanweë hierdie beeld van die kerk wat by baie studente aanwesig is, het hulle die rug daarop gedraai.[125)]

124) Buckley, op. cit., p. 9.

125) Cantelon, John Ed. College education and the campus revolution. Philadelphia, Westminster Press, 1969, pp. 79, 80.

Ook Philip Altbach meen dat die kerke hulle vitaliteit en appèl ten opsigte van die studentejeug verloor het. In die suide met die burgerregtebeweging was daar nog enigsins 'n Christelike motief in die optrede van die studentebeweging. Die oortuiging van die stu= dente was, en dit het hulle ook as motivering uitgespreek, dat segre= gasie en Christendom met mekaar onversoenlik is. Sommige het selfs openlik verklaar dat hulle die ontberinge wat hulle moes ver= duur, alleen uit krag van hulle geloof kon dra. Hierdie motivering was egter geensins blywend van aard nie. Oor die algemeen is daar sterk kritiek van die kant van die studente teenoor die kerk wie se optrede hulle as hipokrities beskou. Fondsinsameling, bou= programme en sosiale aktiwiteite staan sterker op die voorgrond as bv. die hulp aan armes.

Oor die invloed van die godsdiens op die student is Altbach uitgespro= ke: „The nature of American religious life has played an important, if negative role in shaping the ideology of the college student. The move toward secularism among concerned students and the religious and social apathy of those students who nominally identify with the religious groups on campus are indicative of the present situation."[126)]

As daar by die studente oor die algemeen reeds 'n tendens is wat as 'n beweging weg van die kerk en die godsdiens gekwalifiseer kan word,

126) Altbach, Philip. The student and religious commitment. (In Cohen and Hale, op. cit., p. 24.)

en as die sekularisme in die algemeen reeds in omvang en in intensi= teit toegeneem het op die kampus, nog veel meer is dit die geval met die aktiviste. Verskillende ondersoeke het aan die lig gebring dat studenteaktiviste meer ongodsdienstig is as die kampuspopulasie in die algemeen. Daar is by hulle klaarblyklik weinig religieuse voorkeur.[127)] Dit het trouens ook geblyk dat die religieuse sekula= risme wat karakteristiek is van die studenteaktiviste, ook eie is aan die ouerhuise waaruit hulle afkomstig is.[128)] Uit 'n derde onder= soek waarna verwys kan word, het dit selfs geblyk dat die faktor van geen religieuse voorkeur by aktiviste reeds ten tye van hulle matri= kulasie besonder swaar geweeg het.[129)]

### 6.4.8 Die invloed van die teologie van die revolusie op studente= aktivisme

„The death-of-God theology fits the present American mood of the post-Kennedy era, a mood calling for activism and social change, a get-with-it mood."[130)] Hierdie stelling van Hamilton onderstreep

127) Lipset. Student politics, p. 221.

128) Flacks. Who protests?, p. 141.

129) Astin, Alexander. Determinants of student activism. (In Foster and Long, op. cit., p. 95.)

130) Hamilton, Kenneth. God is dead: The anatomy of a slogan. Grand Rapids, Eerdmans, 1966, p. 14.

die korrelasie tussen die teologie van die revolusie en studenteaktivis=me. Die relevansie van die stelling kan ook nie betwis word nie. Trouens, die vraag kom op of die stelling ver genoeg gaan. Sou hier nie ook gespreek kon word van een of ander kousale relasie nie? Sou 'n mens nie ten minste kon beweer dat die teologie van die re=volusie wat, opvallend genoeg, die sterkste tot ontwikkeling gekom het in die eerste helfte van die sestigerdekade en wel ook in Amerika, op die agtergrond as 'n onbewuste stimulant gedien het vir die gees van revolusie onder die studente nie?

Ons het reeds bemerk dat die gees van sekularisme hand oor hand toegeneem het aan die hedendaagse universiteit. 'n Bekende feit is dit dat die mens in die moderne kultuur, en nie in die minste in sy wetenskapsbeoefening nie, in die sentrum van belangstelling te staan gekom het - soveel so dat die mens die „necessitas" van die funda=mentele kennis van God en afhanklikheid van God verwerp. Die moderne mens leef en wil leef in 'n wêreld waarin die transendente nie meer geken word nie. Hy word volkome beheers deur 'n lewens=beskouing van immanensie. Begrippe soos skuld voor God, sonde, gewetenswroeging en die teenwoordigheid van die kwaad in hierdie wêreld is oorbodige begrippe. God is nie langer verantwoordelik vir hierdie wêreld nie aangesien Hy dood is. Dit is die mens wat vir hierdie wêreld verantwoordelik is en God is nie meer relevant vir die kennis van die self en van die wêreld nie. Die mens het geleer om alles te behartig „etsi Deus non daretur" (asof God nie bestaan nie). Hierdie uiterste tendens van sekularisme en imma=nentisme is deur die teologie van die revolusie grootliks gestimuleer en dit moes ongetwyfeld sy effek gehad het op die jeugdige intelligentsia

wat op die voorpunt van die revolusie beweeg het.

As 'n mens op die nuwere teologie let dan skyn dit asof dit met ver=bysterende vaart trag om die ondergang van die konvensionele Chris=tendom te verhaas. Wat dit betref vertoon die konvensionele Christendom die beeld van die skerpioen wat, wanneer dit in 'n uiter=ste noodsituasie verkeer soos in vuur, homself 'n gifinspuiting gee om nie 'n vlammedood te sterf nie. Die hele moderne teo=logie help mee aan die proses van de-ligitimisering van die konven=sionele Christendom. Met enkele pennestrepe kan dit geskets word.

Die teologie is ongetwyfeld die wetenskap wat in die tydsbestek van 'n halwe eeu meer veranderinge en sogenaamde vernuwings ondergaan het as feitlik enige ander wetenskap. Telkemale in hierdie eeu het die heersende teorieë op teologiese gebied in duie gestort en plek ge=maak vir nuwe teorieë. Die klassieke modernisme met sy histories-kritiese metode aan die begin van die eeu moes plek maak vir die neo-ortodoksie en dialektiese teologie, veral onder die leiding van Karl Barth. Dit het vir 'n geruime tyd voorrang geniet en die toon aangegee deurdat dit die radikale Goddelike transendensie beklemtoon het teenoor die ervaringsteologie van Schleiermacher. Na Karl Barth het Rudolph Bultmann met sy eksistensialistiese teorie op die voorgrond getree en die verbeelding van die teologiese wêreld aangegryp. Met al die dinamiek wat hierdie teologie eie was en gerugsteun deur so=veel eksistensialistiese filosofieë, kon dit egter alleen maar vir onge=veer een dekade stand hou. Dit is onttroon en onder die stof geloop deur die teologie van die revolusie - 'n teologie wat vandag nog oor die grootste deel van die Westerse wêreld aan die orde van die dag

is. Hierdie teologie gryp enersyds terug na die klassieke moder=nisme van die vorige eeu, leun in 'n mate aan teen Schleiermacher, maar vind miskien sy sterkste instigator in Dietrich Bonhoeffer met sy positiewe waardering van die sekularistiese en a-godsdienstige mens van ons tyd. Bonhoeffer se bekende voorspelling betreffende die nadering van 'n religielose tydperk waarin alleen 'n totale soge=naamde gesekulariseerde Christendom nog aanhang sal vind, het oral weerklank gevind in die teologie van die revolusie of die „God is dood"-teologie.

Vanaf die begin van die sestigerjare het daar dus 'n drastiese veran=dering begin intree in die wêreld van die teologiese diskussie. As die teologie van Karl Barth, Rudolph Bultmann en Paul Tillich voor die tyd die aandag in beslag geneem het vir korter of langer periodes, dan was die onvoltooide teologie van Bonhoeffer gedurende die laaste dekade, ten regte of ten onregte, die katalisator gewees van 'n onge=kende radikalisering van die teologiese denke van talle nuwe „profete". Bonhoeffer was die man wat begin werk het met begrippe soos „reli=gielose tydvak", „mondige wêreld", „afwesigheid van die werkhipo=tese: God", „'n sekulêre vertolking van die evangelie", ens. Hy was die man wat daarop aangedring het dat die Christendom herinter=preteer moet word en dat ons die ontsakralisering van die lewe moet waardeer en dat ons op wêreldse wyse, sonder religie dus, Christene moet wees. Daarom het die kerk ook die taak, volgens Bonhoeffer, om begrippe soos „geloof", „bekering", regverdiging", ens. wêreld=lik te interpreteer.[131)]

131) Bonhoeffer, Dietrich. Widerstand und Ergebung. München, 1951, pp. 178 - 261.

In Bonhoeffer se briewe, veral dié wat hy gedurende Junie en Julie 1944 in die gevangenis geskryf het, werk hy hierdie gedagtes breër uit. Hy wys daarop dat die mens wat tot mondigheid gekom het, klaarkom sonder God, nie alleen op die terrein van die natuurweten=skap nie, maar ook in die studie van die samelewing, in etiek, in filosofie en in die religie. Talle kere benadruk hy dit dat die mens leef „etsi Deus non daretur". Hy konstateer dit selfs dat God self aan ons geleer het om sonder Hom te leef. God laat dit dus toe dat Hy uit die wêreld uitgedruk word. Die bewys daarvoor is vir Bonhoeffer die kruis van Jesus Christus. En nou meen Bonhoeffer dat die Nuwe Testament aan ons 'n God voorhou alleen deur Jesus Christus, nie as die metafisiese God „daarbo" wat vanuit die hoog=te hierdie wêreld regeer nie, maar as 'n God wat tussen ons vir ons leef.

Die belangrikste eksponente van die teologie van die revolusie is T.J.J. Altizer met sy boek „The gospel of Christian Atheism" (Philadelphia, Westminster Press, 1961), William Hamilton met sy boek, „The new essence of Christianity" (New York, Association Press, 1961), John A.T. Robinson met sy opspraakwekkende „best seller", „Honest to God" (London, S.C.M. Press, 1963) en Dorothye Sölle met haar boek, „Stellvertretung" (Stuttgart, Kreuz-Verlag, 1965). Dan is daar verder nog Paul M. van Buren met sy boek, „The secular meaning of the Gospel" (S.C.M. Press, 1963) en Harvey Cox met sy bekende boek, „The secular city" (New York, Macmillan, 1965).

Dit is duidelik dat hierdie teoloë, van wie, op twee na, almal

Amerikaners is, 'n groot invloed op die teologiese denke van hul tyd moes uitgeoefen het.

Elkeen van hierdie teoloë beklemtoon weer 'n ander aspek van die teologie van die revolusie. By sommige word op blatante wyse die dood van God verkondig, by ander word die anti-metafisiese karakter van die godsdiens beklemtoon, en by 'n derde groep word die sekula= ristiese uitlewing van die godsdiens bepleit. Wat ook al die geval mag wees, almal het radikaal gebreek met die tradisionele reforma= toriese teologie en met die gangbare opvattinge in verband met die plek van die kerk en die Christendom in die wêreld.

Die relevansie van die teologie van die revolusie vir die tendens van aktivisme by die jeug, kan met twee voorbeelde geïllustreer word. In sy opspraakwekkende en veelgelese boek, „The secular city" bepleit Harvey Cox die gedagte van 'n teologie van sosiale omwente= ling. Hierdie sosiale verandering sien hy ook nie maar as 'n his= toriese proses nie, maar as 'n politieke. Enkele aanhalinge uit sy werk openbaar die gang van sy gedagtes: „So, for the same reason we urged that we search for a theology of social change, not just a theology of history, we also believe that the idiom which must replace metaphysics is not the historical but the political."... „If theology is to survive and to make any sense to the contemporary world, it must neither cling to a metaphysical world view nor collapse into a mythical mode. It must push into the living lexicon of the urban-secular man." ... „Theology must be reflection on how to come to political terms with the emergent technical reality which engulfs us." ... „We speak of God in a secular fashion when we recognize

man as His partner, as the one charged with the task of bestowing meaning and order in human history." ... „Standing in a picket line is a way of speaking. By doing it a Christian speaks of God."[132)]

Die belangrikste teoloog wat getrag het om 'n sintese te konstrueer tussen die simbole van die Christelike geloof en die revolusionêre denke en situasie van die huidige tyd, is waarskynlik die Presbite= riaanse hoogleraar te Princeton, Richard Shaull. Shaull vereensel= wig hom met die heftige maatskappykritiek van die „New Left" en „Black Power".[133)] Hy beskou dit as 'n stuk Christelike realisme om aktief deel te neem aan die omvorming van die status quo.[134)] Teenoor die idee van 'n verandering en 'n vernuwing van die be= staande bestel by wyse van spiraalsgewyse verbetering, laat hy 'n duidelike „nee" hoor.[135)]

In sy worsteling om as teoloog tot helderheid te kom oor die revolu= sionêre situasie van die huidige dag spreek Shaull die vermoede uit dat die nuwe kragte dalk „dienaars" van God kan wees vir sover hulle ons konfronteer met 'n gerig oor ons verlede en die mag daarstel wat die status quo deurbreek. As dit so is, behoort die Christene alle

132) Cox, op. cit., pp. 218, 220, 223, 224.

133) Shaull, Richard. Uitdaging aan kerk en maatschappij. (Neder= landse vertaling.) Baarn, Het wereldvenster, 1969, p. X.

134) Ibid., pp. 7, 8.

135) Ibid., p. 34.

risiko te loop wat in die deelname aan die nuwe proletariese situasie en stryd opgesluit lê.[136] Hy roep op tot volle betrokkenheid in die stryd om die struktuur van die samelewing te verander in volle sim= patie met Negers, met die onderontwikkelde volkere van die wêreld en met die studente.[137] Dit lê voor die hand dat soortgelyke taal uit die teologiese wêreld die opstandige student nie alleen sal aan= spreek nie, maar hom ook verder op die pad van revolusie sal in= stigeer.

### 6.4.9 Die rol van Joodse studente in aktivisme

Beskikbare gegewens het aan die lig gebring dat 'n buitengewone groot persentasie Jode in die reël aan studenteaktivisme deelneem. Waar die persentasie van die Joodse studente in die totale studentepopulasie van Amerika op ongeveer 5% te staan kom, daar vorm hulle ongeveer een derde van die aktiviste. Ook in die ondersoek na bedrywighede van aktiviste in spesifieke opstande, het dieselfde geblyk. Hier kan na die bedrywighede in verband met burgerregte in die suide en die studenteopstande te Berkeley, Chicago en Wisconsin verwys word.[138]

Hierdie gegewens is geensins verrassend nie aangesien dit 'n bekende

136) Shaull, op. cit., p. 47.

137) Ibid., p. 67.

138) Glazer. Remembering the answers, p. 223.
Cf. ook Lipset. American student activism in comparative perspective, p. 23.

feit is dat die geskiedenis vol van voorbeelde van Joodse radikalisme is. In die Russiese Revolusie het Jode 'n buitengewoon belangrike rol gespeel. Ook in Amerika was Jode op die voorpunt van antikon= formistiese gedrag in die verlede soos blyk uit hulle inisiërende en relatief groot bydrae tot die studenteopstande in die dertigerjare.

Die groot vraag wat ons aandag verdien, is waarom Jode so 'n buiten= gewoon groot persentasie in die verskynsel van studenteaktivisme vorm. Verskillende verklarings is op verskillende tye vir hierdie verskynsel gegee. In 1965 byvoorbeeld het 'n offisiële verklaring van die kant van 'n Joodse organisasie gekom wat beweer het dat die Joodse stu= dente veral teen middelklaswaardes en liberalisme in opstand gekom het. Joodse ouers, so is dit gestel, is vir die oorgrote meerder= heid middelklasliberaliste teen wie die hele studentebeweging essen= sieel in opstand gekom het. „The middle-class establishment is the enemy and the Jewish community is an integral part of this establishment in the minds of these students." Die direkteur van „Social action of the Union of American Hebrew Congregations", Albert Vorspan, wys op die Joodse studente se verwerping van „The middle-class values of self-indulgence and country-club materialism which they see as a corruption of the American way of life - values to which, in their view, Jews have acquiesced."[139)]

Volgens Feuer het Joodse studente op 'n samekoms van leiers van

139) Aangehaal deur Feuer, op. cit., p. 423.

hulle studenteorganisasie, Hillel, verteenwoordigend van 123 kampusse, verklaar dat hulle die opstand op die kampus nie beskou as 'n rebellie teen die ouer generasie nie. Die oorheersende mening was dat Jood=se studente wat in politieke aktivistebedrywighede betrokke was, nie as Jode nie maar as Amerikaners gehandel het.

Oor die vraag in hoeverre ons hier met 'n generasiekonflik te doen het, bestaan daar uiteenlopende meninge. Lewis Feuer meen dat dit op uitsonderlike wyse wel 'n rol by Joodse studente speel. Hy meen dat dit 'n geval van de-outorisasie van die oueres of ouer geslag is. Hy beroep hom vir hierdie standpunt op uitsprake van verskillende Joodse leiers in die loop van die geskiedenis, nie net in Amerika nie, maar ook in Europa. Hy gaan selfs verder deur te beweer dat die optrede van Joodse studente by wyse van aktivisme 'n blyk van die verwerping van hulle tradisionele godsdiens is. Hulle radikalisme kan selfs as 'n substituut vir Judaïsme beskou word. „The Jewish students who participated in the Mississippi Summer Project of 1964 found in this activity satisfaction of their generational rejection of their Jewish identity and of their de-authoritized fathers and at the same time an expression of their own inner resentment against what Jews have had to experience in recent history."[140) Volgens Feuer wil die Joodse aktivistiese student probeer om sy Joodse afkoms uit te wis. Nietemin voel hy dat hy geplaas is in 'n wêreld wat hom met onreg omring, waarin Jode die prooi van onderdrukking is.

140) Ibid., p. 427.

Daarom voel hy hom geroepe om teen rassehaat, teen onderdrukking en onreg te protesteer sonder om te laat blyk dat hy self Jood is.[141)]

Nathan Glazer beweer in 'n artikel oor „The Jewish role in activism" net die teenoorgestelde as Feuer. Hy meen dat Joodse studente meestal uit 'n kulturele agtergrond kom waarin een of ander vorm van sosialisme iets algemeens is. Talle Joodse studente van die dertigerjare was sosialiste en radikaliste. Dit is hulle kinders wat vandag op universiteite op die voorpunt van die aktivisme verkeer. „The fact is, if the parents are liberal or radical or exradical, there is no war between the generations, and almost all Jewish parents are at least liberal in political outlook."[142)]

In albei hierdie standpunte is daar 'n element van waarheid. Die getuienisse uit verskeie studieprojekte is eenstemmig dat die Joodse studente afkomstig is uit hoogs liberale of sosialistiese huise waarin die ouers hulle kinders se aktivistiese bedrywighede steun, en as hulle in die hande van die gereg beland, selfs hulle borggeld en regs=koste betaal terwyl hulle van die beste regsadvies voorsien word. Allerweë is dit ook die opinie van die radikale Joodse studente self dat hulle opvattinge ooreenstem met dié van hulle ouers. Waarteen die Joodse student egter wel in opstand kom, is die „Establishment" wat in die verlede altyd verantwoordelik was vir die onderdrukking van die Jood en vir grootskaalse sosiale onreg in die algemeen.

141) Loc. cit.

142) Glazer, op. cit., p. 233.

## 6.5 Opvoedkundig

### 6.5.1 Kontinuïteit sowel as diskontinuïteit tussen ouers en kinders

Die opvoedkundige aspek van die agtergrond waarteen die optrede van die aktiviste verstaan moet word, is ongetwyfeld een van die belang= rikstes. Dit is besonder opvallend dat hierdie aspek in die verskil= lende studieprojekte oor die onderhawige onderwerp so min beklem= toon word. Dit het ontsaglik veel te doen met die hele aangeleent= heid van gesagsverhoudinge.

Hoewel ons in die loop van die ondersoek sporadies na die opvoedings= faktor verwys het, is dit nog nie sistematies behandel nie, altans vir sover dit die huislike opvoeding betref. Ons wil dan in hierdie gedeelte aan verskillende vrae ten opsigte van die faktor van die op= voeding aandag gee. Relevant is vrae soos die volgende: is daar enige korrelasie tussen die opvoeding tuis en die optrede van die ak= tiviste?; weerspieël hulle daarin iets van 'n rebellie teen ouerlike gesag of teen die metodes en inhoud van hulle opvoeding?; indien nie, wat is die graad of mate van kontinuïteit?; weerspieël die aktiviste iets van die beginsels, wêreldbeskouing en eie verlede van die ouers?; speel die vader en/of moeder 'n besondere rol in die vorming van die persoonlikheid van die kind wat tot protes geneig is?. is daar 'n aan= wysbare, algemeen-aanvaarde opvoedingspatroon wat gedurende die laaste dekades in Amerikaanse huise gevolg word en wat is die kon= sekwensies daarvan?

Vir die beantwoording van hierdie vrae het verskillende navorsers

hulle geïnteresseer en tot redelike eenstemmigheid geraak. Die waarde van die resultate word soms egter in twyfel getrek. So be=weer Lipset byvoorbeeld dat sodanige studies wel interessante en re=latief ooreenstemmende verskille tussen die minderheidsgroepe van aktiviste en die res van die studentepopulasie aantoon. Hy is egter nie oortuig van die waarde van hierdie resultate vir sover dit as verklarende faktor van studenteaktivisme beskou moet word nie.[143)]

Hierteenoor geld gerigte en indringende navorsing van wetenskaplikes soos Block, Haan en Smith, Richard Flacks, Lubell, Searle, Keniston, Thomas en Hampden-Turner. Ons bemerk uit hulle studie dat die betekenis van die huislike agtergrond en vorming tog nie onderskat mag word nie.

Daar bestaan 'n gangbare teorie of hipotese ten opsigte van die ver=klaring van die optrede van aktiviste, 'n teorie wat redelik algemeen onder die breë lae van die publiek gevind word. By diegene wat nie eerstehandse kennis van die verskynsel van aktivisme dra nie, vind hierdie teorie steeds groot byval. Daarvolgens weerspieël die optrede van die studenteradikaliste 'n houding van gewelddadige rebel=lie en selfs haat teen alle gesag van die kant van ouers of die same=lewing. Die aktivis is dan besig om die konflikte van sy eie ouer=huis „oor te plaas" op die samelewing en die wêreld, terwyl hy daar=mee die intra-psigiese konflikte in sy eksterne gedrag „uitreageer".

143) Lipset. American student activism, p. 39.

Hierdie hipotese word die Oedipale rebellie hipotese genoem. Onder= steuners van hierdie teorie is Bruno Bettelheim en tot 'n mate Lewis Feuer. Die standpunt van laasgenoemde het ons reeds vroeër behan= del. Eersgenoemde sien in hierdie opvatting een van die redes van studenteopstande.[144)]

Soos ons later sal sien, bevat hierdie teorie wel 'n sekere element van waarheid maar dit is in sy geheel te simplisties en selfs in stryd met die werklikheid om 'n verklaring te bied vir die probleem. Dit sal blyk dat die aktivis hom vereenselwig met een aspek van sy vader, veral wat sy beginsels en ideale betref, maar dat hy ten opsigte van 'n ander aspek, naamlik die passiwiteit, gedienstigheid en klaarblyk= like mislukking van sy vader, hom distansieer.

Richard Flacks het in sy ondersoek geen verskil aangetref tussen ak= tiviste en non-aktiviste onder studente ten opsigte van die ooreenkoms tussen hulle eie oortuigings en dié van hulle respektiewelike ouers nie. Beide groepe respekteer die waardeoriëntasies van hulle eie ouers wanneer hulle hul eie belange en aspirasies beskryf. Wat die aktiviste betref, stem hulle ooreen met hulle ouers in hulle intellek= tualistiese benadering van sake en hulle skeptisisme ten opsigte van konvensionele middelklas waardes. Verder poog hulle klaarblyklik ernstig om aan hulle ouers se verwagtinge te voldoen wat persoonlike outonomie en filantropie betref.[145)]

144) Cf. Keniston. Youth and dissent, pp. 216 - 220.

145) Flacks. Who protests?, p. 141.

Block, Haan en Smith beklemtoon ewe-eens dat ouers en kinders oor=eenkoms vertoon ten aansien van die ideologiese inhoud van hul opvat=tings, veral die politieke aspekte daarvan. Vandaar dat hulle die radikale optrede van hierdie jeug ook nie aan 'n rebellie teen die ouers se opvattings wil toeskryf nie.[146] Ook Hampden-Turner het geen fundamentele verandering kon bespeur in die kern-waardebepa=lings van die aktiviste in hulle oorgang vanaf vroeë adolessensie tot hulle huidige staat van aktivisme nie. Hulle het 'n diepe respek vir die opvattings wat hulle tuis geleer het.[147] En Keniston verklaar: „Indeed, if there is any single psychological thread that runs through student activism today, it is this 'identification with parental values'."[148]

Dit is dus duidelik dat al hierdie ondersoekers, en daar sal nog meer genoem kon word, 'n opvallende en kenmerkende mate van ouerlike kontinuïteit by die aktiviste vasgestel het. Al hierdie ondersoekers beklemtoon egter net so sterk die feit dat hierdie aktiviste, ondanks die faktor van kontinuïteit, hulle ouers kritiseer oor die onvermoë om hulle eie oortuigings uit te leef en dus oor hulle klaarblyklike swakheid. So gesien, is daar dus 'n intense en hoë mate van am=bivalensie by die aktiviste te bespeur, soos Keniston dit noem: „On the one hand, the father was frequently portrayed as highly ethical,

146) Block, Haan and Smith, op. cit., p. 215.

147) Hampden-Turner. Radical man, op. 361.

148) Keniston, op. cit., p. 119.

intellectually strong, principled, honest, and politically idealistic. But on the other hand, the same father in other contexts was some= times seen as a drunken, humiliated, unsuccessful, weak, acquiescent, or otherwise inadequate person."[149]

'n Volgende karakteristiek van die aktiviste in vergelyking met hulle ouers is dat hulle klaarblyklik meer radikaal is. Die ooreenkoms en identiteit tussen ouers en hulle aktivistekinders vorm dus 'n goeie springplank vir hulle revolusionêre bedrywighede maar hulle gaan ver= der as wat die ouers in hulle lewe gegaan of sou gegaan het. Dit blyk dat sommige van hierdie ouers self die radikaliste van die der= tigerjare[150] was en verskillende ander het gedurende hulle univer= siteitsjare onder invloed van dosente 'n hoogs skeptiese en kritiese oortuiging ten opsigte van die tradisionele waardes in die Amerikaanse kultuur ontwikkel.[151] Dit is dus geen wonder nie dat die ouers van

149) Ibid., pp. 218, 219.

150) Keniston. Young radicals, p. 316.
Cf. Lipset. Passion and politics, p. 84;
Bettelheim, Bruno. The anatomy of student discontent. Change 1, May-June, 1969, pp. 23, 24: „While the emotional constella= tions which make for very different student revolts are strangely similar, the spesific political content of a student revolt depends to a large degree on the beliefs of the students' parents. For in many ways rebellion represents a desperate wish by youth to do better than their parents in those beliefs in which parents seem weakest."

151) Littell, Franklin H. Students in search of „soul". (In Brick= man and Lehrer, op. cit., p. 206.)

die radikaliste die optrede van hulle kinders goedkeur en selfs ver= welkom met enkele praktiese voorbehoude.

### 6.5.2 Die opvoedingspatroon en die invloed daarvan

Een van die belangrikste boetseerders van die demokratiese model in die Amerikaanse opvoedkunde is ongetwyfeld John Dewey (1859 - 1952). Sy wysgerige en pedagogies-didaktiese oortuigings en leerstellings het ontsaglike groot invloed selfs ver buite die grense van die V.S.A. uit= geoefen. In die V.S.A. self, binne die raamwerk van 'n anderhalf eeu van demokratiese liberalisme, kon Dewey se idees die beste tot positivering kom.

Dewey het as uitgesproke pragmatis 'n filosofies-pedagogiese sisteem uitgebou wat as instrumentalisme of eksperimentalisme gekwalifiseer kan word. Kennis is volgens hom net instrument om te kan handel en die waarheidsgehalte daarvan kan slegs deur eksperimentele toet= sing in die praktyk bewys word. In die loop van die ewolusie het volgens Dewey, wat oortuigde Darwinis was, geblyk dat die induktief-wetenskaplike metode die enigste betroubare weg is tot die ordening van 'n mens se ervaring en dit geld vir sowel fisiese as sosiale en morele vraagstukke.[152)]

152) Cf. Wielenga, G. Dewey, John. (In Christelijke Encyclopedie, II, Kampen, Kok, 1957, p.398.)

In die voorwoord van sy belangrikste werk stel hy dit onomwonde: „The philosophy stated in this book connects the growth of democracy with the development of the experimental method in the sciences, evolutionary ideas in the biological sciences, and the industrial re=organization, and is concerned to point out the changes in subject matter and method of education indicated by these developments."[153)]

Wat sy opvoedkunde betref, het hy geleer dat die taak van die opvoed=kunde primêr is om rigting aan die lewensontplooiing van die kind te gee.[154)] Dewey sluit hom aan by Emerson wat opgeroep het om die kind te respekteer, om nie te veel ouer vir hom te wees nie, om nie op sy „solitude" te oortree nie. Vir Dewey is onderwys dieselfde as groei en die kind moet volle geleentheid gebied word om sy eie gedagtes, uitvindings en inisiatief tot nuwe doelstellings in werking te stel.[155)]

Die hele doel van die skool is om 'n demokratiese lewenshouding (sosiale interesse, sosiale dinamiek en sosiale insig) by die kind op te wek. Dit kan slegs gebeur deur uit te gaan van die ervaringswê=reld van die kind. Die „leerstof" moet dan bestaan uit dit wat vir die toekoms waardevol is en vir die kind in die hede beleefbare ervaringe is, ervaringe wat hyself moet leer ondersoek, skif en orden.[156)]

153) Dewey. Democracy and education, 1923, p. v.

154) Wielenga, loc. cit.

155) Dewey, op. cit., p. 62.

156) Wielenga, loc. cit.

Langs hierdie weg het Dewey gekom by die volwaardige „child-centered" skool. In so 'n skool word die opvoedkundige doel die beste gedien deur die kind in staat te stel tot natuurlike ontwikkeling, sosiale geskiktheid en persoonlike verstandelike verryking.[157)]

Besonder relevant is sy beskouing in verband met dissipline. In die opvoedkundige proses is belangstelling, kennis en dissipline vir Dewey onafskeidelik verbonde. „To know what one is to do and to move to do it promptly and by use of the requisite means is to be disciplined, whether we are thinking of an army or a mind. Dis=cipline is positive. To cow the spirit, to subdue inclination, to compel obedience, to mortify the flesh, to make a subordinate perform an uncongenial task - these things are or are not disciplinary according as they do or do not tend to the development of power to recognise what one is about and to persistence in accomplishment."[158)]

157) Dewey, op. cit., p.144.

158) Dewey, op. cit., pp.151, 152.
Hendrik Hart toon aan dat die demokratiese gemeenskap wat deur Dewey gevisualiseer word, in Dewey se eie woorde „repudiates the principle of external authority". So gesien is dit te ver=staan dat die Christendom deur Dewey verwerp word, dat aan die filosofie volgens hom geen Mosaïese of Pauliniese openbarings=outoriteit ten grondslag lê nie, dat onderwerping aan eksterne en stagnante outoriteit in sy oë uitloop op die opheffing van 'n mens se vryheid en die moontlikheid van jou ware ontwikkeling. As daar in 'n gemeenskap dus enige liggaam van outoriteit bestaan, „... it must be 'authorized by past experience and by intellectual analysis', which stands directly opposed to the idea of external authority." Cf. Hart, Hendrik. Communal certainty and authorized truth. An examination of John Dewey's philosophy of verification. Amsterdam, Swets and Zeitlinger, 1966, pp. 103, 104.

Verreweg die belangrikste blywende neerslag van die pedagogiese leerstellings van Dewey in die onderwysopset van die V.S.A. is die sentrale plek wat hy aan die kind self toegeken het. Die onderwys is kindsentries in 'n pedosentriese inrigting. In die skool is die kind as selfstandige wese waarin geen kwaad skuil nie die middelpunt, terwyl die onderwyser vanuit die agtergrond moet lei en raad gee. In die skoolwerk word aktiwiteit en skeppingsdrang beklemtoon. Deur sy ervaring te laat ontplooi en veral op die praktiese inhoud van die skoollewe aksent te plaas, word die kind voortdurend geoefen in sy noodsaaklike aanpassing aan die sosiale lewensituasie.[159)]

Teen die agtergrond van hierdie deur Dewey gevormde opvoedingsitua=sie moet ook die jongste ontwikkeling op dié gebied in die visier ge=kry word.

'n Uiters belangrike vraag is die kwessie van die opvoedingspatroon wat gedurende die laaste dekades in Amerika gevolg is en die daar=mee samehangende vraag in hoeverre dit die uitkyk en optrede van die adolessente-jeug van die sestigerjare kon beïnvloed. Hier kom in die gesigsveld die naam van 'n bekende opvoedkundige van die laat

159) Cf. Van der Walt, J.P. Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die op=voedkundige sosiologie. Potchefstroom, 1959, p.89; Vir 'n grondige analise en bespreking van John Dewey se wysgerige en pedagogiese stelsel cf. Hart, op. cit., veral p.94 waar Dewey se opvatting van die skool aan die orde gestel word.

veertigerjare, nl. Benjamin Spock, wat ongetwyfeld besonder groot invloed op die opvoedingspraktyke van menige huis uitgeoefen het. Block, Haan en Smith stel dit soos volg: „Many young activists in contemporary America were reared under the influence of Benjamin Spock (1946) who, as an articulate pediatrician, led a revolt against the more authoritarian, rigid, constraining child-rearing practices characteristic of an earlier generation of American parents. The Spock-oriented mothers of the fourties substituted inductive reasoning for insistence upon blind obedience, corrective discipline for punitive discipline, flexible responsiveness for rigid scheduling, and reasonable limits for arbitrary prohibitions. It may be argued that the emergence of a dedicated spontaneous generation concerned with humanitarian values and personal authenticity is a triumph of Spockian philosophy and principles. Others have suggested, in a less benign interpreta= tion, that activism is the consequence of excessive parental permissive= ness, a failure to teach respect for authority, and an unfortunate sub= mission to the needs and feelings of the child."[160)]

Hierdie opvoedingspatroon word gewoonlik as permissief beskryf. Dit is seker suiwer om dit so te sien, maar dit kan ook op 'n adekwate

160) Block, Haan and Smith, op. cit., pp. 217, 218.
Benjamin Spock het met sy populêre boek oor kinderopvoedkunde feitlik elke Amerikaanse huis binnegedring. Daarbenewens is dit in twintig tale vertaal. Hy is soms die towenaar van die wieg genoem. Sy belangrikste werke is die volgende: Baby and child care. New York, Pocket Books, 1946; Feeding your baby and child. New York, Duell, Sloan and Pearce, 1955; Decent and undecent. London, The Bodley Head, 1969; A teenager's guide to life and love. New York, Pocket Books, Inc., 197

wyse as partisiperend, selfrealiserend of selfvoldaan gekarakteriseer word. Die tradisionele waardes van selfdissipline, respek vir outo= riteit en begeerte vir konvensionele sukses is vervang deur spontaneï= teit, onmiddellike selfbevrediging en selfvervulling as die hoogste persoonlike waardes. Searle beskryf die huidige generasie van onder 25-jariges soos volg: „From the first parental admiration of his grubby childhood finger-paintings to the TV and movie glamorization of his undergraduate revolts, the young white middle-class American is taught, by the older generation, to regard form, structure, discipline, and rigor with contempt and to prize feeling, immediacy, and self."[161)]

Hierdie opvoedingspatroon wat hoofsaaklik deur die hoë-middelklas en professionele huise gevolg is, kom dus daarop neer dat 'n swaar ak= sent geplaas is op die demokratiese tussenpersoonlike verhoudinge met onderstreping van die idee van gelykheid; verder 'n hoë graad van permissiwiteit ten opsigte van die selfverwesenliking deur die kind.

161) Searle, op. cit., p. 159.
Cf. Glazer, op. cit., p. 226;
Keniston. Notes on young radicals, p. 29;
Bloustein, Edward J. The new student and his role in American colleges. (In Brickman and Lehrer, op. cit., p. 52.): „Many parents practicing the cult of permissiveness, have come to eschew any and all forms of discipline; even more have come to use discipline sparingly and only as a last resort. Finding one's self, self-expression and individual development have come to displace parental guidance and social standards of conformity as the molders of character and person= ality. All of these changes have contributed to the development of a generation of new students who instinctively react against authority, academic and otherwise."

Fisiese straf, pertinente dwangmaatreëls en sterk outoritêre optrede is vervang deur metodes van redenering en die oorbrenging van hoë verwagtings. Die gedagte is dan dat die kind selfverantwoordelik=heid sal aanvaar.

Die ouers was met hierdie opvoedingsteorie verbasend ernstig. Dit was 'n ernstige poging om die kind te verstaan en om die kind te vry=waar van allerlei inhibisies wat deur die afdwing van ouerlike outori=teit moontlik kon ontstaan. Dit was daarom vir die kind uiters moeilik om te rebelleer in die huis. Hy is immers altyd voorwerp van begrip en nooit dupe van onderdrukking nie.[162)]

Watter goeie bedoelinge ook agter hierdie opvoedingspatroon geskuil het, dit het die kinders niks meer as kussings van vere gegee om na buite mee te veg nie want ten diepste was hulle besef van wat gesag beteken, afgebreek. Wanneer dit op 'n botsing uitloop, kom die ouer altyd tweede beste daarvan af.

Harold Taylor is van oortuiging dat meeste sestienjariges genoeg ge=sofistikeerd is om presies te weet wat die grense van die ouerlike gesag oor hulle is as dit sou moes uitloop op 'n botsing. Daarom leef baie van hulle 'n onafhanklike emosionele lewe deur aan die ouer

162) Taylor, Harold. Freedom and authority on the campus. (In Sanford, Hevitt, ed. The American college. New York, John Wiley, 1967, p. 781.)

eenvoudig hulle toegeneentheid te onthou, deur die minimum tyd in hulle teenwoordigheid deur te bring, deur oppervlakkig en oënskynlik aan ouerlike opdragte te konformeer of deur eenvoudig die ouerhuis te verlaat. Met die verdwyning van die ouerlike outoriteit het die magsewewig in die gesinslewe na die jeug oorgeskuif. Die ouers het die volwasse maats van die kinders geword en in 'n posisie be= land waarin veel van hulle verwag word maar weinig aan hulle gegun word. Om enigsins terug te gryp tot die ou metodes van gesagsuit= oefening met die oog daarop om gehoorsaamheid af te dwing, kon alleen funeste gevolge meebring. Vandaar dat ouers ander strooi= halms aangegryp het om nog die samewerking van die kind te behou. Die mees algemene metode is om by die kind 'n gevoel van skuld op te wek oor die verdriet wat hy dan die ouer deur sy ongehoorsaam= heid sou veroorsaak het. Hierdie skuldgevoel het weer op sy beurt sy eie agressiewe manifestasies van verwarde opstand of misplaasde frustrasie by die kind te weeg gebring. 'n Nuwe sindroom het op so 'n wyse ontstaan, waarin daar geen duidelike outoriteit-vryheid lyne vir die adolessent meer bestaan nie, maar in plaas daarvan ge= mengde gevoelens van verpligting, verantwoordelikheid en skuld.[163)]

Met hierdie opvoedingspatroon en die beginsels daaraan verbonde in gedagte is dit besonder interessant om te bemerk dat die resultate van ondersoeke in verband met aktiviste en non-aktiviste laat blyk het dat genoemde opvoedingspatroon meer deur die ouers van aktiviste en

163) Ibid., p. 782.

minder deur die van die non-aktiviste gevolg is.[164)]

Dit is duidelik dat die konsekwensies van genoemde opvoedingspatroon nie kon uitbly nie. Richard Flacks, wat een van die stigterslede van die SDS was en nou 'n erkende navorser op die gebied van studenteaktivisme, behoort te weet waarvan hy praat as hy konstateer: „Young people raised in this kind of family setting, contrary to the expectation of some observers, find it difficult to accommodate to institutional expectations requiring submissiveness to adult authority, respect for established status distinctions, a high degree of competi= tion, and firm regulation of sexual and expressive impulses. They are likely to be particularly sensitized to acts of arbitrary authority, to unexamined expressions of allegiance to conventional values, to instances of institutional practices which conflict with professed ideals."[165)]

In 'n ander, meer resente studie, bespreek Flacks die resultate van navorsing insake die ouers van studenteaktiviste en toon dan aan dat hierdie ouers in verskillende opsigte verskil van ander middelklas ouers. In die eerste plek is daar by hierdie tipe ouer 'n sterk toewysing aan intellektualiteit en kultuur, gepaardgaande met 'n ver= werping van vorme van massakultuur. Van hulle kinders het hulle verwag om intellektueel serieus te wees, om kuns òf self te skep òf te waardeer en om selfontwikkeling ernstig te neem.

164) Block, Haan and Smith, op. cit., p. 218.

165) Flacks. Who protests?, p. 363.

In die tweede plek was hierdie ouers opvallend ten opsigte van hul politieke bewustheid, gebaseer op politieke liberalisme. Hoewel nie altyd self politiek aktief nie, het hulle by hulle kinders die noodsaak=likheid van sosiale verantwoordelikheid en diens ingeskerp terwyl hul=le hul kinders aangemoedig het om rassegelykheid, siviele vryheid en ander liberale politieke ideale na te streef.

In die derde plek was hierdie ouers openlik skepties ten opsigte van konvensionele middelklaswaardes, lewenstyl en religieuse oriëntasies. Hulle was uitgesproke sekulêr en as daar godsdienstige of kerklike betrokkenheid was, dan was dit liberaal en in die gees van die „social Gospel". Baie van die ouers was geartikuleerde kritikas=ters van konvensionele middelklasgedragspatrone soos seksuele terug=houdendheid, statusgerigtheid en streng metodes van kinderopvoeding.

Ten slotte het hierdie ouers eksplisiet getrag om hulle opvattings in die opvoeding van hulle kinders te positiveer. Daarom het hulle by die kinders selfekspressie en onafhanklike optrede aangemoedig. Daar moes te alle tye demokraties met die kinders omgegaan word. Anti-outoritêre en selfhandhawende impulse moes so by die kinders gewek word.[166)]

Dit is vanselfsprekend dat persone, gevorm in huise wat 'n hoë pre=mie op selfekspressie en intellektuele onafhanklikheid plaas, en waar

166) Flacks, Richard. Student activism and protest. (In Sampson and Korn, op. cit., p. 128.)

hulle nie met 'n harde meedoënlose en onpersoonlike optrede te doen gekry het nie, uiters moeilik die hardheid van die hedendaagse same=lewing die hoof kan bied. Die karakter van die hedendaagse same=lewing het immers niks in gemeen met die sagte, intieme en toegeef=like atmosfeer van die voorstedelike middelklashuisgesin nie. Die samelewing is immers burokraties.[167)]

Alle groot instellinge en korporasies, of dit nou militêre diens, die owerheid, die industrie of die universiteit is, ken harde burokratie=se reëls. 'n Botsing is hier onvermydelik en of hierdie botsing tot innerlike konflikte beperk bly of tot openlike, selfs gemeenskaplike konfrontasie kom, hang natuurlik van baie ander faktore af. Ons het hier immers net met 'n agtergrondsfaktor en nie met 'n direkte of aanleidende oorsaak vir die gesagskrisis en studenteopstandigheid

167) Searle, op. cit., p.160.
Hampden-Turner meld dat hy, as iemand wat van Engeland af=komstig is, getref was deur die krag van die ontwikkelings- en humanistiese temas by die Amerikaanse opvoedkundiges terwyl die temas in die wêreld van handel en politiek relatief swak figureer. „It has long seemed to me only a matter of time before the developmental themes in American life confronted the repressive themes, and before those students nurtured in the better homes and schools came to regard the opportunities offered by business and government as an insult to their achieved levels of psycho-social development." Hampden-Turner, op. cit., p.364.
Cf. Allen, James E. Campus unrest and activism. (In Brickman and Lehrer, op. cit., p.115.);
Halleck, S.L. Hypotheses of student unrest. (In Brickman and Lehrer, op. cit., pp.128, 129.)

te doen nie. Omdat die universiteit die eerste instelling is waarin die student hom nie opgewasse voel om homself dadelik te handhaaf nie, vanweë die onpersoonlikheid daarvan, vermenigvuldig die span= ninge in hom. Daar is onsekerheid, daar is nog 'n ontstentenis aan volledige persoonlike identiteit, daar is ook van huis uit openheid van gees en ontvanklikheid vir radikale en ekstreme opinies met die ge= volg dat dit nie veel oortuigingswerk neem om so 'n student vraagte= kens te laat plaas agter elke vorm van gesag en hom in 'n tipiese linkse studentedemonstrasie te laat beland nie.

Flacks spreek van 'n aanmerklike mate van diskontinuïteit tussen die waardes van die huis en van die breër samelewing en dit word deur die humanistiese jeug wreed ervaar. Hy argumenteer dan: „As more and more such youth have entered upon the scene, they have tended to find each other, and to create a kind of counter-culture, much as black urban youth, similarly unincorporated, have created theirs. This new humanist youth culture embodies norms concern= ing sex-role behaviour, worthwhile activity, and personal style which are quite opposed to those which prevail in conventional adolescent society; it expresses values which seem quite subversive of conven= tional middle-class aspirations, and an attitude toward adult authority which is quite clearly defiant. The American student movement is an expression of that new youth and culture."[168)]

168) Flacks, op. cit., p.129.

In sy laaste twee boeke[169)] kon Spock poolshoogte neem van die Ame= rikaanse situasie. Hy het dit veral oor tienderjariges se rook- en drinkgewoontes, verhouding met die teenoorgestelde geslag, gebruik van dwelmmiddels en allerlei onwelvoeglikhede. Heeltemal teen die gees van sy werke van 25 jaar gelede in, bepleit hy tans 'n terugkeer na die ou, meer konserwatiewe waardes, na groter dissipline en vas= ter reëls. Hy waarsku teen die permissiwiteit wat die massanuus= media stimuleer en maan tot groot versigtigheid ten opsigte van te vroeë intieme verhoudings tussen seuns en dogters. Die indruk wat die twee boeke, en dan veral die laaste, skep, sonder om dit ekspli= siet te sê, is dat Spock besig is om reddingsgordels uit te gooi aan drenkelinge in die stormsee van permissiewiteit wat hy help skep het.

## 6.6 Wysgerig

### 6.6.1 Inleiding

Die Amerikaanse politieke en sosiale denke is, wysgerig gesien, die spontane en uiteindelike vrug van die Westerse Humanisme. Die wortels van die Humanisme moet baie ver terug in die geskiedenis gesoek word. Dit is egter noodsaaklik om dit te doen met die oog op 'n duidelike begrip van die spesifiek Amerikaanse nuanse van die Westerse Humanisme. As John Alexander die verskynsel van kampus=

169) Spock. Decent and undecent, 1969;
Spock. A teenager's guide to life and love, 1971.

onrus ondersoek, kom hy, na die bespreking van oppervlakkige en onderliggende oorsake, by twee basiese oorsake uit. Dit is egter meer as net oorsake en dit strek ook verder terug in die geskiedenis as wat genoemde skrywer meen. Dit kan beskou word as die eeue=lange voorbereiding van 'n toestand op geestelik-sosiale vlak, verge=lykbaar met die huidige toestand van lug-, water- en aardbesoedeling op die terrein van die natuur. Alexander konstateer naamlik die volgende: „First, the university is reaping what it has been sowing. We cannot sow materialistic humanism for six decades without reaping some chaos. Make man the centre of reality and there will be anarchy. Replace moral standards with moral relativism and we grease the skids to disintegration ... The second basic cause is much broader and permeates not only the university but all of society: we as individual persons are too self-centred. 'Society is the individual written large'."[169)]

## 6.6.2 Die Humanisme - 'n historiese verkenning

Die Middeleeue is gekenmerk deur 'n proses van verstarring op baie gebiede, 'n proses waarin die individu uiteindelik vasgevang gesit het in allerlei boeie, veral van kerklike maar ook van maatskaplike aard. Dink maar aan klerikalisme en feodalisme. Hierteen het daar na die 14de eeu met die vroeg-Renaissance 'n reaksie gekom. In 'n periode van enorme ontwaking, van nuwe ontdekkinge, van maatskaplike struk=

169) Alexander, op. cit., p. 8.

tuurveranderinge, van intellektuele ontwikkeling is die individu van al die vroeëre bindinge losgemaak en is hy deur 'n nuwe lewensgevoel aangegryp. Alles word nou op die ideaal van die outonomie van die persoonlikheid gerig. Kenmerkend vir die Renaissance is die strewe na die alsydige ontplooiing van die menslike vermoëns. Met groot ywer is daar as 't ware jag gemaak op die kultuurskatte van die ou Grieks-Romeinse beskawing, waarby noue aansluiting gevind is. Die nuwe leuse was: „Terug na die bronne!" En 'n brandende hartstog het ontvlam om net soos die Grieke, deur middel van die denkende (wysbegeerte), beeldende (kuns) en vorsende (wetenskap) vermoë van die mens, in te dring in die ware geheime van die lewe. 'n Oor=moedige gees ten opsigte van alle norme van denke en doen het hom van die mens meester gemaak. Die menslike rede sou alles be=heers en dit sou die eertyds verknegte mens in staat stel om vry uit te lewe. Ware menslikheid sou die blywende vrug van hierdie nuwe ontwaking wees.

Daar kan en moet in hierdie Renaissance-Humanisme egter tweërlei rigting onderskei word. Daar was 'n stroming wat hom van die kerk en Christendom afgewend het - dit sou uitloop op ateïsme; maar daar was ook 'n stroming wat die sintese gesoek het tussen klassieke wysbegeerte en Christelike teologie, tussen wetenskaplike insigte en Bybelse verkondiging, tussen Humanisme en Christendom. Van laasgenoemde was Desiderius Erasmus van Nederland en Thomas More van Engeland treffende eksponente.

In die eeue wat op die Renaissance gevolg het, het daar enorme ont=wikkeling op bykans elke gebied gekom. Dit het vir die Renaissance-

mens immers om die uitlewing van alle vermoëns en die ontwikkeling van die universele mens gegaan. Omstreeks 1700 het nou 'n bewe= ging begin wat bekend sou staan as die „Aufklärung" of Verligting. In dié beweging het dit om die heerskappy van die verstand, die rede van die mens, gegaan. Die Aufklärung is volgens Kant die uittrede van die mens uit die onmondigheid waarin hy deur eie skuld verkeer. En die onmondigheid is die onmag van die mens om hom van sy ver= stand te bedien sonder leiding van 'n ander. Hier word die rede dus as grondslag van 'n wêreldbeskouing aanvaar. Die Rasionalisme begin hoogty vier. Deur die heerskappy van die rede, so is geglo, sou die mens dit uiteindelik voer tot 'n „natuurlike" wêreldorde waar= in hy die hoogste vryheid en geluk sou vind.[170)] Daarmee word alle bonatuurlike op die agtergrond geskuif. Die elemente van na= tuur en vryheid kom dus hier sterk op die voorgrond. Dit word die kernmotiewe.

In die opvoedkunde moet natuurlike opvoedingsnorme, los van alle tradisies en godsdienstige bepaaldhede, geld (Locke, Rousseau). In die kuns is gesoek na algemeen geldende reëls met vermyding van die irrasionele. In die godsdiens is die rede, nie die openbaring nie, beskou as die bron van alle waarheid. Openbaring is wel nie uitgesluit nie, maar dit vra regverdiging deur die rede. God, deug en onsterflikheid word die sentrale gedagtes van hierdie natuur= like godsdiens, waarvan Jesus die groot Leraar was, soos Hy ook

170) Cf. Popma, S.J. Aufklärung. (In Christelijke Encyclopedie, I, Kampen, Kok, 1956, p. 374.)

die Voorbeeld van ware deug was.[171)]

In Engeland het in hierdie tyd die sogenaamde deïsme ontstaan. Dit is die beskouing wat nog wel God as Skepper erken, maar die geska= pene verder los van God en selfstandig teenoor God sien.

Die vanselfsprekende resultaat was dat die godsbegrip vervaag het en die betrokkenheid van die geloof op enige saak buite die kerklike en eng godsdienstige lewe geloën is. In 'n wêreld wat wel sy oorsprong dank aan God, maar wat nie gedra, onderhou en geregeer word deur die almagtige krag van God nie, het daar slegs ruimte gebly vir 'n natuurlike, rasionele orde.

In die etiek word die sedelike norm nie in die wet van God gesoek nie, maar in die rede en gewete. En die krag van die goeie skuil in die mens self, wat dan geensins radikaal bedorwe sou wees nie. Verdraagsaamheid, ook in die godsdiens omdat alle godsdienste per slot van rekening dieselfde is (Lessing), moet bevorder word. Een godsdiens staan dus nie hoër as die ander nie. Die begrippe: geluk, nut, deug, loon is bepalend vir hierdie natuurlike sedeleer.[172)]

In die politieke lewe het dit veral onder leiding van Voltaire tot die militante, revolusionêre Rasionalisme gevoer, wat in Frankryk die

171) Loc. cit.

172) Ibid., p. 375.

opstrewende burgerklasse teen die absolutisme van die Lodewyke in opstand gebring het. Saam met die leer van die volksoewereiniteit wat Rousseau hartstogtelik verdedig het, was die hout al aangedra om die wêreld gereed te maak vir die vuur van die revolusie.

Eeue lank het die Franse absolutisme, geskraag deur die adelstand en die kerklike geestelikes, 'n bolwerk van konserwatisme opgebou. 'n Konflik met die humanisties-rasionalistiese wêreldbeskouing kon nie uitbly nie. Die ou instellinge, tradisies en geloofsuitgangspunte moes uiteindelik soos 'n verswakte dyk voor die waters van revolusie breek. Onder die slagspreuk: „Vryheid, Gelykheid en Broederskap" het 'n storm losgebars wat een van die grootste ateïstiese uitbars=tings sou word wat die mensheid ooit geken het. God is na die kroon gesteek, die mens met sy verabsoluteerde rede is op die troon verhef en die stoflike het die uitsluitlike doel van die lewe geword.

Die Franse Revolusie met sy humanistiese beginsels het groot en blywende invloed op die hele Europa en selfs op die hele Westerse wêreld gehad, soos later aangetoon sal word.

Renaissance, Aufklärung, Engelse deïsme en Franse Revolusie – dit kan ons nou na die verloop van enkele eeue duidelik sien – het die wêreld ryp gemaak vir die dodelike tweespalt tussen Christendom en kultuur wat ons vandag beleef. Dit het die wêreld ryp gemaak vir 'n Humanisme wat langs die weg van die ateïsme van Nietzsche en van die eksistensialisme op die sekularisme van ons tyd uitgeloop het. Op hierdie pad het die Kommunisme en die Liberalisme ook hulle duisende verslaan.

### 6.6.3 Die Humanisme - 'n prinsipiële omlyning, veral in Amerikaanse konteks

Uit die historiese verkenning het dit reeds duidelik geblyk dat dit 'n uiters moeilike taak is om die verskillende vergestaltinge van die Humanisme oor een noemer te plaas. Dit het immers in die loop van die eeue 'n groot verskeidenheid van vergestaltinge aangeneem. Daarbenewens kan dit nie as 'n afgebakende filosofiese sisteem of 'n noukeurig geformuleerde ideologie gesien word nie. Dit moet eerder as 'n gekompliseerde geestestroming gesien word wat dwarsdeur die geskiedenis van die mensheid waargeneem kan word, maar wat van eeu tot eeu en van land tot land varieer ten opsigte van sy uitwendige openbaring. Dit moet gesien word as 'n denk- en lewenswyse wat op bykans elke terrein van die lewe tot uiting kom en wat varieer van 'n erkenning van God en sy Woord tot 'n totale loëning en nege= ring van alles wat bonatuurlik is.

En tog is daar 'n verborge ooreenkoms wat as 'n gemeenskaplike noemer gebruik kan word en wat primêr bepalend is vir alle huma= niste. Dit lê in die woord self opgesluit. Die woord kom van die Latynse „humanum" wat „menslike" beteken. En alle humaniste het dit in gemeen dat hulle die mens en die menslike in die sentrum stel. Die mens word as vry, outonoom gesien, en hy beskik oor inherente vermoëns wat hom tot stellingname ten aansien van die werklikheid dring. Die mens moet daarom uit eie inherente krag voortdurend besig wees om vir homself en die mensheid sin en betekenis aan die werklikheid te gee. Die mens moet verder met krag opkom vir die regte van alle individue wat universeel gelyk is. In alles, op

elke terrein van die lewe, staan die mens in die middelpunt.

Jan D. Dengerink stel hierdie beginsel van die Westerse Humanisme kernagtig: „Western humanism in its earliest period was quite self-conscious. It found its religious incentive in the area of the autonomous, sovereign man who believed himself to be called to subdue nature and to build for himself according to his own plan and with the help op scientific thought a society in which he could come to full development. [173)]

Die Humanisme stel die outonome mens dus sentraal in sy lewens- en wêreldbeskouing en verwerp die beginsel van absolute gehoorsaam=heid aan Goddelike gesag. In sy uiterste konsekwensie keer hy in naakte ateïsme God die rug toe. Hy verval aldus onvermydelik in sekularisme wat beteken die totale emansipasie van die mens van sy betrokkenheid op die bo-kosmiese.

Sekularisme, met nihilisme en totalitarisme kort op sy hakke, is waarskynlik die laaste skof op die pad na die Humanisme. Dit is die manier van lewe wat alleen van die geskape dinge uitgaan en wat God nie wesenlik belangrik ag vir die lewe of denke van die mens nie. God het vir die mens in die vergetelheid geraak, 'n

173) Dengerink, Jan. The spirit of revolution in Western society: a challenge to the Christian Church. International Reformed Bulletin, 14th year, nr. 44 - 45, Winter-Spring, 1971, pp.19, 20.

argiefproduk, waarvan vorige generasies miskien nog wel gebruik kon maak, maar wat nou totaal oorbodig is. Dit wil sê, die mens van hierdie wêreld het hom toegesluit vir en afgesluit van die kragte van die ewigheid. Elke herinnering aan die ewige dinge het vervaag, en die aardse lewe het geheel en al einddoel geword. Hier vind ons die na buite uitgekristalliseerde ateïsme.[174)]

In Amerika vertoon die Humanisme verskillende unieke kenmerke. Enkele van die belangrikstes hiervan word vervolgens bespreek.

174) Cf. Duvenage, S. C. W. Kerk, volk en jeug, Zaandijk, J. Heijnis, 1962, pp. 23, 24.
Die definisie van Rietveld lui: „Wij verstaan onder secularisatie de emancipatie der wereld van de drieënige God, en een poging onafhankelijk in zichzelf te bestaan." Rietveld, B. Secularisa= tie als probleem der theologische Ethik. diss. 's Gravenhage, 1957, p. 12.
Birnbaum beskryf 'n gesekulariseerde samelewing soos volg: „Es ist eine Gesellschaft, in der private und öffentliche Entscheidungen ohne Berüksichtigung übernatürlicher Imperative oder Sanktionen getroffen werden." Birnbaum, Norman. Säkularisation. <u>Monatschrift für Pastoraltheologie</u>, 1959, p. 69. Walz weer toon die noodwendige wrange vrugte van se= kularisme aan as hy argumenteer: „Secularism appears actually in two forms. Either it sets up some earthly factor, an idea, a nation, a race or a social order as the highest value to which it subordinates everything else, if necessary by force. This ends in totalitarianism. Or it sees the relativity of all earthly things, but fails to see that they are held in stewardship for God. Then it ends in nihilism." Walz, H. H. Christendom in a secularised world. <u>The ecumenical review</u>, 1957-1958, pp. 281, 282.
Ons sal later aantoon dat dit presies hierdie dilemma van totali= tarisme en nihilisme is, op die horings waarvan die Amerikaan= se vergestalting van die Humanisme beland het.

6.6.3.1 Demokrasie as godsdiens

In die Verenigde State van Amerika, 'n land wat bekend staan as die mees demokratiese land ter wêreld, is die demokratiese ideaal tot sy volle konsekwensies deurgevoer. By die bestudering daarvan blyk dit duidelik dat dit vir die Christendom nie altyd tot seën gestrek het nie. Trouens, die demokratiese ideaal het in meer as een opsig die Chris=telike vervang en verplaas.

As basiese prinsipes van die demokrasie in Amerikaanse konteks word die volgende genoem: 'n kulturele en religieuse pluralisme waaronder verstaan word die skepping van 'n geestesklimaat waarin al die verskil=lende kulture en godsdienste hulle eie bydrae lewer en wedersyds erken=ning aan mekaar moet verleen. Die egte demokrasie impliseer dan 'n openheid vir die ander. Gordon C. Lee het dit soos volg uitgedruk: „One of the essential elements in the American democratic creed is the spirit of respect for and acceptance of the contribution of all cultures, races, nationalities, religions, etc. on their own merits."[175) Die tweede van die basiese prinsipes is die waarde en die waardigheid van die individu. Hiervan sê George S. Counts: „Here is the founda=tion of all human conceptions of life and probably the ultimate source of the other values of our democratic faith."[176) Die derde is die

175) Lee, Gordon C. Education in modern America. Aangehaal deur Kranenborg, L. Democratie en onderwijs in de Verenigde Staten. Ad Fontes, Tweede jrg., nr. 8, 1955. p.182.

176) Counts, George S. Education and American civilization. Aangehaal deur Kranenborg, loc. cit.

gelykheid van alle mense ten opsigte van primêre regte en pligte. Die vierde basiese kenmerk van die demokrasie in Amerika sou ge= noem kon word die strewe na vryheid en verantwoordelikheid.

Die tipiese Amerikaanse vergestalting van die Humanisme het sy oor= sprong reeds in die tweede helfte van die 18de eeu. Die duidelikste openbaring daarvan vind ons in „The Declaration of Independence", aanvaar deur die Kontinentale Kongres op 4 Julie 1776 en geïnisieer deur Thomas Jefferson, 'n tipiese deïs. Dit kan as die grootste humanistiese manifesto van die wêreld van daardie tyd beskou word.

Op die voetspoor daarvan het die konstitusie van die V.S.A. in 1787 gevolg wat in die Christelike wêreld die eerste voorbeeld was van 'n nasionale konstitusie wat die naam van God en die Christelike geloof totaal buite rekening gelaat het. Richard Forbes stel dit dat die eer= ste tien Amendemente, algemeen bekend as „The Bill of Rights", die eerste sodanige lys van menslike regte was wat die regte van die in= stitusionele kerke in verhouding tot die Federale Staat in onsekerheid gelaat het. Die enigste reg wat enige kerk as 'n korporatiewe enti= teit gehad het, was dat geen ander kerk deur die Federale Regering offisieel erkenning sou kry nie. Die menslike reg om sy godsdiens te laat geld in al die sfere van die lewe en om te behoort aan 'n godsdienstige gemeenskap, waarvan die sentrale instelling die kerk, die sinagoge of the tempel is, was dus nie gewaarborg nie.

„This fundamental failure to guarantee human rights was to work itself out as precisely the American Way of Life through the later radical humanistic control of tax-supported education, culminating symbolically

in the banning of official prayer and Bible-reading from the schools . . . Whatever the religious motivation of the individual framers and what= ever the religious motivation of the separate states, the nameless god of the federal Constitution was none other than Humanism's Baal, Nature and Freedom."[177)]

Die religieuse pluralisme sonder enige wetlike garansie wat die van= selfsprekende gevolg was van „The Bill of Rights", en die steeds toe= nemende invloed van die humanistiese lewensbeskouing, het 'n geeste= like en godsdienstige veroppervlakkiging in die hand gewerk wat byna ongekend was in die Westerse beskawing. Die religie van die de= mokrasie het die plek van die suiwer Christelike godsdiens ingeneem.

Die idee van die demokrasie het gedurende die laaste 200 jaar in Amerika 'n steeds meer pregnante betekenis gekry sodat dit in meer as een opsig as sinoniem beskou is met die Christendom. Schneider beweer: „On the American continent, the traditional Christian concepts of ransome, redemption, and forgiveness were deprived of their ethical and social connotations and implications, and were taken over by the more democratic, if not yet purely secular ideals of justice, constitu= tional government and moral law."[178)]

177) Forbes, Richard. Humanism and human rights, a Christian view. Rexdale, Ontario, Christian Labour Association of Canada, 1968, p. 8.

178) Schneider, Herbert W. The Puritan mind. Ann Arbor, The University of Michigan Press, 1958.

Besonder belangrik in hierdie religie is die idee van „community". Onder die invloed van denkers soos John Dewey het die idee van „democratic community" vir die Amerikaanse volk 'n besondere preg= nante betekenis gekry. In hierdie begrip word die outonomie van die individu, soos die Humanisme dit verkondig, geensins buite reke= ning gelaat nie. Maar daarnaas word nou ook in die Amerikaanse idee van demokrasie die gedagte van „community" geïnkorporeer. Dit beteken egter geen hegte gemeenskap nie, maar die eenheid, vir sover van eenheid sprake is, word hier deur dit wat mense in gemeen het, bepaal. Dit kan bemerk word in die etimologiese ontleding van die woord „community = common-unity". As outonome individue nou 'n „community" moet vorm, dan is die basis van sodanige „community" net dié enkele religieuse, kulturele, ens. aspekte wat almal in gemeen het. Dit wat al die individue nie in gemeen het nie en nie mee kan saamstem nie, moet uitgeskakel word en dit wat oorbly vorm dan die basis van die „community". As gevolg van die feit dat hierdie proses vir 'n lang tyd voortgaan, word die saambindende faktore al minder en die prinsipiële basis van die „community" al leër. Die grootste gemene deler word dus al kleiner as gevolg waarvan ware gemeenskap verdwyn. Die uiteinde is dat die blote vorm oorbly sonder enige inhoud. Dat dit sekere elemente in die samelewing frustreer en tot verset opwek, is voor-die-hand-liggend. Die religie van die demokrasie het 'n volk geskep wat op soek is na ware gemeen= skap.[179)]

179) Cf. Hart, Hendrik. The democratic way of death. Ontario, C.J.L. Foundation, 1967, p.4.

Dit wil nie sê dat alle gemeenskapslewe in die Amerikaanse samelewing verdwyn het nie. Verskillende subkulture of gemeenskappe wat sosioloë gewoonlik „primêre" gemeenskappe noem, soos kerklike affiliasies, familie, ontspannings- en vriendskapsassosiasies is nog toegelaat om hulle identiteit te behou. Dit is egter allengs as ondemokraties en onamerikaans beskou om die gebied van die „sekondêre" samelewingstrukture te bevraagteken. Dit is op die gebied van die „sekondêre" strukture wat alle Amerikaners in die „Great Community" deel.[180)]

Op hierdie wyse het die demokrasie in sy Amerikaanse konteks ook vir die Christendom 'n ontsaglike bedreiging geword. Menslike regte, menslike vryhede, demokratiese prerogatiewe, ens. ontvang op die huidige dag soveel aandag en voorrang dat van die kernwaarhede van die Skrif soos die navolging van Christus, die koms van die Koninkryk van die hemele en die eer van God weinig gehoor word. As Christendom verwater is tot iets wat aan niemand meer aanstoot gee nie, as godsdienstigheid onafskeidelik een geword het met radikale pragmatisme en met moderne psigologisme, as die kerk totaal geassimileer word met die sosiale struktuur van 'n volk en niks anders meer is as die religieuse dimensie van die nasionale lewe nie, as die antitese verdwyn het en die kerk versosialiseer het, dan het die humanistiese beginsels van die demokrasie miskien wel geseëvier maar daarmee is terselfdertyd die graf van die Christendom gegrawe.

180) Weton, Michael. Crisis in the massroom. Vanguard, Sept. 1971, p. 17. Cf. Hart, loc. cit.

Demokrasie as stelsel kan natuurlik wel as 'n suiwere basis dien vir die politieke struktuur van 'n land en 'n volk en die beginsel van de=mokrasie kan ook 'n hegte fondament wees waarop die verskillende samelewingsverbande gebou word. Maar wanneer dit die allesbeheer=sende prinsipe word, wanneer dit 'n godsdiens word, hou dit ontsag=like gevare in, en wanneer demokrasie die plek inneem wat die Woord van God regtens moet besit, dan word dit 'n selfvernietigende mag.[181)]

6.6.3.2 Natuur en vryheid

Een van die mees sentrale gedagtes in die Humanisme vind ons in die dialektiese spanning tussen natuur en vryheid. Ons moet dit duidelik raaksien om die ontwikkeling van die Humanisme in Amerika te ver=staan. Dooyeweerd onderskei vier religieuse grondmotiewe in die

181) Hart, op. cit., p. 8.
Hart ontleed in sy proefskrif Dewey se interpretasie van die begrip demokrasie. Dit is die demokratiese beginsel wat, volgens Dewey, die begrip gemeenskap (community) sin en bete=kenis gee. Die idee van demokrasie impliseer dan gemeenskap=like belange, koöperatiewe interaksie wat kommunikasie beteken, gelyke regte vir almal, vrymaking van individue en bevordering van die gemeenskaplike goeie. So word demokrasie vir Dewey veel meer as 'n regeringsvorm. „It is for him a vital principle for life itself. Democracy is an authentic expression of true life. It is a question of all men being truly brothers. For this reason Dewey asks for 'surrender' of the idea of Christianity that there is a dividing line between brothers in Christ and brothers in man." Hart. Communal certainty and authorized truth, p. 97.

ontwikkelingsgang van die Weste. Die oudste is die vorm - materie motief van die Griekse wysbegeerte. Die tweede is die religieuse grondtema van skepping, sondeval en verlossing deur Jesus Christus wat deur die Christelike godsdiens gepromoveer is. Die Rooms Kato= lieke Kerk, wat die sintese wou bewerkstellig tussen die Griekse en Christelike motief, het vorendag gekom met 'n nuwe dialektiese grond= tema, dié van natuur en genade, 'n tema wat ook deurgewerk het in die latere skolastiese denke. Die vierde grondtema is dié van natuur en vryheid wat uit die humanistiese denke voortgekom het en wat ook dialekties van aard is.[182)]

Na die tyd van die Renaissance en die Reformasie het daar in die denke van die wysgere Locke, Descartes, Kant en veral Rousseau teen die middel van die 18de eeu, 'n besonder beslissende moment aange= breek. Op die voetspoor van die Humanisme het die idee van die teëstelling tussen natuur en genade, soos dit by Thomas van Aquino gefigureer het, verdwyn. In die woordeboek van die Humanis het die begrip genade nie meer bestaan nie. Die rede het met die op= koms van die Rasionalisme totaal die oorhand gekry en die aanvoeling en erkenning vir die bonatuurlike het weggeval. In die plek van die antinomie tussen natuur en genade het die Humanis egter die teëstel= ling tussen natuur en vryheid gaan stel.

182) Dooyeweerd, H. De vier religieuse grondthema's in de ontwik= kelingsgang van het wijsgerig denken van het Avondland. Philosophia Reformata, 6e jrg., p.161 v.

Die Humanis se grootste en hoogste ideaal waarvoor hy alles in die stryd sou werp, het die outonome vryheid geword, 'n vryheid waarin vir die mens alle deure sou oopgaan wat maar enigsins moontlik was. Dit is die vryheid sonder enige beperkings, die vryheid van die outo= nome mens. Hierdie outonome mens is egter voortdurend gekonfron= teer met 'n toenemende innerlike tweespalt. In al sy aktiwiteite, nl. die ekonomiese, die politieke, die estetiese, die opvoedkundige ens., trouens oor die hele spektrum van sy kulturele lewe en optrede in die breedste sin van die woord, is hy besig met die worsteling om sy menslike vryheid te behou binne 'n geheel en al gedetermineerde natuur. Hier moet ons die religieuse wortel van die Humanisme soek.

Dengerink merk op dat hierdie dialektiese grondmotief van die Huma= nisme in homself die onophefbare polêre spanning berg tussen die nuwe persoonlikheidsideaal van die vrye, sedelike selfbepaling en die daardeur opgeroepe wetenskapsideaal van die soewereine beheersing van die werklikheid deur die moderne natuurwetenskaplike denke, wat by konsekwente deurvoering geen plek vir persoonlike vryheid meer laat nie.[183)]

In hierdie teëstelling van natuur en vryheid waarmee die Humanisme

183) Dengerink, J. D. Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der „soeverei= niteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw. Kampen, Kok, 1948, p. 169.

deur die eeue geworstel het, moet ons dus terselfdertyd die bron van uiteindelike revolusie sien. Hierdie spanning moes hom laat geld, en al het dit twee eeue geduur, word die wrange vrugte van hierdie uitsiglose filosofie in die huidige kulturele revolusie gepluk. Binne die mees ongekende tegnokratiese ontwikkeling het die mens se huma=nistiese vryheidsideaal en die ideaal van die vrye outonome persoon=likheid so hol geword dat menigeen alleen revolusie as antwoord sien.

In sy brosjure „Culture and Revolution" stel Hans Rookmaker dit soos volg waar hy die wortels van die huidige revolusie in die 18de eeu aandui: „To the historian of philosophy, the era of the Enlighten=ment as such may at once be extremely puzzling and highly stimulating, but if we do not recognize the growth of unbelief and subsequently the birth of revolution in the seemingly serene brains of Europe's top thinkers, we miss the real significance of the eighteenth century. Two centuries later, the world conforms to their ideals, and their principles are almost universally accepted."[184)]

Hierdie dialektiek is veral besonder duidelik sigbaar in die hedendaag=se Amerika. Die konsekwente navolging van die humanistiese filo=sofie met sy inherente antinomie van natuur-vryheid het die Ameri=kaanse kultuur in 'n „cul de sac" laat beland. Die steeds toenemen=de ontwikkeling van meganisasie en outomatisasie van die samelewing waarin die mens gedegenereer word tot 'n masjien, pers die humane

184) Rookmaker, Hans. Culture and revolution, 1967.

uit die lewe van die mens. As gevolg van die oordrewe kommersiali= sering, word geappelleer aan die mees basiese drifte van die mens, soos honger, dors en seks, in so 'n mate dat hy verdierlik word. Aan die een kant is die mens dus volledig vanuit die natuur gekondi= sioneer as gevolg van 'n verabsolutering van die tegnologie.

Aan die ander kant gryp die mens steeds meer en meer, en in Amerika baie sterk onder die invloed van Marx met 'n Freudiaanse tint daarin van die kant van Marcuse, na steeds groter ongebonde vryheid. Hier duld hy geen beperkinge nie. Hier gun hy homself alle lisensies in die uitlewing van sy outonome vryheid. Binne die konteks van hierdie ontsaglike tweespalt is anargie en uitsiglose revolusie nie alleen waar= skynlik nie, maar selfs vanselfsprekend.

Die resultaat van bogenoemde „cul de sac" waarin die humanisties-georiënteerde mens uiteindelik beland, word op skokkende wyse weer= gegee in die gedig „Howl" van Allen Ginsberg, in meer as een opsig die geestelike vader van veral die kulturele revolusionêr:

„I saw the best minds of my generation destroyed by madness,
starving hysterical naked . . .
Who passed through universities with radiant cool
eyes hallucinating Arkansas and Blake-light tragedy
among the scholars of war, who were expelled from the
academies for crazy and publishing obscene odes on
the windows of the skull. . .
who studied Plotinus Poe St. John of the Cross telepathy
and bop kaballa . . .

who broke down crying in white gymnasiums naked and
trembling before the machinery of other skeletons . . .
and rose reincarnate in the ghostly clothes of jazz
in the goldhorn shadow of the band and blew the
suffering of America's naked mind for love into
an eli lamma sabachthani saxophone cry that shivered
the cities down to the last radio with the absolute
heart of the poem of life butchered out of their
own bodies good to eat a thousand years."

6.6.3.3 Pragmatisme

Ook van pragmatisme as lewensfilosofie kan John Dewey die vader beskou word.[185] Dewey se opvatting moet egter nie verwar word nie met die populêre verloopte vorm van pragmatisme wat gemanifes= teer word in die houding van diegene wie se enigste kriterium dit is om te bereik wat hulle beoog, afgesien van die vraag of dit reg is of

185) Henk Hart spreek die oortuiging uit dat William James verkeer= delik as die vader van pragmatisme beskou word. Dit is immers besonder laat in sy lewe wat James 'n filosoof en 'n pragmatis geword het en bowendien het hy nooit gekom tot 'n duidelik uitgewerkte en konsekwente beskouing in verband daar= mee nie.
Hart, op. cit., p.87. Cf. Anon. Pragmatisme. (In Christelijke Encyclopedie, 5, p.494.); Goudzwaard, Bob. A Christian political option. Toronto, Wedge Publishing Foundation, 1942, p.72.

verkeerd. Dit is 'n op gerief afgestemde, harde, besigheidsgeoriën=teerde lewensvisie en optrede wat meer individualistiese opportunisme is as pragmatisme in die ware sin van die woord. Volgens dié be=skouing is alles wat werk, alles wat praktiese resultate lewer, alles wat nuttig is, vanselfsprekend ook waar. Enigste maatstawwe vir 'n bepaalde handeling is dan persoonlike sukses, persoonlike bevredi=ging en praktiese nut. Teoretiese oorweginge en intellektuele besin=ning kan net diens doen om sukses in die lewe te verkry.[186)]

Dewey het hierdie karikatuur van pragmatisme duidelik onderken en daarna verwys as die populêre opvatting en as 'n subtiele verdraaiing wat meer en meer veld gewen het en genoem mag word die pragmatis=me van die Amerikaanse lewenswyse met sy oorwegende besigheids=oriëntasie.[187)]

Hierdie populêre pragmatistiese opvatting van „alles wat nuttig is, is waar", beperk dit wat nuttig is ook nog tot 'n bepaalde arbitrêre per=soonlike of groepsbevrediging. Bowendien verloor dit uit die oog dat in die filosofie van pragmatisme daar 'n ander begrip naas die waarheidsbegrip is wat bepalend is en wat selfs aan die waarheids=begrip voorafgaan en dit is die nosie van „betekenis" (meaning). Hier kom ons by die kern van Dewey se pragmatisme. Die enigste manier om uit te vind wat iets beteken, is om waar te neem hoe dit inderdaad funksioneer. En dit mag geskied by wyse van gebruiks=

186) Hart, loc. cit.

187) Hart, op. cit., p. 25.

resultate, praktiese effekte en operasionele konsekwensies. Hierdie opvatting van pragmatisme blyk duidelik 'n reaksie te wees teen die Rasionalisme van die vorige eeu wat gemeen het dat dit die waarheids=vraag kan oplos en die egte betekenis van dinge kan bepaal vanuit 'n leuningstoel afgesien van wat die praktyk bewys.[188)]

Vir Dewey lê die begin van wysheid in aksie. 'n Idee moet eers werk, gevolge hê, voordat jy kan bepaal of dit waar is. „Truth thus means that a thing can be verified to be or to do what it was thought or said it could be or do. It is not so that whatever is useful is true, but that whatever is taken to be true must be capable of having itself affirmed in use; must be verified in practice, in operation, in its effects, in its consequences, in the totality of its functioning. And something is not verified or made true by just any use or any consequences, but only be such as properly belong to it."[189)]

Dit is duidelik dat die hedendaagse toepassing en beoefening van die pragmatistiese lewensbeskouing, hoewel dit sy oorsprong het in die leer van Dewey, veelal die patroon vertoon van die verdraaide versie van pragmatisme waarteen hy gewaarsku het.

Harvey Cox definieer pragmatisme as die betrokke wees by die vraag na 'n sigbare resultaat. Die pragmatiese mens hou hom nie op met misteries nie. Hy het weinig belangstelling vir alles wat skynbaar

188) Hart, op. cit., p. 88.

189) Loc. cit.

in verset kom teen sy menslike krag en verstand. Dit is dus tipies humanisties. Die pragmatis beoordeel idees volgens praktiese resul= tate, en hy beskou die wêreld nie as 'n ondeelbare metafisiese stelsel nie, maar as 'n aaneenskakeling van probleme en werkstukke.[190] As verpersoonliking van die tipiese pragmatiese gees verwys Harvey Cox na wyle president John F. Kennedy.

Die pragmatis hou hom besig met praktiese of materiële sake en is geïnteresseerd in die aktuele uitwerking van die idee in ervaring. Die lewe is vir hom 'n aaneenskakeling van probleme wat hy benader met behulp van spesialiste en allerlei apparaat om dit een na die ander op te los. In die hantering van probleme skuif hy die dinge opsy wat irrelevant en onhanteerbaar is en handel net die beheerbare af. Hy mors geen tyd met laaste vrae en religieuse kwessies nie. Sy denke en handele is dus nie ontologies nie maar funksioneel gekwali= fiseer, 'n onderskeiding wat C.A. van Peursen breed uitwerk.[191]

Die pragmatistiese visie het selfs diep in akademiese disiplines inge= dring. In baie kontemporêre wetenskaplike publikasies word die oor= tuiging gehuldig dat wetenskaplike definisies nie „objektief" waar hoef te wees in die gebruiklike sin van die woord nie. Die enigste is net dat dit bruikbaar en nuttig vir die ontwikkeling van wetenskaplike

190) Cox, Harvey. The secular city. New York, Macmillan, 1965, p. 52.

191) Van Peursen, C.A. Man and reality - the history of human thought. The Student World, LXI, First Quarter, 1963, p. 13.

navorsing moet wees.[192]

In die Amerikaanse pragmatistiese vormgewing van die Humanisme het die outonome mens met sy fisiese vaardigheid, sy tegnologiese bekwaamheid, sy „know how" en „I'll fix it"-mentaliteit op die punt gekom waar pragmatisme geen middel tot 'n doel meer nie, maar doel op sigself geword het.

Die deurwerking van die pragmatisme kan nou op elke gebied van die kulturele lewe duidelik aangetoon word. In die politieke lewe kom dit daarop neer dat daar nie meer gestem en ook nie meer geregeer word op sterkte van en ooreenkomstig 'n program van beginsels nie. In 'n boek soos „The making of a president" blyk dit dat dit hoegenaamd nie gaan om prinsipiële beleid en etiese beginsels nie. Daar word net vir die man gestem, vir die beeld wat vooraf televisie-gereed ge=maak en deur die massamedia netjies verpak is. Per slot van reke=ning gee die dollar die deurslag.

Op die gebied van die kuns blyk dit dat ondanks die erkenning van die individuele soewereiniteit, die menslike individualiteit tog nie tot sy reg kom nie. Daar is in die gepragmatiseerde samelewing geen balans meer tussen organisasie aan die een kant en individuele inisia=tief, kreatiwiteit en verantwoordelikheid aan die ander kant nie. Dit is veel meer 'n dominering en manipulering van bo af, sodat mense

192) Goudzwaard, op. cit., p.18.

voel soos robots. In die wêreld van die kuns word hierteen op tref=fende wyse in opstand gekom deurdat die absurditeit in die lewe in die kuns self geprojekteer word.

Op die gebied van die ekonomiese lewe is die proses miskien die dui=delikste sigbaar. Dit gaan gepaard met 'n verabsolutering van teg=niek en organisasie wat daarop toegespits is om die bose kringloop van produksie-konsumpsie aan die gang te hou. Alles word vir hier=die doel in die werk gestel: wetenskaplike beplanning, effektiewe kon=trole en beheer, doeltreffende kondisionering van die smaak, behoeftes en neiginge van die massas deur artifisieel-psigologiese advertensie=metodes. Daar word nie meer gevra na die bruikbare doel van die produk, na die oordeelkundige gebruik van natuurlike bronne, na die moontlikheid van omgewingsbesoedeling, na die kwaliteit van of trots op arbeid, selfs na die gehalte van die produk nie. Die deurslagge=wende is uitsluitlik: voortgang van produksie-konsumpsie, doeltreffend=heid, sukses en hoogs moontlike wins. Arnold de Graaff wat die funeste gang van die Humanisme op die ekonomiese vlak raak teken, noem drie onvermydelike gevolge: Die mens se aanspraak op outo=nomie het verantwoordelikheid die nekslag toegedien. Om verant=woordelik te wees, beteken dat die mens aan Iemand rekenskap moet gee; dit beteken dat hy 'n taak het om te verrig en die vryheid besit om daardie taak te verrig in ooreenstemming met die wil van die Op=draggewer. Toe die mens verklaar het dat hy outonoom is, d.i. sy eie wetsbepaler, het verantwoordelikheid stadigaan begin kwyn. Hier=die verval van verantwoordelikheid van die werker is een van die brandpunte van ons tyd.

'n Situasie het ontstaan waar dit bykans onmoontlik vir die werkende man geword het om die inisiatief in sy werk te neem al wou hy dit ook doen. Geleenthede om verantwoordelikheid uit te oefen het dras= ties verminder. Onverskilligheid, belangeloosheid, 'n gevoel van nutteloosheid en 'n voorgevoel van sinloosheid is die onvermydelike resultaat. Vir miljoene mense, insluitende Christene, is werk ver= ontmenslik. Dit is nie meer die antwoord op 'n goddelike roeping nie, maar slegs 'n „job". Mens moet werk slegs om te kan eet. Vir meeste werkers is dit eenvoudig al. Anders werk jy bloot ter= wille van al die goeie dinge wat jy kan koop of geniet. Hoe dit ook= al sy, die werk self is nie meer bevredigend nie. Dit is dikwels 'n noodsaaklike euwel - die prys wat jy moet betaal vir 'n goeie en gemaklike lewe.

Die verlies van verantwoordelikheid vernietig nie alleen die sinrykheid van werk nie, maar ook die werkende gemeenskap. Gedurende die vorige eeu het hierdie verlies van verantwoordelikheid in 'n genade= lose individualisme te voorskyn getree en in ons tyd vind dit uiting in 'n gelykmakende kollektivisme. Verhoudings het onpersoonlik ge= word en daar is weinig lojaliteit teenoor gemeenskaplike ekonomiese ondernemings. Dit is waar ten opsigte van die bestuur. maar dit is net so waar ten opsigte van die werkers wat deur die groot werkers= unies gelei word. Die hedendaagse werkersunies het immers net sulke ondersteuners van die ekonomiese gesagsorde geword as die aandeelhouers self. Die enigste verskil is dat wanneer hulle oor elke sfeer van die samelewing getriomfeer het, mag hulle vind dat hulle aan die teenoorgestelde punte van hulle gemeenskaplike tou trek.

Die verabsolutering van die ekonomiese mag het nie alleen die werker van sy verantwoordelikheid beroof om sodoende sy werk betekenisloos te maak nie, maar dit het ook 'n materialistiese lewenswyse tot ge= volg gehad. Die winsmotief wat die massamedia beheer is geneig om nie net die nuus nie, maar ook verskillende lewensterreine te laat ont= aard. Al ons gewoontes, al ons verhoudings, al ons inrigtings, alles waarvan ons hou en nie hou nie, al ons waardes en ideale word ge= kommersialiseer: „Dit betaal om te adverteer."

Die rigting waarin die ekonomiese lewe vir die afgelope honderd jaar beweeg het, lei geheel en al tot 'n hedonistiese lewenspatroon wat as doelwit slegs fisiese en emosionele selfbevrediging het. Die Noord-Amerikaanse lewenspatroon is vinnig besig om te verander in 'n lewe van oppervlakkige waardes, van leë religieuse gebruike, van morele onverskilligheid, van egosentriese belange met min belangstelling in die welsyn en die lot van die mensdom. Besighede en die groot unies het gesamentlik die leiding geneem in hierdie ontaarding van die lewe.

Die buitelyne van 'n prentjie is stadigaan besig om sigbaar te word: rebellie teen God, menslike outonomie, vergoddeliking van die mens= like rede, wetenskaplike beheer (veral op ekonomiese gebied), kuns= matige kondisionering van die smaak en behoeftes - wat tot gevolg het die verlies van verantwoordelikheid, sinloosheid van werk, en 'n hedonistiese lewenspatroon. Dit is die huidige situasie en dit vorm die hedendaagse religieuse krisis.[192)]

192) De Graaff, Arnold H. Get the Word. Ontario, Christian Labour Association of Canada, 1969, pp. 3, 4.

6.6.3.4 Korporatiewe liberalisme

Dit is teen die agtergrond van hierdie verloopte ekonomiese situasie dat 'n ander opvallende verskynsel raakgesien moet word, nl. dié van die sogenaamde korporatiewe liberalisme. Dit is die organisering van die samelewing volgens die model van 'n aantal groot korporasies in wie se hande alle mag saamgetrek is. Dit is die kompleks van industriële, militêre en opvoedkundige staatsinstellinge wat op onper=soonlike en burokratiese wyse, sonder vrees van magsverlies, links en regs kan provokeer en die sogenaamde vryheid van die individu per slot van rekening in newels laat verdwyn. Die „New Left" noem dit die „System" of „Establishment". Dit is korporatisties omdat die groot korporasies hulle mag gebruik om beslissinge te vel en die samelewing te modelleer na eie goeddunke. Dit is liberalisties om=dat die „System" sowel die personeel as die retoriek van die Libera=lisme oorgeneem het om sy doeleindes te bereik. Op geen ander punt blyk die pragmatisties-liberalistiese Humanisme meer futiel en self-destruktief te wees nie. Dit is per slot van rekening 'n sen=tralisasie van mag. Meer en meer mag is gesentraliseer in enkele groot korporasies of instellinge en in die hande van die Federale Re=gering. Selfs die werkersunies verteenwoordig nie meer hulle lede nie. Hier bereik die Humanisme dus een van sy konsekwente uiter=stes, naamlik totalitarisme wat onwillekeurig die vernietiging van die individu en die gemeenskap beteken.[193)]

193) Gish, op. cit., pp. 25, 26.

Van den Bergh verwys na die toestand in Europa sowel as Amerika as hy die onderhawige verskynsel soos volg beskryf:

„De politieke strijd ging vooral tussen vertegenwoordigers van belangen=groepen en de besluitvorming werd hoe langer hoe meer een ondoor=zichtig en gecompliceerd onderhandelingsproces tussen grote bureau=cratische organisaties, waar het zwaartepunt steeds meer bij het ambtelijk apparaat van de overheid en het georganiseerde bedrijfleven kwam te liggen ... Het was bovendien door de toenemende bureau=cratisering van de besluitvorming bijzonder moeilijk om de verant=woordelijkheid van de onbevredigende stand van zaken vast te leggen. Hoe minder goed pers, parlement en politieke partijen hun kritische en verniewende functies vervullen, hoe groter de kans op het ontstaan van een radicale studentenbeweging."[194)]

In hierdie kulturele vormgewing van die Humanisme kry die woord Tegniek 'n hoofletter en word die verabsoluteerde tegnologie nie alleen tegnisisme nie maar tegnokrasie. Jacques Ellul het hiervan 'n tref=fende beskrywing gegee.[195)]

Op die gebied van die sosiale verhoudinge is dit onvermydelik dat die mens in die samelewing waar pragmatisme die sin en doel geword het, gedehumaniseer word. In organisasie en besigheid, in wetenskap en

194) Van den Bergh, G. van Benthem. Studenten in opstand. Amsterdam, Uitgeverij Keesing, z.j., p.3.

195) Loc. cit.

kuns, in werk en ontspanning word die mens op so 'n wyse „geroboti= seer" dat hy nie meer geleentheid het om ten volle mens te wees nie. Sulke begrippe soos ware menslike vryheid, selfverwerkliking, gods= diens en geestelike lewe het verouderde begrippe geword. B. F. Skinner beskryf hierdie toestand treffend in sy boek, „Beyond freedom and dignity". Aangesien die evolusionisme van Darwin sy volle effek ook op sosiale gebied gekry het, word die mens as 'n biologiese organisme beskou wat gekondisioneer kan word. In die psigologie, antropologie en sosiologie het „behaviourisme" die toonaangewende denkpatroon geword.

Hierdie evolusionistiese trek is besonder sterk in die Amerikaanse samelewing. Hand aan hand daarmee het die Freudiaanse invloed gegaan. Die etiese benadering van die mens wat die oorheersende beskouing in Europa was en tot in die vyftigerjare ook nog in Amerika gefigureer het, is daarna geheel en al verdring. In dié lig kan ons verstaan dat die huwelik seks geword het en dat in die openbare lewe nie meer die etiese, selfs nie meer die humane die deurslaggewende faktor is nie, maar die materialistiese en die biologiese.

Op die gebied van die lektuur het Amerika 'n onuitputlike bron geword van geskrifte wat afgestem is op die laagste drifte van die mens: die sensasionele, die misdadige, die sensuele, die seksavontuurlike en -perverse, tans die ruimtespekulatiewe, ens. En hierdie dinge word met 'n ongekende psigologies-doeltreffende reklame opgedis.

Op die gebied van die film het Amerika tegnies baanbrekerswerk ver= rig. Ongekende prestasies is behaal. Maar vir ongetwyfeld die

grootste deel word dit op die huidige dag in diens van die gruwelikste immoraliteit gestel. Die leuen, die oneerlikheid, die geweld, die dierlikheid, die misdaad, die „Wilde Weste"-skietmentaliteit en veral die seksualistiese is in die filmskynwêreld aan die orde van die dag. Dat hierdie en ander kommunikasiemedia onwillekeurig 'n dekadente invloed op die sosiale lewe uitoefen en tot 'n groot mate uitgeoefen het, is nie alleen voor-die-hand-liggend nie, maar ook 'n voldonge feit wat deur opvoedkundiges wetenskaplik bewys is.

Mens sou nog veel ander, miskien meer subtieler beïnvloeding kan aanwys: die verpsigologisering van die lewe, waarin die psigoanalise en „behaviourisme" sonder geloofsbindinge 'n groot rol speel; die „mental health"-kampanjes; die toepassing van 'n verskeidenheid van tegnieke selfs op vlakke waar dit alle egtheid deurbreek soos in liefdesverhoudinge en in sosiale omgang; die neiging tot die skouspelagtige, die uitwendige vertoon, die spektakulêre wat alleen maar oppervlakkigheid in die hand werk.

Al hierdie bogenoemde sake laat 'n patroon voor 'n mens oprys wat gesien moet word as die tipiese Amerikaanse vorm van konsekwente Humanisme, en dit kan, soos allerweë reeds erken word, „The American way of life" genoem word.

Vanuit die Christelike standpunt beoordeel, sê ons uiteraard „nee" teenoor 'n lewens- en wêreldvisie en -praktyk wat op pragmatisme, tegnisisme en korporatiewe liberalisme gebaseer is. Die natuurbeheersing deur die humanistiese mens het homself gewreek. Omdat die vertikale dimensie in die mens se strewe na ordening van die

natuur ontbreek het, het hy slaaf geword van die vergoddelikte natuur, die Tegniek, en hy moes sy menslikheid inboet. So het die uiterste konsekwensie van die Humanisme die dehumanisering van die mens te weeggebring. Die opperste triomf van die Humanisme het, ironies genoeg, die neerlaag van die mens beteken. Dit is geen wonder dat daar 'n reaksie gekom het nie. Tot 'n groot mate is die reaksie vergestalt in die radikale optrede van die polities-georiënteerde studenteaktiviste en die kultureel-georiënteerde Hippies. Hulle het per slot van rekening teen die „Establishment" met sy korporatiewe liberalisme in opstand gekom.

By die evaluering van studenteaktivisme in die laaste hoofstuk, sal ons egter sien dat dit, soos dit gewoonlik by reaksionêre verskynsels voorkom, oorgeslaan het tot die ander uiterste. Ook daarteenoor sal ons 'n felle „nee" moet laat hoor. Per slot van rekening het dit met dieselfde grondmotiewe van die Humanisme gaan opereer. Dit kan dus geen oplossing bied nie. Die reaksie het ingehou: bandeloosheid, 'n vryheid met verwerping van alle outoriteit, 'n liberalisme waarin die mens uitgelewer is aan anargie.